# JEUGMISDAAD. 'N PSIGOLOGIESE ONDERSOEK

deur

Daniël Andreas Louw

Proefskrif voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad Doctor Philosophia (Psigologie) in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Promotor:
Prof. dr. L.A. Gouws

Augustus 1975

Opgedra aan Anet en Antoinette

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van die koste van hierdie navorsing word hierby erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weer=gawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

# VOORWOORD

Hiermee wil ek my dank en waardering betuig teenoor almal wat direk of indirek tot die samestelling van hier=die proefskrif bygedra het. In die besonder:

Prof. dr. L.A. Gouws, my promotor, vir sy bekwame leiding, waardevolle wenke en opbouende kritiek.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hul fi=nansiële steun, asook die nasien en statistiese verwerking van sekere meetinstrumente.

Dr. H.S. Steyn van Dept. Statistiek (P.U. vir C.H.O.) vir sy raad en hulp ten opsigte van sommige statistiese verwerkings.

Die proefpersone vir hul samewerking en die hoofde van die inrigtings vir hul bereidwilligheid om hulp te verleen.

My vrou Anet vir haar deurentydse belangstelling, aan=moediging en hulp.

Dr. D.J. Pretorius van die R.G.N. vir sy hulp met die taalkundige versorging.

Alle eer en erkenning aan my Skepper.

Potchefstroom
Augustus 1975

D.A. Louw

## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK I

Bladsy

### DOELSTELLING EN LITERATUUROORSIG


1.1 DOELSTELLING 11

1.2 LITERATUUROORSIG 12
1.2.1 BIO-FISIESE DETERMINANTE 13
1.2.1.1 Oorerwing 13
1.2.1.2 Konstitusie 19
1.2.1.3 Fisiese Siektes en Defekte 22
1.2.1.4 Neurologiese Versteurings 25
1.2.1.5 Endokriene Versteurings 26
1.2.1.6 Chromosoomabnormaliteite 30

1.2.2 SOSIO-KULTURELE DETERMINANTE 32
1.2.2.1 Gesinsonvolledigheid 33
1.2.2.2 Die Morele Peil van die Gesin 36
1.2.2.3 Gemengde Ouerhuise 38
1.2.2.4 Gebrekkige Dissipline 39
1.2.2.5 Die Welstandspeil van die Gesin 41
1.2.2.6 Vriende 44
1.2.2.7 Gesinsmobiliteit 46
1.2.2.8 Die Skool 47

1.2.3 PSIGOLOGIESE DETERMINANTE 50
1.2.3.1 Navorsingsresultate van bepaalde Ondersoekers 50
(a) S. en E.T. Glueck 50

Bladsy

(b) P.M. Robbertse 54
(c) P.R. Smith 56
(d) J.H. de la Rey 60
(e) D.J. Steenekamp 61
(f) D.A. Louw 64

1.2.3.2 Die kriminogene Betekenis van Psigopatologiese Toestande 65

(a) Die Psigoses en Organiese Breinversteurings 66
(i) Skisofrenie 66
(ii) Paranoia 68
(iii) Manies-depressiwiteit 69
(iv) Epilepsie 70
(v) Alkoholpsigoses 71
(b) Die Neurotiese Toestande 72
(c) Psigopatie 74
(d) Defektiewe Intellektuele Vermoë 76

1.3 SAMEVATTING 76

HOOFSTUK II

METODE VAN ONDERSOEK

2.1 DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS 78

2.2 DIE MEETINSTRUMENTE 80
2.2.1 BIOGRAFIESE GEGEWENS 80
2.2.2 DIE NSAG 81
2.2.2.1 Agtergrond 81
2.2.2.2 Doel 82

Bladsy


2.2.2.3 Beskrywing 83
2.2.2.4 Betroubaarheid en Standaardmetingsfout 84
2.2.2.5 Geldigheid 86
2.2.2.6 Motivering vir Insluiting 87

2.2.3 DIE PHSF 88
2.2.3.1 Agtergrond 88
2.2.3.2 Doel 88
2.2.3.3 Rasionaal 88
2.2.3.4 Komponente 89
2.2.3.5 Beantwoording 92
2.2.3.6 Toetstyd 92
2.2.3.7 Nasien 93
2.2.3.8 Betroubaarheid en Standaardmetingsfout 93
2.2.3.9 Geldigheid 95
2.2.3.10 Motivering vir Insluiting 97

2.2.4 DIE 16-PF 97
2.2.4.1 Beskrywing 97
2.2.4.2 Betroubaarheid en Geldigheid 105
2.2.4.3 Motivering vir Insluiting 107

2.2.5 DIE TAT 107
2.2.5.1 Agtergrond 107
2.2.5.2 Beskrywing 108
2.2.5.3 Rasionaal 108
2.2.5.4 Toepassing in huidige Ondersoek 113
2.2.5.5 Betroubaarheid 116
2.2.5.6 Geldigheid 116
2.2.5.7 Motivering vir Insluiting 117

Bladsy

2.3 STATISTIESE VERWERKING VAN RESULTATE 118

2.4 BEGRIPSBEPALING 120
2.4.1 Misdaad en Misdryf 120
2.4.2 Jeugmisdadiger en Jeugoortreder 121
2.4.3 Verbeteringskool 121
2.4.4 Wangedrag 122

2.5 SAMEVATTING 122

HOOFSTUK III

RESULTATE EN BESPREKING

3.1 INLEIDING 124

3.2 BIOGRAFIESE GEGEWENS 125
3.2.1 OUDERDOM EN OORTREDERSLOOPBAAN 125
3.2.1.1 Ouderdom 125
3.2.1.2 Oortredersloopbaan 127
(a) Ouderdom tydens eerste Oortreding 128
(b) Aard van Oortredings 131
(c) Die Rol van Groepvorming by misdaadpleging 132

3.2.2 DIE GESINSLEWE 136
3.2.2.1 Anti-sosiale Gedrag van die Ouers 137
3.2.2.2 Nasionaliteits- en/of Godsdiensverskille 141
3.2.2.3 Gesinsonvolledigheid 143
3.2.2.4 Stiefverhoudings 147

Bladsy


3.2.2.5 Loonarbeid van die Moeder 150
3.2.2.6 Gesinsmobiliteit 153

3.2.3 SAMEVATTING 154

3.3 RESULTATE VAN DIE NSAG 155
3.3.1 Inleiding 155
3.3.2 Die Intelligensie van die twee groepe 157
3.3.3 Die Skolastiese Prestasies van die twee groepe 165
3.3.3.1 Onderwyspeil en Skoolvertraging 165
3.3.3.2 Stokkiesdraai 168
3.3.4 Samevatting 170

3.4 RESULTATE VAN DIE PHSF 171
3.4.1 Inleiding 171
3.4.2 Die PHSF-resultate van die twee groepe 172
3.4.3 Samevatting 184

3.5 RESULTATE VAN DIE 16-PF 187
3.5.1 Inleiding 187
3.5.2 Die 16-PF-resultate van die twee groepe 187
3.5.3 Samevatting 202

3.6 RESULTATE VAN DIE TAT 204
3.6.1 Inleiding 204
3.6.2 Ouer-kindverhoudings 205
3.6.3 Verhouding tussen die Ouers 220
3.6.4 Heteroseksuele Verhoudings en Aggressie 223
3.6.5 Misdaadresponse 227

Bladsy

3.6.6 Samevatting 230

3.7 'N SAMEVATTENDE PERSOONLIKHEIDSBEELD VAN DIE JEUGOORTREDER 232


HOOFSTUK IV

SAMEVATTING

4.1 DOELSTELLING 238
4.2 LITERATUUROORSIG 238
4.3 METODE VAN ONDERSOEK 239
4.3.1 Die Oortreders en Nie-oortreders 239
4.3.2 Die Meetinstrumente 240
4.4 DIE BELANGRIKSTE BEVINDINGS 240
4.4.1 Die Biografiese Gegewens 240
4.4.2 Die NSAG 241
4.4.3 Die PHSF 242
4.4.4 Die 16-PF 243
4.4.5 Die TAT 245
4.4.6 'n Samevattende Persoonlikheidsbeeld van die Jeugoortreder 246
4.5 SLOTGEDAGTE 246

BIBLIOGRAFIE 248

BYLAE: Biografiese Vraelys 260

OPSOMMING IN ENGELS 265

# LYS VAN TABELLE


| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | Misdadige gedrag by Tweelinge | 18 |
| 2 | Die Voorkoms van Gesinsonvolledigheid by Jeugoortreders | 34 |
| 3 | Betroubaarheid en Standaardmetingsfout van die NSAG | 86 |
| 4 | Betroubaarheid en Standaardmetingsfout van die PHSF | 94 |
| 5 | Die Geldigheid van die PHSF op grond van z-waardes | 96 |
| 6 | Verkorte Beskrywing van die 16 Persoonlikheids=faktore gemeet deur die 16-PF | 99 |
| 7 | Die Ouderdomsverdeling van die Oortreders en Nie-oortreders | 126 |
| 8 | Die Aard van die Oortredings van die Oortreders | 131 |
| 9 | Die Omvang van Gesinsmobiliteit by die Oortre=ders en Nie-oortreders | 153 |
| 10 | 'n Kategoriale Indeling van I.K.-verspreiding | 158 |
| 11 | Die Nie-verbale I.K.-tellings van die Oortre=ders en Nie-oortreders | 159 |
| 12 | Die Verbale I.K.-tellings van die Oortreders en Nie-oortreders | 160 |
| 13 | Die Totale I.K.-tellings van die Oortreders en Nie-oortreders | 161 |
| 14 | Die Onderwyspeil van die Oortreders en Nie-oortreders | 166 |
| 15 | Die PHSF-resultate van die Oortreders en Nie-oortreders | 173 |

| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 16 | Die 16-PF-resultate van die Oortreders en Nie-oortreders. | 188 |

# LYS VAN DIAGRAMME

DIAGRAM | BLADSY


1 Die Ouderdomsverspreiding van die Oortreders tydens die eerste Oortreding 129

2 Die Rol van Groepvorming by die Misdaadpleging van die Oortreders 134

3 Die Anti-sosiale Gedrag van die Ouers van die Oortreders en Nie-oortreders 138

4 Die Aanwesigheid van Nasionaliteits- en/of Godsdiensverskille by die Ouers van die Oortreders en Nie-oortreders 142

5 Die Omvang van Gesinsonvolledigheid by die Oortreders en Nie-oortreders 144

6 Die Voorkoms van Stiefverhoudings by die Oortreders en Nie-oortreders 148

7 Die Omvang van Loonarbeid van die Moeder by die Oortreders en Nie-oortreders 151

8 Die Omvang van Skoolvertraging by die Oortreders en Nie-oortreders 167

9 Die Omvang van Stokkiesdraai by die Oortreders en Nie-oortreders 169

10 Die Moeder-seunverhouding by die Oortreders en Nie-oortreders 207

11 Die Seun-moederverhouding by die Oortreders en Nie-oortreders 210

12 Die Vader-seunverhouding by die Oortreders en Nie-oortreders 213

13 Die Seun-vaderverhouding by die Oortreders en Nie-oortreders 216

14 Die Verhouding tussen die Ouers van die Oor=

DIAGRAM | BLADSY

| DIAGRAM | | BLADSY |
|---|---|---|
| | treders en Nie-oortreders | 221 |
| 15 | Heteroseksuele Verhoudings en Aggressie by die Oortreders en Nie-oortreders | 224 |
| 16 | Die Omvang van Misdaadresponse by die Oortreders en Nie-oortreders. | 228 |

# HOOFSTUK I

## DOELSTELLING EN LITERATUUROORSIG

### 1.1 Doelstelling

Min kontroversie kan vandag oor die aktualiteit van jeugmisdaad gevoer word. Inderwaarheid is alle geesteswetenskaplikes dit eens dat dit in een van dié aktuele gemeenskapsprobleme ontwikkel het. Hiermee wil die ondersoeker geensins beweer dat jeugmisdaad 'n nuwe probleem is nie. Inteendeel. Jeugmisdaad is vanaf die vroegste tye oorbekend maar dat dit in die tweede helfte van die huidige eeu 'n ongekende hoogtepunt bereik het, is ewe waar.

Daarom is dit eienaardig dat „despite a worldwide concern with the problem of delinquency, little systematic research addresses the problem directly" (Gold, 1970, p.v.). En nou is dit ongelukkig so dat hierdie stelling veral op Suid-Afrika van toepassing is - veral wat psigologiese navorsing betref. Die feit dat Suid-Afrika 'n daaglikse gevangenisbevolking van byna 100 000 het, en die algemeen aanvaarde aanname dat die bestryding van jeugmisdaad die beste teenvoeter vir volwasse misdaad is, vind skynbaar min inslag. Weliswaar het navorsers soos Willemse (1938), Geldenhuys (1960), Van Jaarsveld (1963) en Bester (1966) belangrike psigologiese bydraes op hierdie gebied gelewer. Omrede sodanige navorsing egter enersyds as ietwat verouderd en veral andersyds as die spreekwoordelike druppel in 'n emmer water beskou word, is Suid-Afri-

kaners grootliks op buitelandse navorsingsresultate aangewese. Daar toestande van land tot land verskil, kan dié navorsing nie altyd met vrug hier ter lande toegepas word nie. 'n Meer as net onbevredigende situasie het dus ontstaan.

Die doel van die huidige navorsing is dan om die gebrek aan psigologiese navorsing op die gebied van jeugmisdaad in Suid-Afrika enigsins aan te vul. Meer spesifiek sal die ondersoek psigo-krimogeen van aard wees, dit wil sê die klem sal op die oorsaaklikheidsverband val, met moontlike verklarings vir die waargenome verskynsels.

Die ondersoeker besef terdeë dat die huidige ondersoek hoegenaamd nie die hele veld van jeugmisdaad dek nie. So 'n taak val buite die grense van een proefskrif. Mag hierdie projek egter ander navorsers stimuleer tot navorsing van die verskillende aspekte van dié aktuele sosiale probleem. Sodanige spanpoging kan alleen lei tot beter insig in en 'n gevolglike meer effektiewe bekamping van jeugmisdaad.

## 1.2 Literatuuroorsig

Pieterse (1957, p.9) konstateer tereg dat „wanneer 'n navorser 'n vraagstuk vir ondersoek gekies het, is sy eerste taak om hom so goed moontlik ten opsigte van hierdie gebied te oriënteer. Dit is noodsaaklik dat hy 'n deeglike studie sal maak van alle literatuur wat oor die probleem handel of in verband daarmee staan". Gesien in die lig dat die etiologie van jeugmisdaad nie alleen soveel uiteen-

lopende menings uitlok nie, maar ook so diffuus in die literatuur aangetref word, vind die ondersoeker dit vervolgens belangrik om die vernaamste etiologiese determinante op 'n sistematiese wyse aan te bied.

### 1.2.1 Bio-fisiese determinante

#### 1.2.1.1 Oorerwing

Die twisgeskil oor die rol van oorerwing in die bepaling van menslike gedrag - en gevolglik ook van jeugmisdaad - is nog lank nie uitgewoed nie. Die eensydigheid waarmee hierdie probleem deur verskillende wetenskaplikes benader word, word goed deur die bekende psigoloë Mussen, Conger en Kagan (1969, p.34) geïllustreer waar hulle die volgende uitsprake aanhaal:

„Heredity and not environment is the chief maker of man ....... Nearly all the misery and nearly all the happiness in the world are due not to environment .... The differences among men are due to differences in the germ cells with which they were born".

teenoor

„Give me a dozen healthy infants, well formed and my own specified world to bring them up in and I'll guarantee to take any one at random and train him to become any type op specialist I might select - doctor, lawyer, merchant, chief, and yes, even beggar-man and thief, regardless of his talent, peculiarities, tendencies, abilities, vocations

and race of his ancestors. There is no such thing as an inheritance of capacity, talent, temperament, mental constitution and characteristics".

Gelukkig het die Nederlandse psigoloog Kuypers (1936, pp.33 - 34) reeds in die dertigerjare die wind uit die seile van hierdie ekstremiste geneem met sy verklaring dat „beide aanleg en milieu, die middelen die man bÿ de geboorte meekrÿgt zoowel als die mogelÿkheden ter ontplooiing die het milieu bied, bepalen tezamen den ontwikkelingsgang van elke mensch". Hy gaan voort en motiveer sy stelling doeltreffend met „Gelukkig is niet alles door overerwing vasgelegd. Ware dit zoo, dan zou elke opvoeding zinloos zÿn. Dan kan de mensch schlechts worden wat hy eigentlik al was, en veranderen kan man daaraan niets. Omgekeerd: werkten er geen erfelÿkheidsfactoren, dan waren de mogelÿkheden der paedagogische beïnvloeding onbegrensd en kon man van ieder maken, wat man wenschte. Ewenwel: ook dat is niet het geval".

In die lig van Kuypers se uiteensetting - en dit is ook die huidige ondersoeker se siening - kan dus gekonkludeer word dat oorerwing wel in 'n mindere of meerdere mate 'n aandeel het in die gekompliseerde geheel wat die menslike persoonlikheid vorm en wat sy gedrag, hetsy normaal of afwykend, bepaal. Geen eksakte formule kan egter daargestel word wat die kwantitatiewe en kwalitatiewe bydrae van oorerwing by die mens bepaal nie. Die aandeel van oorerwing moet altyd gesien word binne die raamwerk van die unieke persoonlikheid van elke mens.

Binne dié konteks ontstaan nou die kernvraag: wat is die rol van oorerwing by jeugmisdaad soos gevind deur onderskeie navorsers?

Aan die hand van Kisker (1964) kan die rol van oorerwing by afwykende gedrag hoofsaaklik deur middel van drie navorsingsmetodes bepaal word: die familiegeskiedenis-metode, die metode van statistiese voorspelling en die tweelingstudie-metode. Aan die hand van hierdie metodes, sal vervolgens gepoog word om die belangrikste bevindings van ondersoekers van die genoemde verband weer te gee.

Verskeie navorsers soos Dugdale, Estabrook, Davenport en Goddard het die familiegeskiedenis-metode gebruik om die rol van oorerwing in die etiologie van misdaad te bewys (Mannheim, 1966). Die bekendste van hierdie ondersoeke is dié van die Juke-familie deur Dugdale wat met 'n opvolgstudie deur Estabrook afgesluit is. Die navorsing het oor 73 jaar gestrek en het 1 200 nakomelinge van die familie betrek. Van die genoemde aantal afstammelinge is 140 weens 'n misdaad veroordeel, onder andere 7 vir moord, 60 vir diefstal en 50 vir prostitusie. Gepaardgaande hiermee was lewenspatrone soos armoede en buite-egtelikheid by die Jukes aan die orde van die dag (Bloch en Flynn, 1966). Die interpretasie van die Juke-ondersoek as sou dit 'n bewys wees van die belangrike rol van oorerwing, staan egter op onvaste bene. So sê Mannheim (1966, p.229) dat „family histories of this type are not convincing evidence because the families selected are entirely unrepresentative and because the material collected is incomplete and not tested in accordance with

modern scientific methods. At the crucial time when the founders of the families lived, reliable information on their biological constitution was not available, and the research done at some later period could not satisfactorily fill the original gap". Die belangrikste kritiek teen sodanige familie-studies is sekerlik dat die rol van omgewingsfaktore buite rekening gelaat word. Met ander woorde, die ongunstige milieu waarin die afstammelinge van byvoorbeeld die Juke-familie opgegroei het, kan net sowel as primêre etiologiese determinant beskou word. As bewys van hierdie siening wat terselfdertyd dien as teenvoeter teen die geldigheid van familiestudie-navorsing, word verwys na die ondersoek van Dahlstrom. Hy het naamlik die verslae van 'n „misdadige familie" oor vier generasies bestudeer en die volgende bevind: meer kinders wat voor sewejarige ouderdom van die familie weggeneem is, het gerespekteerde gemeenskapslede geword as kinders wat ná die ouderdom van sewe weggeneem is (Sutherland en Cressey, 1970).

Wat die metode van statistiese voorspelling betref, is veral die navorsing van Goring (1913) prominent. Hoewel die ondersoek meer as sestig jaar gelede gedoen is, word dit steeds gedurig as verwysingsbron deur die voorstanders van die statistiese voorspellingsmetode gebruik. Goring het naamlik bevind dat die misdaad van vader en seuns korreleer met 'n koëffisiënt van ,60 wat byna dieselfde is as die koëffisiënt vir fisiese eienskappe soos liggaamslengte, lengte van voorarms en kleur van oë. Broers het 'n korrelasiekoëffisiënt van ,45 ten opsigte van misdaad gehad wat eweso ooreengestem het met dié van fisiese eienskappe. Op grond van hierdie bevinding

kom Goring tot die gevolgtrekking dat „Crime is only to a trifling extent (if to any) the product of social inequalities, of adverse environment or of other manifestations of .......... the force of circumstances" (Goring, 1913, p.371). Vele kritiek is egter mettertyd teen die bevindings van Goring ingebring, wisselende van „He did not measure the influence of environment" (Sutherland en Cressey, 1970, p.115) tot „ ......... twisting the results of his investigation to make them conform to his bias" (Hooton, soos aangehaal deur Mannheim, 1966, p.228). Dit blyk dus dat ook hierdie metode van navorsing tot dusver gefaal het om die onbetwiste rol van oorerwing in die veroorsaking van jeugmisdaad te bewys.

Die navorsingsmetode wat deesdae die meeste voorrang geniet by die bestudering van die oorerwingsfaktor is die tweelingstudie-metode. Die belangrikste navorsing op hierdie terrein is gedoen deur Lange (1929), Legras (1932), Kranz (1936), Stumpfl (1963) en Rosanoff (1934). Hul bevindings word vervolgens in tabelvorm weergegee.

TABEL 1

MISDADIGE GEDRAG BY TWEELINGE

| Ondersoeker | Monosigotiese Tweelinge | | Disigotiese Tweelinge | |
|---|---|---|---|---|
| | Kon-kordansie | Diskon-kordansie | Kon-kordansie | Diskon-kordansie |
| Lange | 10 | 3 | 2 | 15 |
| Legras | 4 | 0 | 0 | 5 |
| Kranz | 20 | 12 | 23 | 20 |
| Stumpfl | 11 | 7 | 7 | 12 |
| Rosanoff | 25 | 12 | 5 | 23 |
| Totaal | 70 | 34 | 37 | 75 |
| % | 67,3 | 32,7 | 33,0 | 67,0 |

Oorgeneem uit: Bloch en Flynn, Delinquency 1966, p.107

Uit Tabel 1 blyk dit dat van die 104 pare monosigotiese (identiese) tweelinge betrokke by die vyf ondersoeke 67,3% konkordant (beide misdadig) was. Alleenlik 32,7% was diskonkordant (een lid van die tweeling wetsgehoorsaam). By die 112 pare disigotiese tweelinge was die bevindings feitlik net omgekeerd: 33% was konkordant en 67% diskonkordant. Op die oog af wil dit dan voorkom asof die tweelingstudie-metode onbetwisbaar die prominente rol van oorerwing daarstel. Van nader beskou blyk dit egter dat die tweelingstudie-metode egter nie van onbesproke betroubaarheid is nie - „Like the study of family trees,

the study of twins has not succeeded in proving that criminality is inherited", aldus Caldwell (1965, pp.222 - 223). Die volgende is die vernaamste besware wat teen bogenoemde tipe navorsing ingebring word: (1) te min tweelingstudies is tot dusver uitgevoer met die gevolg dat die resultate nie as verteenwoordigend van die bevolking beskou kan word nie; (2) die groepe tweelinge was te klein, wat meebring dat slegs 'n geringe verandering in die waargenome gedrag die hele prentjie kan verander; (3) die klassifikasie van tweelinge in monosigoties en disigoties kan in baie gevalle bevraagteken word; (4) die omgewingsfaktor is in die meeste gevalle misgekyk, soos byvoorbeeld die feit dat monosigotiese tweelinge in 'n groter mate as disigotiese tweelinge eenders opgevoed word en hulle dus onder andere nader aan mekaar in hul sosiale aktiwiteite staan. Uit dié punte van kritiek word dit duidelik waarom Wheelan (1951, p. 130) „the difficulties of drawing unequivocal conclusion from twin research" beklemtoon en waarom Eysenck (1965, p.55) verklaar dat „These results ...... do not enable us to say ........ that crime is indeed destiny".

Daar kan derhalwe duidelik uit die literatuur afgelei word dat die bydrae van oorerwing in die etiologie van jeugmisdaad nog geen besliste punt bereik het nie. Dat oorerwing wél 'n rol speel, word geredelik aanvaar, maar wat spesifiek, soos reeds genoem, die kwalitatiewe en kwantitatiewe bydrae is, bly steeds 'n ope vraag.

1.2.1.2 Konstitusie

Die vraag of daar 'n etiologiese verband tussen konstitusie en misdaad bestaan, is al deur verskeie ondersoekers nagevors.

So het die Italiaanse psigiater Lombroso aan die begin van die eeu beweer dat misdadigers spesifieke uiterlike kenmerke besit (Cavan, 1969). Die belangrikste van hierdie kenmerke, aldus Lombroso, is: 'n lae, terugwykende voorkop; groot kake- en wangbene; harigheid; groot ore; ruie wenkbroue; skewe neus en 'n groot spanwydte van die arms. Hoewel Lombroso se teorie later deur ondersoekers soos veral Goring (1913) verkeerd bewys is, het dit tog 'n verreikende gevolg gehad: die stimulering van ander ondersoekers om die wisselwerking tussen persoonlikheid en konstitusie na te vors. In dié verband is dit die werke van Kretschmer (1925) en Sheldon (1942) wat uittroon.

Kretschmer onderskei die volgende liggaamsboutipes: die leptosoom (asteniese tipe), die atletiese tipe en die pikniese tipe. Die eienskappe van die tipes is kortliks soos volg: Die leptosoom het 'n lang, skraal liggaamsbou en is teruggetrokke en ongesellig; die atletiese tipe het 'n gespierde atletiese liggaamsbou en het net soos die leptosoom 'n skisoïde ingesteldheid; die pikniese tipe is kort en geset en is vriendelik en sosiaal. Kretschmer maak eweso melding van 'n vierde tipe, die displastiese tipe, wat gekenmerk word deur 'n atipiese liggaamsbou as gevolg van klierversteurings.

Navorsers wat Kretschmer se klassifikasie op misdadigers

toegepas het, is dun gesaai. Weliswaar het ondersoekers Boehmer, Blinkov, Kinberg (soos aangehaal deur East, 1951) en Venter (1952) gevind dat leptosome en veral atletiese tipes in groter mate onder misdadigers aangetref word as die pikniese tipe (wat relatief min aangetref word). Dié bevindings is egter so vaag en nie-verklarend dat Sutherland en Cressey (1970, p.119) tereg verklaar dat: „thus so far no relationship has been found between his (Kretschmer) body types and criminal behavior".

Sheldon weer het onderskei tussen die endomorf, die mesomorf en die ektomorf. Breedweg gesien, kom dié drie tipes onderskeidelik ooreen met Kretschmer se pikniese tipe, atletiese tipe en leptosoom. In 'n latere werk, Varieties of Delinquent Youth (1949), het Sheldon self sy tipologie op 200 manlike jeugoortreders in Boston toegepas. Die bevinding was dat die mesomorf die meeste en die ektomorf die minste onder jeugmisdadigers voorkom. Die kontrolegroep het 'n meer eweredige verspreiding tussen mesomorfie en ektomorfie getoon. Die Gluecks (1957) het Sheldon se klassifikasie in hul ondersoek van 500 jeugoortreders en 500 nie-oortreders gebruik en eweso tot die gevolgtrekking geraak dat mesomorfie en ektomorfie onderskeidelik meer en minder by die oortreders as by nie-oortreders aangetref word. In teenstelling met Sheldon en die Gluecks kon Boshes, Kobrin, Reynolds en Rosenbaum (soos aangehaal deur Bloch en Flynn, 1966) geen beduidende verskille tussen 4 000 blanke jeugoortreders en 'n kontrolegroep aantref nie.

Sheldon se tipologieë het 'n storm van kritiek teen die kon-

stitusieleer laat losbars (vergelyk Du Toit en Geldenhuys, 1971; West, 1967; Suinn, 1970). So is beweer dat die uniekheid van die mens hom nie tot klassifikasie leen nie; die mens se liggaamsbou verander immers met 'n toename in ouderdom; so byvoorbeeld is 'n jeugdige se liggaam nog nie volgroei nie, terwyl vetsug toeneem namate die persoon ouer word. Die metode van liggaamsboumeting is verder te uiteenlopend om tot 'n gefundeerde slotsom te raak (Sheldon het byvoorbeeld sy afleidings vanaf foto's gemaak terwyl ander X-straalfoto's gebruik het). So ook kan temperament en karakter net sowel die liggaamsbou beïnvloed en nie noodwendig omgekeerd nie.

In die lig van bogenoemde kritiek is dit verstaanbaar waarom Vold (1973, p.74) hom so kras uitdruk: „Physical type theories turn out to be a more or less sophisticated form of shadow-boxing with a much more subtle and difficult to get at problem, namely, that of the constitutional factor in human behavior. There is no present evidence at all of physical type, as such having any consistent relation to ....... crime". Thorpe, Katz en Lewis (1961, p. 34) het egter 'n meer gematigde en realistiese siening: „.......... at least in a gross sense a relationship exists between body build and temperament. Whether or not this is a direct causative relationship has not as yet been completely established; this is an area which is in need of further investigation".

### 1.2.1.3 <u>Fisiese Siektes en Defekte</u>

Sedert die Engelse psigoloog Burt (1961) bevind het dat

70% van die jeugoortreders in sy ondersoekgroep onder fisiese siektes en defekte soos ondervoeding, geslagsiekte, rumatiek, hartprobleme asook oog-, gehoor- en spraakgebreke gebuk moes gaan, het verskeie ondersoekers gepoog om die etiologie van jeugmisdaad aan die hand van hierdie faktore te verklaar.

Benewens Burt het Waite (soos aangehaal deur Shulman, 1961), Reckless en Smith (1932) en Slawson (soos aangehaal deur Bloch en Flynn, 1966) inderdaad bevind dat soortgelyke fisiese siektes en defekte meer onder jeugoortreders as nie-oortreders aangetref word. Getrou aan die geesteswetenskaplike tradisie, is egter ook die teendeel bewys. Hier word veral verwys na die navorsing van Healy en Bronner (1939) wat bevind het dat jeugoortreders in 'n beter fisiese toestand was as 'n kontrolegroep skoolkinders. Ander ondersoekers soos die Gluecks (1957, p.181) konstateer ná hul wêrelwye erkende ondersoek weer: „Summerizing the findings of the medical examination of the delinquents and non-delinquents, we see that the view that delinquents are in poorer health than non-delinquents receives no support. Very little if any, difference exists between the physical condition of the two groups as a whole"..

Behalwe dat ondersoeke mekaar in hierdie verband weerspreek, met die gevolg dat geen besliste slotsom bereik kan word nie, is vele kritiek teen die betroubaarheid van sodanige navorsing ingebring. Wootton (1967, p.123) waarsku tereg dat „material on the physical health of delinquents is exceptionally difficult to organize; for

there are no norms by which comparative judgments can be made; and assessments that are not based on care=ful medical examination are of little value". Veral die laaste gedeelte van Wootton se stelling is 'n uitstekende punt van kritiek teen die genoemde navorsing. Uit eie on=dervinding kan ondersoeker getuig dat misdaadnavorsers in Suid-Afrika meestal genoop word om van mediese ver=slae gebruik te maak wat nie alleen onvolledig is nie, maar ook die indruk skep dat die ondersoek van blote roetine-aard was. Ook in die buiteland word dieselfde omstandighede skynbaar dikwels aangetref, want Bagot (1941, p.107) verklaar dat, weens onvolledige materiaal, „(it was) not possible to draw very definite conclusions". Ook Mannheim (1940, p.50) waarsku dat sy gegewens met versigtigheid geïnterpreteer moet word, want behalwe dat mediese verslae vir alleenlik die helfte van sy ondersoek=groep beskikbaar was, was die inligting wat wel beskik=baar was „frequently several years old". Alvorens on=dersoeke van hierdie aard nie op 'n betroubaarheidsgrond=slag berus nie, sal daar nie uitsluitsel gegee kan word oor die rol van fisiese siektes en gebreke in die etiologie van jeugmisdaad nie.

Aan die ander kant kan geensins ontken word dat genoem=de determinante wel in sekere gevalle tot misdaad kan lei nie. So verklaar Barnes en Reinemann (1951, p.101) dan ook onder andere met reg dat „Unusually short stature, skin blemishes, crippled arms and legs, oversized ears, poor eyesight, abnormal obesity, ........ to mention only a few, are likely to cause serious handicaps in children at a period in their lives when status within the group

plays an important role. Compensatory behavior often develops in such a manner that forms of delinquency result". Die feit dat daar nietemin duisende jeugdiges met fisiese siektes en gebreke is wat nooit in die misdaat verval nie, bewys dat dit meer die uitsondering as die reël is en dat geen etiologiese teorie hieruit geformuleer kan word nie.

### 1.2.1.4 Neurologiese Versteurings (E.E.G.-ritmes)

Nadat Berger (soos aangehaal deur Thatcher, 1965) in die twintigerjare ontdek het dat karakteristieke breinritmes deur die elektro-enkefalograaf (E.E.G.) gemeet kan word, het dit nie lank geduur voordat ondersoekers die E.E.G. betrek het in hul verklaring van misdaad nie.

Gibbs, Bagchi en Bloomberg (1945, p.297) het 452 misdadigers vergelyk met 1 432 nie-oortreders en tot die gevolgtrekking gekom dat „when age factors and sampling errors are controlled there are no significant differences between the two groups". Schwade en Geiger (soos aangehaal deur Suinn, 1970) het weer afwykende ritmes by 435 uit 'n groep van 623 jeugmisdadigers aangetref. Hill en Pont (1952), na hul studie van 105 moordenaars verklaar dat van die moordenaars wat gemotiveerde dade gepleeg het, slegs 10% abnormale EEG-ritmes vertoon het. Daarenteen is by meer as die helfte van die irrasionele moordenaars afwykings gevind. Loomis (1965) kon ook nie EEG-verskille tussen 100 jeugoortreders en 'n kontrolegroep aantref nie. Nadat hy 50 oortreders uit sy groep op grond van eienaardige gedrag geselekteer het,

het die voorkoms van afwykende ritmes egter feitlik verdubbel. Ander navorsers het eweso by geselekteerde misdadigers, veral by psigopate, abnormale EEG-patrone aangetref. In dié verband verwys McCord en McCord (1964) na die ondersoeke van Silverman (1944), Ostrow en Ostrow (1946) en Ehrlich en Keoch (1956). Uit laasgenoemde ondersoeke het dit geblyk dat „die mees algemene EEG-abnormaliteit ...... bestaan uit oormatige stadige aktiwiteit wat veral 'n hoë persentasie teta-ritmes (dit is 'n ritme van 4 - 7 H2) insluit" (Roux, 1972, p.29).

Hoewel bogenoemde gegewens oënskynlik belowend vertoon, moet gewaak word teen oorhaastige gevolgtrekkings. So konstateer Sarason (1972, p.541): „These findings must be interpreted with caution for two reasons. One is that classification of criminals into subgroups, such as psychopaths, is subject to unreliability. The other is that since the EEG is not yet a highly standardized instrument, the interpretation of EEC-record may vary according to the judgment and approach of the interpreter".
Daarby waarsku West (1967, p.123) dat persone met „misdadige" EEG-ritmes nie noodwendig afgeskryf moet word nie, aangesien baie van hierdie abnormaliteite met die loop van jare stabiliseer. Hy kom daarna tot die realistiese slotsom, en daarmee kan volstaan word, dat „...... the details of these relationships (between anti-social behaviour and EEG) and their meaning in regard to cause an effect, have yet to be worked out" (p.123).

1.2.1.5 <u>Endokriene versteurings</u>

In die problematiese soektog na die etiologie van misdaad, het navorsing deur endokrienoloë nie agterweë gebly nie. Gesien in die lig dat endokriene kliere soos byvoorbeeld die tiroïed 'n belangrike rol in die menslike emosies speel, is die rede vir sodanige navorsing verstaanbaar.

Die bekende endokrienoloog Schlapp (soos aangehaal deur Tannenbaum, 1963, p.201) het die navorsingsbal in die twintigerjare aan die rol gesit met sy verklaring in 'n artikel dat „it would not surprise the writer if investigations were to reveal that a third of all present convicts were sufferers from ..... gland or toxic disturbances". Schlapp en Smith (1928) het later die bewering van eersgenoemde bevestig met hul bevinding dat meer as 'n derde van 20 000 gevangenes in hul ondersoek wel aan endokriene versteurings gely het. Healy en Bronner (1936) kon egter uit 105 jeugmisdadigers slegs 9 gevalle van endokriene versteuring aantref. Dit was nietemin meer as in die kontrolegroep waar net een sodanige geval gevind is. Bergman (soos aangehaal deur Vold, 1973) het in 'n ondersoek met 250 gevangenes en 'n kontrolegroep gevind dat endokriene versteurings twee tot drie keer by eersgenoemde as by laasgenoemde voorgekom het. By 'n groep jeugoortreders en 'n kontrolegroep wat by die ondersoek ingesluit is, het endokriene versteurings ook in dieselfde verhouding voorgekom. Gillin (1971, p.87) verwys na 'n interessante ondersoek van Rowe wat navorsing gedoen het op 650 jeugdiges „who were referred for diagnostic study because of observable evidence that suggested endocrine imbalance". Hiervan het 374 wel onder endokriene versteurings gebuk gegaan, terwyl die orige 276 aan ander

nie-verwante versteurings gely het. Daar is toe vasgestel dat 18% van die 374 en 13% van die 276 gedragsprobleme ondervind het. Die ondersoeker erken dan self dat sulke syfers nie afdoende is om 'n samehang tussen endokriene versteurings en wangedrag daar te stel nie.

Vir die huidige ondersoeker is een van die uitstaande leemtes op hierdie navorsingsgebied die feit dat min ondersoekers 'n illustrerende verband daarstel. Van die min uitsonderings is dié van Podolsky (1958) in 'n artikel met die vreemde naam van The Chemical Brew of Criminal Behavior. Hy beweer naamlik dat hipoglicemie, wat veroorsaak word deur oorafskeiding van insulien met 'n gevolglike tekort aan glukose in die bloed, nie vreemd by jeugoortreders is nie. So is gevalle aangetref van voedseldiefstal en veral lekkernye waar die primêre motief die behoefte was om die suikertekort aan te vul. Verkeersoortredings kan ook soms aan hipoglicemie toegeskryf word weens die verswakking van oordeel, sensoriese waarneming en motoriese reaksie. Daarby is aggressiewe misdrywe soos aanranding en moord kenmerkend van die oortreder wat 'n hipoglicemie-lyer is. Dit kan toegeskryf word aan simptome soos geïrriteerdheid, benewelde denke en 'n toename in aggressiewe gedrag wat tiperend van hipoglicemie is. 'n Tekort aan kalsium (as gevolg van hipoparatiroïedisme) hou volgens die genoemde ondersoeker eweso 'n kriminele predisposisie in. Omrede so 'n persoon maklik geïrriteerd en gefrustreerd raak deur voorwerpe en indiwidue in sy omgewing, is die moontlikheid van vandalisme, aanranding en selfs moord as reaksie nie uitgesluit nie. Podolsky verwys verder na ver-

skeie studies (ongelukkig sonder om die navorsers te meld) waar die etiologiese waarde van abnormale afskeidings van hormone soos tiroksien, die parathormoon, adrenalien en kortien sterk gesuggereer word. Net soos by hipoglice= mie en kalsiumtekort is die kousaliteit van dié hormone geleë in die lae frustrasie-toleransie wat deur versteurde afskeiding meegebring word.

Dat wanfunksionering van die gonadale (geslags-) kliere ook hul plek in die etiologie van jeugmisdaad vol staan, word deur Burt (1961) en Tappan (1949) beaam. Van hipogonadale afskeiding sê Tappan (pp.125 - 126) dat „The undersexed, hypogonadal male is under an especial handicap of the strong cultural derogation of effeminacy in men; such an individual is often socially isolated ...... and feels his inadequacy seriously. Through the intense social compulsions to masculinity he may be led to illegal sex behavior, crimes of bravado, even homocide". By hipergonadale afskeiding is dit vanselfsprekend dat die disharmonie tussen die bo-normale seksuele ontwikkeling en die psigiese onrypheid by die jeugdige maklik tot ver= leiding en seksuele wangedrag aanleiding kan gee.

Alvorens daar tot 'n definitiewe gevolgtrekking gekom word oor die verband tussen endokriene versteurings en mis= dadige gedrag moet in gedagte gehou word dat die volgen= de siening van Schlapp en Smith (1928, p.90) steeds geld: „Endocrine science is still in its infancy; that definite knowledge on many points is not yet in hand; that there are endless disputes and uncertainties; that various ex= periments have reported diametrically opposite results

from similar researches; and that positive or dogmatic statemanets are extremely perilous". Voeg hierby dat psigologiese disfunksies net sowel tot endokriene versteurings aanleiding kan gee as die beweerde vice versa en dit word duidelik waarom Ashley-Montagu volgens Schafer en Knudten (1970, p.250) konstateer dat die poging om kriminaliteit in 'n endokriene lig te verklaar, beskou kan word as „merely to attempt to explain the known by the unkown".

### 1.2.1.6 Chromosoomabnormaliteite

Navorsingsresultate van die afgelope dekade insake die rol van chromosoomabnormaliteite in die veroorsaking van misdaad, het hernude belangstelling in die bio-fisiese benadering tot gevolg gehad. Die primêre aanname wat gemaak is, is dat sommige misdadigers in plaas van die normale XY-kombinasie (by mans) oor abnormale chromosomale kombinasies, hoofsaaklik XYY, beskik. Hierdie Y-chromosoom (die sogenaamde XYY-kariotipe) sou dan die draer tot wangedrag predisponeer en selfs predestineer. In 1966 is die XYY-kariotipe selfs op sensasiewekkende wyse onder die publiek se aandag gebring met die verhoor van die berugte Richard Speck, moordenaar van agt verpleegsters in Chicago, waartydens beweer is dat hy 'n klassieke XYY-geval is.

Volgens Griffiths (1971) is die eerste XYY-anomalie in 1961 deur Sandberg, Koepf, Ishihara en Hauschka gerapporteer. 'n Jaar later het Court Brown (soos aangehaal deur Suinn, 1970) gemerk dat jeugmisdaad veelal onder

sy pasiënte met chromosoomafwykings voorkom. Dit was egter veral Jacobs en sy medewerkers (soos aangehaal deur Schafer en Knudten, 1970) wat in 1965 navorsers se belangstelling geprikkel het met hul bevinding dat 9 uit 315 misdadigers chromosomale afwykings gehad het. Wiener, Sutherland, Bartholomew en Hudson (1968) het laasgenoemde navorsing onderstreep met hul bevinding dat 3 uit 34 aangehoudenes in 'n Melbourne-gevangenis sodanige afwykings getoon het. Ook Casey en sy navorsingspan (1966) het by 18 van 124 misdadigers XYY-afwykings aangetref en Hunter (1968) by 3 van 1 021 jeugoortreders. Hierdie resultate kry veral betekenis wanneer dit gesien word in die lig van Hall Williams (1970) se bewering dat chromosoomafwykings in slegs 1 uit elke 2 000 gevalle in die normale bevolking verwag kan word.

Ondersoekers soos Price (1968), Hope, Philip en Laughran (1967) en Frossman (1970) het dieper gedelf en karakteristieke eienskappe van XYY-draers probeer vasstel. Die belangrikste gevolgtrekkings uit dié ondersoeke is dat persone met die XYY-anomalie neig tot elektrokardiogramversteurings, introversie en 'n lae selfwaardering, terwyl 'n ondergemiddelde intelligensievermoë nie vreemd is nie. Suinn (1970, p.83) meld ook dat „The presence of the extra Y chromosome also seems to be associated with tall stature, with the XYY men generally measuring well over six feet".

Is dit tans moontlik om op grond van bestaande navorsing tot 'n finale slotsom te kom oor die etiologiese betekenis van chromosoomafwykings? Volgens Kessler en Moos

(1970) nié, omrede navorsingsresultate mekaar nog te veel weerspreek. Daarby konstateer hulle: „To ascribe to a single chromosome specific behavioural effects fails to take account of a broad range of pertinent environmental factors and ignores the fact that the phenotype is the result of the total integrative properties of the genome interacting with the environment" (p. 167). Suinn (1970, p. 83) stem ook nie saam dat die laaste woord gespreek is nie en konkludeer: „Much more research is necessary before such a relationship can be considered a conclusive and invariant one".

Wanneer die voorafgaande bio-fisiese determinante in oënskou geneem word, is dit duidelik dat nie een sondermeer aan die etiologie van jeugmisdaad gekoppel kan word nie. Dit sal seer seker 'n oorvereenvoudiging van 'n komplekse vraagstuk wees. Die aanhangers van die bio-fisiese determinisme kan nietemin tot op 'n punt gelyk gegee word. Dit is dat bio-fisiese determinante 'n onderliggende predisposisie tot jeugmisdaad daar kan stel. Dit is egter geen predestinasie, soos sommige wil beweer, nie. Of dié latente potensiaal in anti-sosiale gedrag tot uiting gaan kom, is afhanklik van 'n reeks faktore waarvan die belangrikste die milieu is waarin die individu opgroei, aldus die Amerikaanse psigiater Halleck (1971). Die belangrikste determinante in die milieu wat òf weens 'n interaksie met die genoemde bio-fisiese faktore òf op sigself tot jeugmisdaad aanleiding kan gee, geniet dan vervolgens aandag.

### 1.2.2 Sosio-kulturele determinante

### 1.2.2.1 Gesinsonvolledigheid

Onder gesinsonvolledigheid word hoofsaaklik verstaan die verbreking of versteuring van die normale huweliks- en gesinsbande as gevolg van die afwesigheid van die vader en/of moeder weens omstandighede soos die dood en eg-skeiding of buite-egtelikheid.

„Of all the hypothesis as to the origin of maladjustment or delinquency, perhaps the most generally accepted is that which associates such social failure with the 'broken home'", aldus Wootton (1967, p.118). Wanneer daar na die bevindings van navorsers gekyk word, is Wootton se konstatering verstaanbaar. Die resultate van die vernaamste ondersoekers in dié verband word vervolgens in tabelvorm weergegee.

TABEL 2

DIE VOORKOMS VAN GESINSONVOLLEDIGHEID BY JEUGOORTREDERS

| Ondersoeker | Geslag | Jeugoortreders | | Kontrolegroep | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % |
| Burt (1929) | Beide | 197 | 57,9 | 400 | 25,7 |
| Shaw en Mckay (1932) | Seuns | 1675 | 42,5 | 7278 | 36,1 |
| Hodgkiss (1933) | Meisies | 362 | 66,8 | 362 | 44,8 |
| Weeks en Smith (1939) | Seuns | 330 | 41,4 | 2119 | 26,7 |
| Carr-Saunders et al (1944) | Seuns | 1955 | 28,5 | 1970 | 15,8 |
| Merrill (1947) | Beide | 300 | 50,7 | 300 | 32,0 |
| Glueck en Glueck (1950) | Seuns | 500 | 60,4 | 500 | 32,4 |
| Oltman et al (1952) | Beide | 90 | 47,7 | 230 | 32,2 |
| Nye (1958) | Seuns | 368 | 23,6 | 792 | 17,6 |
| | Meisies | 231 | 36,4 | 931 | 16,9 |

Oorgeneem uit: Schafer en Knudten: Juvenile Delinquency, 1970, p.194.

Uit Tabel 2 blyk dit duidelik dat gesinsonvolledigheid sonder uitsondering meer by jeugoortreders as by die kontrolegroepe aangetref is.

Die rede vir gesinsonvolledigheid se bydrae tot jeugmisdaad, wat deur ondersoekers soos Willemse (1939), Venter (1965), Cavan (1969) en Smith (1971) uiteengesit word, kan volgens die sosiale psigoloë Sargent en Williamson (1958, pp. 107 - 108) aan die volgende faktore toegeskryf word:

„1 Discord or conflict between parents in the period preceding separation or divorce.
2 Tension during visits to or from the separated parent.
3 The problem of adjusting to a stepparent if the child's own remaining parent remarries.
4 Loss of affectional contact and interaction with the departed parent and difficulty of adjusting exclusively to the other parent.
5 Degeneration of parental supervision when one parent has to assume the whole burden. (If the mother has to work, the whole pattern of parental responsibility breaks down).
6 Increased responsibilities for the children, especially the older ones, which means little time for recreation, and possibly leaving school and going to work.
7 Feeling of children from a broken home that they are different from, usually inferior to, children from normal homes, which accentuates feelings of inferiority and insecurity".

Hoewel die bevinding en motivering van bogenoemde ondersoekers die etiologiese waarde van gesinsonvolledigheid onbetwisbaar daarstel, moet navorsingsgegewens in dié

verband nogtans met versigtigheid hanteer word. So konstateer Mannheim (1966, p.618) dat „No other term in the history of criminological thought has been so much ..... misused and discredited as this". Die rede vir Mannheim se stelling spruit daaruit dat daar nog te veel hedendaagse navorsers is wat nie gebruik maak van kontrolegroepe wat verteenwoordigend van die bevolking is nie; dat die meeste ondersoekers die begrip gesinsonvolledigheid ongedefinieerd gebruik en/of nie duidelik onderskei tussen dood, egskeiding en buite-egtelikheid nie en dat die ouderdom van die kind tydens die breuk selde in ag geneem word.

1.2.2.2 Die morele peil van die gesin

Die morele peil van 'n gesin word in die reël gemeet aan die aanwesigheid al dan nie van drank- en dwelmiddelmisbruik, onsedelikheid en misdaad.

Betreffende drankmisbruik het Lund (1918) bevind dat 36% van die vaders en 6,4% van die moeders van sy jeugoortreders hulle aan drankmisbruik skuldig gemaak het teenoor die 8,1% van die vaders en 0,4% van die moeders by die kontrolegroep. Ook Burt (1961) het drankmisbruik byna drie keer meer in die ouerhuise van manlike jeugoortreders as by die kontrolegroep aangetref (6,5% teenoor 2,5%). Louw (1973) bevind dat 6% vader en/of moeders van jeugdige dwelmmiddelmisbruikers eweso dwelmmiddels gebruik het teenoor die „geen" by die kontrolegroep.
Ten opsigte van die voorkoms van onsedelikheid is daar, skynbaar weens die neteligheid van die vraagstuk, min

navorsing gedoen. Nietemin vind Louw (1973) dat 8% vaders (kontrolegroep: 1%) en 2% moeders (kontrolegroep: geen) aan onsedelikheid skuldig was. Sonder om 'n kontrolegroep te gebruik, het Schenk (1935) onsedelikheid by 11,3% van die vaders en 15,5% van die moeders van sy jeugoortreders aangetref. Aangaande misdadigheid by die ouers bevind die Gluecks (1957) dat 44,8% van die jeugoortreders kriminele moeders (kontrolegroep: 15%) en 66,2% (kontrolegroep: 32%) kriminele vaders gehad het. Lund (1918) se syfers is heelwat laer maar tog beduidend: 11,5% van die vaders en 2,7% van die moeders van die ondersoekgroep was misdadigers teenoor 1,0% van die vaders en 0,1% van die moeders by die kontrolegroep.

As gevolg van die problematiek verbonde aan die verkryging van gegewens insake die morele peil van die gesin en die gepaardgaande negatiewe reaksie wat sulke vrae by proefpersone uitlok, is dit vanselfsprekend dat vele sodanige gegewens bevraagteken kan word. Nietemin is talle ondersoekers dit eens dat die rol van 'n moreel swak gesin in die kousaliteit van jeugmisdaad nie onderskat kan word nie. So beskou Willemse (1939, p.34) so 'n gesin as „the worst type of home and accordingly the most definite external condition of delinquency".

Volgens ondersoekers soos Strating (1961), Burt (1961), Willemse (1938), Smith (1971) en Venter (1965) is die etiologiese waarde van 'n lae morele peil van die gesin hoofsaaklik in die volgende geleë:

'n Demoraliserende lewensmilieu word daargestel as ge-

volg van die onvolwaardigheid van die ouers as opvoeders; die verlies van respek vir die ouers; verwerping deur die gemeenskap; die verval van huislike dissipline; die versteuring van gesinsbetrekkinge; en so meer. Die afwesigheid van noodsaaklike remminge en inhibisies wat hieruit spruit, asook die spanning, onsekerheid en konflik wat nou in die gemoed van die kind oplaai, kan maklik as voedingsbron van sedelike insinking en ander vorme van jeugmisdaad dien. Daarby moet in aanmerking geneem word dat bewuste navolging van en/of onbewuste identifisering met die negatiewe ouervoorbeeld ook nie uitgesluit is nie.

#### 1.2.2.3 Gemengde ouerhuise

Met gemengde ouerhuise word bedoel dat daar verskille tussen die ouers ten opsigte van nasionaliteit en/of godsdiens bestaan.

Willemse (1939) het reeds in die dertigerjare op die kriminogene betekenis van gemengde ouerhuise gewys en sy stelling gestaaf met die bevinding dat 26,2% van 372 manlike jeugoortreders uit sulke huise afkomstig was. Behalwe dat Willemse die aandag op die moontlike kousaliteitswaarde van gemengde ouerhuise gevestig het, het sy bevinding weens die afwesigheid van 'n kontrolegroep verder min wetenskaplike erkenning ontvang. Latere vergelykende ondersoeke het nietemin Willemse se bewering bevestig. So het Louw (1973) bevind dat nasionaliteits-verskille meer by ouers van jeugdige dwelmmiddelmisbruikers as by die kontrolegroep voorkom (22% teenoor 8%). Dieselfde

het ten opsigte van godsdiensverskille gegeld (21% teen-oor 9%). Sonder om syfers te verstrek, vind Neumeyer (1959, p.172) ook dat „There is a greater incidence of delinquency among ........ children of ...... mixed parents (one foreign born and the other American born) than among children of American-born parents".

Volgens bogenoemde ondersoekers is die etiologiese betekenis van gemengde ouerhuise geleë in die uiteenlopende lewensopvattings van die ouers: nie alleen kan dit tot onenigheid tussen die ouers en gevolglik spanning in die gesinskring lei nie, maar veroorsaak die teenstrydige optredes van die ouers konfliksituasies en/of norme- en waardebotsing by die kinders wat 'n goeie teelaarde vir misdaad is.

Daar moet egter gewaak word teen die uitgangspunt dat alle gemengde ouerhuise van kriminogene betekenis is. Daar is immers talle sulke gesinne waar daar harmonie heers. Die essensiële element is dat, soos genoem, uiteenlopende lewensopvattings en optredes teenwoordig moet wees.

### 1.2.2.4 Gebrekkige dissipline

Die Engelse psigoloog Burt het na sy bekende ondersoek oor die etiologie van jeugmisdaad verklaar (1961, p.96): „Of all environmental conditions, indeed of all the conditions whatever that find a place in my list of causes, the group showing the closest connection with crime consists of those that may be summed up under the head of

defective discipline". Burt onderskei dan tussen te streng, te swak, wispelturige en geen dissipline - 'n klassifikasie wat daarna deur verskeie ondersoekers in hul navorsing gebruik is.

Volgens Smith (1971) het 5% van sy jeugoortreders (kontrolegroep: 3%) onder te streng dissipline gebuk gegaan, 21% onder te swak dissipline (kontrolegroep: 10%), 25,5% onder wispelturige dissipline (kontrolegroep: 9,5%) en 16% onder geen dissipline (kontrolegroep: 7%). Kruger (1968), in 'n ondersoek van verwaarloosde jeugdiges wat hulle eweso aan wangedrag skuldig gemaak het, het by 25% te streng, by 14% te swak en by 55% wispelturige dissipline aangetref. Die ooreenstemmende syfers vir die kontrolegroep was onderskeidelik 6%, 7% en 13%. Ook die Gluecks (1957) het in 'n intensiewe ondersoek waarby die dissipline van die vader en die moeder onafhanklik bereken is, gevind dat gebrekkige dissipline veel meer by jeugoortreders as by nie-oortreders voorkom.

Die Nederlandse psigiater Carp (1956) konstateer dat te streng dissipline tot wrok, verbittering en opstandigheid aanleiding gee. Hieruit spruit enersyds weer gevoelens van minderwaardigheid wat langs die weg van negatiewe kompensasie en selfgelding in misdaad kan ontaard. Andersyds kan dit daartoe lei dat die kind 'n houding van antagonisme teen enige vorm van gesag ontwikkel wat hom maklik in botsing met gemeenskapsnorme kan bring.
Dan moet in aanmerking geneem word dat hierdie soort dissipline die kind, in sy poging om straf te ontduik, tot skynheiligheid, leuens en bedrog kan dwing.

Van te swak dissipline sê Willemse (1939, p.33): „..... poor discipline must be looked upon as the main antecedent of delinquency". Die rede is dat die kind nie geleer word om tussen reg en verkeerd te onderskei nie. Hy groei ongedissiplineerd op en koester gevolglik geen ontsag vir die norme van die gesin of die gemeenskap nie. Hieruit spruit die ontwikkeling van persoonlikheidseienskappe soos onverskilligheid, onverantwoordelikheid en eiegeregtigheid wat sy predisposisie tot misdaad verder vergroot.

In teenstelling met Willemse bevind Burt (1961) dat wispelturige dissipline die swaarste gewig in die veroorsaking van jeugmisdaad dra. So konstateer Burt (1961, p.98) dat „Discipline so irresponsible is no discipline at all", terwyl Tappan (1949, p.137) byvoeg: „....... it neither provides a pattern for the child's self-control nor for the continuity of treatment upon which his sense of security should be founded". Die ongelykmatigheid en diskontinuïteit van die dissipline werk verwarring, onsekerheid en rigtingloosheid by die kind in die hand met gevolglike konfliksituasies, frustrasies en spanning. Hy word koersloos en weet later nie meer wat reg en verkeerd is nie.

By geen dissipline, wat as die uiterste vorm van te swak dissipline beskou word, word laasgenoemde se gevare geïntensiveer met gevolglike groter moontlikheid tot die verval in misdaad.

1.2.2.5 <u>Die welstandspeil van die gesin</u>

Een van die faktore wat reeds vanaf die vroegste eeue met jeugmisdaad geassosieer is, is die welstandspeil van die gesin. Ongelukkig het die bewerings nie op wetenskaplik-gefundeerde navorsing berus nie en is dit eintlik eers vanaf die begin van die eeu dat die etiologiese bydrae van hierdie determinant wetenskaplik bepaal is.

Weereens is dit die baanbreker-psigoloog Burt (1961) wat een van die eerste aanvaarde ondersoeke in dié verband gedoen het. Hy bevind dat 56% van die jeugoortreders uit armoedige huise afkomstig is. Hy was egter nie baie beïndruk met die kousaliteitswaarde van sy bevinding nie: „Since of the total inhabitants of London no more than 30 per cent belong to the lowest social strata ......, the amount of delinquency coming from those lowest social strata is, beyond question, disproportionate; nevertheless, in the higher and more prosperous ranks, its frequency is still unexpectedly large. And, when nearly half the offenders came from homes that are far from destitute, poverty can hardly be the sole or the most influential cause" (p.70). Die Gluecks (1957) het eweso tot die gevolgtrekking gekom dat armoede meer by jeugoortreders as by nie-oortreders aangetref word (28,6% teenoor 12%). In Suid-Afrika het Swiegers (1955) en Willemse (1939) onderskeidelik bevind dat 80% eerste-oortreders en 73,4% jeugoortreders armoedig was. Ongelukkig het nie een van laasgenoemde twee navorsers 'n kontrolegroep gebruik wat as basis van vergelyking kan dien nie.

Op grond van bevindings soos hierbo genoem, het verskeie ondersoekers 'n verklaring vir die jeugmisdaadverskynsel

probeer bied. So sê Reiss (soos aangehaal deur Cavan, 1969, p. 195) dat „economic deprivation may lead the boy to feel insecure and to doubt whether the economic system will provide for him in the future. Losing confidence in society, he loses his respect for the approval of society. He would therefore be able to justify his delinquencies and avert a sense of guilt". Cronje (1960) lê weer klem op die ontevredenheid wat die kind as gevolg van welstandsteenstellinge ervaar. Hierdie ontevredenheid kan in twee rigtings gekanaliseer word: enersyds in haat en wrok teenoor diegene wat meer as hy besit en andersyds in gevoelens van minderwaardigheid wat deur middel van negatiewe kompensasie in misdaad ontaard. Dan moet in gedagte gehou word dat aangesien „Most delinquency of boys is stealing, primarily for immediate use" (Cavan, 1969, p. 194) die wens om 'n onbevredigende materiële behoefte te vervul, maklik tot wangedrag en veral tot diefstal aanleiding kan gee.

Alvorens die welstandspeil van die gesin 'n té hoë posisie in die hierargie van etiologiese faktore toegeken word, moet die volgende kritiekpunte eers in oënskou geneem word:

(a) „Since most of the studies either give no comparative material or use controls deliberately drawn from the 'underprivileged', not much can be made of this result", aldus Wootton (1967, p. 112).

(b) Die uitgangspunt leen hom veel tot veralgemening en verklaar nie waarom talle jeugdiges uit nie-armoedige

gesinne in misdaad verval nie. Venter (1965, p.100) konstateer tereg: „Welvaart beteken nie noodwendig dat die persoon se moraal en ander geesteswaardes ook sterk is nie. En, omgekeerd, arm mense word soms teen die misdaad gevrywaar vanweë die aanwesigheid van hoogstaande persoonlikheidshoedanighede en geesteswaardes".

(c) Indien daar 'n direkte verband tussen jeugmisdaad en 'n lae welstandspeil bestaan, impliseer dit dat daar met die verbetering van die toestand 'n afname in misdaad moet wees. Die teendeel is waar. Die wêreld is tans in 'n beter ekonomiese posisie as aan die begin van die eeu en tog is jeugmisdaad wêreldwyd besig om toe te neem.

Daar kan dus gekonkludeer word dat 'n lae welstandspeil as sodanig nie as 'n regstreeks oorsaaklike faktor bestempel kan word nie, maar dat dit wel in samehang met ander faktore op sommige individue van toepassing kan wees.

1.2.2.6 Vriende

Een van die gewildste verklarings wat deur pseudo-geesteswetenskaplikes vir die verskynsel van jeugmisdaad gebied word, is die negatiewe beïnvloeding deur vriende. In welke mate het hulle gelyk?

Swiegers (1955) bevind dat slegs 2% eerste-oortreders 'n positiewe beïnvloeding deur vriende ondergaan het, 18% het „steriele" vriendskappe gehad, terwyl 80% gemeen

het dat hul vriende hul ten kwade beïnvloed het. Die Gluecks (1939) het negatiewe beïnvloeding deur vriende by 96,8% van hul jeugoortreders aangetref. Burt (1961) weer, kon die verskynsel by net 19,6% van 'n groep manlike jeugoortreders aantref. Ten opsigte van nie-blankes het Retief (1958) bevind dat 80% van 200 Bantoejeugoortreders onmiddellik voor hul jongste skuldigbevinding met slegte maats omgegaan het.

Dit blyk dus dat in bogenoemde ondersoeke, behalwe in dié van Burt, slegte vriende by jeugoortreders oorheersend was. Moet daar nou onverwyld aanvaar word dat sodanige vriendskappe, weens hul uitsonderlinge hoë voorkoms, as 'n uitstaande etiologiese faktor bestempel word? Inderwaarheid nie.

Soos uit bogenoemde navorsingsresultate afgelei kan word, word min vergelykende ondersoeke in dié verband aangetref. Alvorens die omvang van slegte vriende by 'n verteenwoordigende kontrolegroep nie deur etlike navorsers vasgestel is nie, kan daar nie wetenskaplike gevolgtrekkings gemaak word nie. Dan wys ondersoekers soos Sargent en Williamson (1958), Willemse en Rademeyer (1933) en Tappan (1949) daarop dat die aanknoop van negatiewe vriendskapsverhoudings bloot as 'n uitlaatklep vir onderliggende konflikte en frustrasies gesien moet word. Dié frustrasies en konflikte het in die reël hul oorsprong in 'n onbevredigende gesinslewe wat hulle dan „Feitlik na die straatmaats ........ drywe" (Willemse en Rademeyer, 1933, p.42). Ook Burt (1961, p.130) is dit eens dat daar 'n predisponerende faktor teenwoordig moet wees: „To find an external influence of this kind at work, without

some inner predisposing factor, is far from usual; it is as rare as a seed sprouting on bare rock with no receptive soil to nourish it". Daarby is dit die ondersoeker se mening dat te veel navorsers hulle laat lei deur oortreders wat hul eie foute op ander wil projekteer waardeur hulle hul eie aandeel wil verbloem of in 'n sagter lig stel. Die onvermoë om deur sulke projeksies te sien, moet noodwendig daartoe lei dat die omvang van slegte vriende die hoogte inskiet. Voeg hierby dat daar geen gestandaardiseerde norms is waaraan die kwaliteit van vriendskapsverhoudings gemeet kan word nie en dat die interpretasie gevolglik van ondersoeker tot ondersoeker kan verskil, en dit word duidelik waarom daar nie sonder meer uitsluitsel oor dié determinant gegee kan word nie.

### 1.2.2.7 Gesinsmobiliteit

'n Aspek wat dikwels deur ondersoekers oor die hoof gesien word, maar wat wel kriminogene betekenis kan inhou, is die mobiliteit (rondtrekkery) van die gesin.

So vind Sullenger (1936) dat 34% gesinne van jeugoortreders een of meer keer per jaar getrek het, 4% het een keer in twee tot ses jaar van woning verwissel en 62% een keer in ses jaar of meer. Willemse (1939) konstateer op sy beurt dat 31% van jeugoortrederouers meer as vyf keer getrek het, terwyl 34% tydens die ondersoek minder as twee jaar in die besondere huis woonagtig was. Vergelykende ondersoeke in dié verband is egter skaars. Nietemin bevind Louw (1973) dat jeugdige dwelmmiddelmis-

bruikers statisties beduidend meer as die kontrolegroep van woonplek verander het.

Die feit dat chroniese woningsverwisseling dikwels met buurtverswakking gepaard gaan, soms as 'n weerspieëling van inherente onbestendigheid van die gesin beskou kan word, gereeld nuwe aanpassings verg en dat gedurige skoolverwisseling akademiese vordering kan strem, bring mee dat die kousaliteitswaarde van gesinsmobiliteit nie uit die oog verloor moet word nie (vergelyk Willemse, 1939; Louw, 1973).

Verdere en diepgaande navorsing moet egter eers onderneem word alvorens die laaste woord oor gesinsmobiliteit gespreek kan word.

1.2.2.8 Die skool

Verskeie psigoloë soos Bernard (1970), Hurlock (1959), Mussen, Conger en Kagan (1969) en Sargent en Williamson (1958) beskou die skool as een van die vernaamste faktore wat die persoonlikheidsontwikkeling van die kind beïnvloed. Daarom is dit verstaanbaar dat heelwat misdaadnavorsers aandag aan hierdie determinant en sy verskillende fasette geskenk het.

Die vernaamste faktore in die skool wat tot jeugmisdaad aanleiding kan gee, is die volgende:

Ten eerste skoolprestasie en -vertraging. West (1967) en Mannheim (1965) se bespreking van navorsingsresultate

laat geen keuse nie as om te aanvaar dat jeugoortreders nie alleen swakker akademiese prestasies op skool as nie-oortreders lewer nie, maar ook meer vertraag word (druip). As voorbeelde kan die ondersoeke van Carr-Saunders, Mannheim en Rhodes (1943) en die Gluecks (1957) genoem word. Eersgenoemdes het naamlik vasgestel dat swak skoolprestasies byna drie keer meer by jeugoortreders as by die algemene skoolgaande bevolking voorkom. Die Gluecks weer het bevind dat 27,6% van hul jeugoortreders een jaar op skool vertraag is, 18% twee jaar en 22,6% drie jaar en meer. By die kontrolegroep was die syfers in dieselfde volgorde onderskeidelik 23%, 13% en 8,2%. Altesaam 68,6% het dus onder skoolvertraging gebuk gegaan teenoor 44,2% van die kontrolegroep.

Willemse (1939) wys daarop dat swak skoolprestasie nie alleen tot 'n verlies van selfrespek lei nie, maar dat kompensasiehandelinge wat hieruit vloei, maklik 'n anti-sosiale kleur kan aanneem.

Ten tweede stokkiesdraai. Die Gluecks (1957) bevind dat nie minder nie as 94,8% van hul jeugoortreders en slegs 10,8% van die kontrolegroep in 'n minder of meerdere mate stokkies gedraai het. Volgens Wootton (1967) is ene Gibbs se gevolgtrekking dat 54% van sy jeugoortreders dikwels, en 23% soms stokkies gedraai het. Die ooreenstemmende syfers vir die kontrolegroep is onderskeidelik 37% en 52%. Sonder om 'n kontroegroep te gebruik, het Sullenger (1936) stokkiesdraai by 90% van sy gevalle aangetref.

Stokkiesdraai is 'n skakel in 'n bose kringloop: swak

skoolprestasie en -vertraging gee dikwels aanleiding tot stokkiesdraai en stokkiesdraai gee weer aanleiding tot 'n intensivering van swak skoolprestasie en -vertraging en gepaardgaande nadele. Daarby is stokkiesdraai in die reël sinoniem met rondslentery en leeglêery wat die persoon in aanraking met ongewenste individue kan bring. Langs die weg van beïnvloeding staan die deure van jeugmisdaad nou wyd oop.

Robinson (1960, p. 155) waarsku egter teen 'n ekstremistiese beskouing van stokkiesdraai as kriminogene faktor: „To prove a causal relation between truancy and subsequent other types of delinquent behavior, however, one would need to study what happened in later years to an unselected group of truants. This procedure has not been followed in any study so far published".

Uit die voorafgaande bespreking van die vernaamste kriminogene sosiokulturele determinante wil dit voorkom asof te veel ondersoekers hulle hier skuldig maak aan, in die woorde van die psigiater Halleck (1971, p. 34), „Naïve single-factor explanations ........". As bewys kan genoem word dat baie min van dié ondersoekers 'n verklaring bied vir die misdaad van jeugdiges wat nie onder een van die sosio-kulturele determinante gebuk gaan nie. Wanneer 'n teorie alleenlik 'n deel van 'n bestudeerde groep dek, het dit slegs 'n beperkte waarde. Daarby laat die etiologiese verklaring van bevindings by die meeste ondersoekers veel te wense oor. So byvoorbeeld bied die Gluecks (1957) in 'n wêreldwye erkende en statisties puik werk, geen kriminogene verklaring vir hul

interessante gegewens nie. Aan die ander kant is die verklarings wat wel gebied word dikwels té filosofies en/of oppervlakkig van aard. Om byvoorbeeld net te konstateer dat onenigheid tussen die ouers tot disharmonie in die gesinsatmosfeer lei en die kinders tot misdaad kan dryf is 'n baie oppervlakkige uiteensetting van 'n komplekse probleem.

Soos voorheen genoem, behoort sosio-kulturele determinante vanuit 'n multipele faktoriale oogpunt gesien te word, dit wil sê dat dit in interaksie met bio-fisiese en psigologiese determinante binne die raamwerk van die uniekheid van die persoonlikheid tot jeugmisdaad aanleiding kan gee. Hiervolgens word hul rol nòg onderskat nòg oorskat.

### 1.2.3 Psigologiese Determinante

Die bydrae van psigologiese determinante tot die etiologie van jeugmisdaad kan aan die hand van die meeste literatuur primêr in twee aspekte verdeel word: die navorsingsresultate van bepaalde ondersoekers en die kriminogene betekenis van psigopatologiese toestande.

#### 1.2.3.1 Navorsingsresultate van bepaalde Ondersoekers

(a) S. en E.T. Glueck (1957)

Daar word algemeen aanvaar dat die Gluecks se Unraveling Juvenile Delinquency een van die klassieke werke oor die etiologie van jeugmisdaad is. Hulle het naamlik 500 jeug-

oortreders en 500 nie-oortreders ten opsigte van ouderdom, algemene intelligensie, nasionaliteit en woonplek afgepaar en daarna etiologiese verskille op sosio-kulturele, liggaamlike, intellektuele en emosioneel-temperamentele vlak probeer bepaal. 'n Faktor wat die wetenskaplikheid van hul navorsing verhoog, is dat hulle die spanbenadering gevolg het deur die hulp van deskundiges op die verskillende terreine in te roep. So byvoorbeeld was die bekende Wechsler en Schachtel onderskeidelik met die verwerking en interpretasie van die Wechsler-Bellevue- en Rorschachtoetse behulpsaam.

Met betrekking tot die Wechsler-Bellevue-toets is gevind dat die jeugoortreders in die geheel gemiddeld laer as die nie-oortreders ten opsigte van verbale intelligensie presteer het, maar dat die twee groepe se tellings in nie-verbale intelligensie baie ooreenkom.

'n Vergelyking tussen die twee groepe ten opsigte van Woordeskat en die vyf subtoetse van die verbale battery bring aan die lig dat die jeugoortreders swakker presteer in Woordeskat, Inligting en Begrip. Geen verskille ten opsigte van Rekenkunde, Syfergeheue en Ooreenkomste word egter aangetref nie.

Ongeag die ooreenkoms tussen die twee groepe ten opsigte van die nie-verbale aspek, toon 'n vergelyking van die subtoetse van dié battery dat die jeugoortreders swakker as die nie-oortreders presteer in die Syfersimbooltoets, maar beter in die Blokpatrone- en Voorwerpsamevoegingtoetse. Hul prestasies in die Prentvoltooiing- en Prent-

rangskikkingtoetse is nietemin dieselfde.

„It appears, therefore, that the delinquents are, on the whole, somewhat superior in those intellectual tasks in which the approach to meaning is direct physical relationships (Block design, and probably, Object Assembly while the generalizing and abstract thinking of the non-delinquents is through the conventionally accepted intermediate means (symbols). The delinquents apparently do not accumulate a large repertoire of symbols (Vocabulary Test) or of symbolized content (Information Test). Their generalizations are closely, even though not directly, geared to concrete realities" (p.207).

Met betrekking tot die Rorschach-toets is vasgestel dat die jeugoortreders onder andere veel meer uitdagend (tartend) en ambivalent teenoor outoriteit as die nie-oortreders was. Hulle was ook meer haatdraend, vyandiggesind, suspisieus, destruktief, impulsief en ekstrovertief.

Terselfdertyd was die jeugoortreders baie minder onderdanig aan gesag; baie minder bevrees vir mislukkings of nederlae; baie minder koöperatief en afhanklik; minder konvensioneel in hul idees, gevoelens en gedrag, terwyl hulle ook oor minder selfbeheer as die nie-oortreders beskik het.

Dit is interessant dat beide groepe, sonder enige wesentlike verskil tussen hulle, hoë tellings behaal het ten opsigte van die teenwoordigheid van die volgende eienskappe: vae of onbewuste gevoelens van onsekerheid en/of angs;

„the feeling of not being wanted or loved" (p.241) en 'n goeie oppervlakkige kontak met ander. Dieselfde geld vir die afwesigheid van die volgende kenmerke: selfaanmatiging, 'n oormededingende houding, 'n gevoel van berusting, depressiewe neigings, 'n houding van welwillendheid, vertroue en spontaneïteit.

In aanvulling by die Wechsler-Bellevue- en Rorschachtoets het die psigiater betrokke by die navorsing op grond van sy persoonlike onderhoude met die twee groepe, op verskeie temperamentele verskille gewys. So was die jeugoortreders minder emosioneel stabiel, maar meer dinamies en energiek, aggressief, avontuurlik, ontvanklik vir suggesties, asook meer hardkoppig. Hulle was minder konsensieus en realisties, terwyl selfkritiek veel minder teenwoordig was. Inderwaarheid was selfsug kenmerkend.

Die bronne van konflik waaronder die jeugoortreders gebuk gegaan het, het eweso beduidend van dié van die nie-oortreders verskil. So het emosionele spanning by die jeugoortreders veel meer gespruit uit vader-seun- en moeder-seunverhoudings, swak seksuele identifikasie, swak verhoudings met vriende en gevoelens van minderwaardigheid.

Daarby is verskille aangetref ten opsigte van die wyse waarop die twee groepe onderskeidelik hul konflikte probeer oplos het. „The delinquents rather typically react to stress situations and resulting emotional tension by extroversive expression, the non-delinquents by introversion" (p.252).

(b) P.M. Robbertse (1951)

Aan die begin vyftigerjare het Robbertse 'n doktorale proefskrif by die Universiteit van Pretoria ingehandig waarin hy die persoonlikheidstruktuur van 100 kinders met anti-sosiale neigings met 'n ewe groot kontrolegroep vergelyk het. Beide groepe was tussen 10 en 13 jaar oud. Die meetinstrument was die Rorschach-toets.

Die belangrikste bevindings van Robbertse kan soos volg saamgevat word:

Alle kaarte is meer kere deur die ondersoekgroep geweier, wat daarop dui dat hulle oor 'n stadiger aanpassingsvermoë aan nuwe toestande beskik, asook meer en sterker angs, wat 'n aanduiding van neuroses is, ondervind. Hul hoër reaksietyd ten opsigte van kaart 1 en die gekleurde kaarte het die aanwesigheid van dié eienskappe bevestig.

Hoewel geen betekenisvolle verskille tussen die G-, $\not{G}$- en som G-antwoorde tussen die twee groepe aangetref is nie, wys die ondersoeker daarop dat die hoër gemiddelde aantal G-antwoorde van die kontrolegroep op 'n sterker vermoë ten opsigte van suiwer abstrakte denke en 'n hoër ontwikkelde voorstellings- en fantasielewe kan dui.

Uit die beduidende verskille ten opsigte van die D-prestasie kan gekonkludeer word dat die anti-sosiale groep minder in staat is om die probleme en veral die praktiese uit die alledaagse lewe, realisties te hanteer. Dit is interessant dat geen betekenisvolle verskille tussen die

d-prestasies van die twee groepe gevind kon word nie, dit wil sê dat hulle „merkwaardig eners is wat hul kritiese lewenshouding betref" (p.134). Hoewel die verskil tussen die dd-prestasies van die groepe nie die grens van beduidendheid oorskry het nie, neig die resultate in die rigting dat daar meer en sterker obsessietrekke by die ondersoek- as by die kontrolegroep aanwesig was. Dieselfde geld vir die dk-prestasies wat op sy beurt daarop dui dat by die anti-sosiales meer angsneurotiese trekke aanwesig is.

Wanneer al die buitengewone detail (Dd) saam onder die soeklig geplaas word, kom aan die lig dat die ondersoekgroep 'n groter belangstelling vir die buitengewone van die lewe openbaar.

Die bevinding dat die kontrolegroep beduidend meer B-response gegee het, is 'n bewys dat hulle die ondersoekgroep oortref ten opsigte van rykheid van innerlike lewe, assosiasies en idees; oorspronklikheid en vindingrykheid; skeppende denke, fantasielewe en daardie emosionele eienskappe wat nodig is vir die funksie van innerlike kontrole" (p.150).

Teen die algemene verwagting, kon Robbertse geen verskille tussen die twee groepe ten opsigte van die intensiteit

van hul driflewe (afgelei uit die VB-prestasies) vind nie. Die rede waarom die drifte van die ondersoekgroep meer tot uiting gekom het, is „omdat daardie persoonlikheids-eienskappe, wat innerlike kontrole genoem word, nie in die nodige mate ontwikkel het nie" (p. 161).

Die betekenisvolle verskille tussen die VKl-antwoorde van die twee groepe lei tot die gevolgtrekking dat die anti-sosiale groep oor 'n swakker aanpassingsvermoë beskik en nie in staat is om hul emosies in sosiaal-aanvaarbare vorme te giet nie. Die onderskeie prestasies ten opsigte van KlV en Kl bring eweso aan die lig dat die ondersoek-groep meer impulsief en onbeheersd is as die kontrole-groep.

Die V%- en V+%-prestasies bewys dat die ondersoekgroep nie alleen meer onbuigsaam en 'n groter gebrek aan spontaneïteit het nie, maar ook dat hul ego-sterkte in vergelyking met die kontrolegroep veel meer te wense oorlaat. Hoewel die verskil tussen die VK- en Vc-prestasies nie beduidend was nie, wys die laer gemiddelde prestasies van die ondersoekgroep tog daarop dat hulle oor minder insig en takt beskik.

Tussen die At-antwoorde van die twee groepe was daar wel 'n betekenisvolle verskil waaruit die afleiding gemaak kan word dat die anti-sosiales meer morbied, neerslagtig en swartgallig ingestel is.

(c) <u>P.R. Smith (1971)</u>

In 1971 het Smith 'n doktorale ondersoek aan die Univer= siteit van Pretoria voltooi oor 'n navorsingsveld wat in die verlede baie braak gelê het - die Kleurling-jeugoor= treder. Sy ondersoekgroep het bestaan uit 200 manlike stedelike Kleurling-jeugoortreders tussen die ouderdomme 13 en 19 jaar wat gedurende 'n sekere tydperk in 1968 in die Porterskool was. Die kontrolegroep is saamgestel uit 200 nie-oortredende Kleurling-skoolseuns wat sover moont= lik met die oortreders ten opsigte van huistaal, ouderdom, woonplek en sosio-ekonomiese posisie ooreengestem het. In laasgenoemde verband wys die ondersoeker egter per= tinent op: „Daar was nie sprake van presiese paring nie, in welke geval elke jeugoortreder in die groep nie-oortre= ders gereplikeer word nie, maar slegs 'n gelykmaking van die groepe as geheel" (p.9).

Behalwe dat Smith prominente aandag aan milieu-kenmerke geskenk het, het hy eweso van die NSAG, die NB-aan= passingsvraelys en die Vergrote Veelvuldige Keuse Ror= schach-toets gebruik gemaak ten einde sekere psigologie= se verskille te bepaal. Teen moontlike kritiek dat hy toetse gebruik het wat op blankes gestandaardiseer is, noem die ondersoeker teenargumente om sy saak te reg= verdig (sien byvoorbeeld pp.175 - 176).

Wat die intellektuele vermoë van die twee groepe betref, konstateer Smith dat „dit wil dus voorkom of die oortre= ders intellektueel minder begaafd as die nie-oortreders is" (p.179). Ongelukkig het hy, eerstens, van geen sta= tistiese metodes gebruik gemaak om sy bewering te onder= steun nie en, tweedens, word slegs die totale vermoëns

aangebied (82,5 teenoor 91,6) en nie onderskei tussen die verbale en nie-verbale intelligensies nie. Smith maak nietemin daarna 'n interessante bevinding, naamlik dat die meer intelligente oortreder meestal ekonomiese en die minder begaafdes veral aggressiewe misdrywe en sedelikheidsoortredings pleeg. Hy verklaar dit in die lig dat ekonomiese misdrywe 'n sekere mate van vernuf en beplanning verg - eienskappe wat dikwels nie by die minder intelligentes aanwesig is nie. Laasgenoemde persone het „waarskynlik minder beheer oor hul drifte en emosies" (p.192) wat dan in die genoemde aggressiewe en onsedelike handelinge resulteer.

Die eienskappe van die Kleurling-jeugoortreder wat op grond van verskille met die kontrolegroep deur middel van die NB-aanpassingsvraelys bepaal is, kan kortliks soos volg saamgevat word:

Eerstens is dit duidelik dat die oortreders veelal onder gevoelens van minderwaardigheid gebuk gaan. Dit word nie alleen gestaaf deur hul selfbewustheid en gebrek aan selfvertroue nie, maar ook deur die geringskatting van hul eiewaarde. So byvoorbeeld ondervind hy makliker die gevoel dat hy by sy vriende afsteek. Hy maak nou gebruik van „aanpassingsmeganismes waarvan die belangrikste kompensasie en wel negatiewe kompensasie in die vorm van byvoorbeeld misdadige gedrag is" (p.224).

Tweedens is gevoelens van verwerping kenmerkend. Dit spruit enersyds uit die afwesigheid van innerlike gevoelens van geluk en veiligheid en andersyds dat die Kleur-

lingjeugoortreder homself misken en voel dat hy nêrens inpas nie.

Derdens is die oortreders deurgaans meer emosioneel onbestendig as die nie-oortreders. „Sy emosionele oneweewigtigheid hang nou saam met die konflikte, frustrasies en spanninge wat hy as lid van 'n tussengroep ondervind. Die feit dat hy baie emosioneel is, bemoeilik sy aanpassing wat veral weerspieël word deur sy ongedurigheid, humeurigheid en verset teen gesag" (pp. 224 - 225).

Volgens die Vergrote Veelvuldige Keuse Rorschach-toets verskil die ondersoekgroep van die kontrolegroep kortliks op die volgende terreine:

Die oortreders is meer emosioneel onvolwasse en het 'n gebrekkiger beheer oor hul primitiewe drange. „Die emosionele infantilisme en oorheersing van die primitiewe drange veroorsaak konflikte en spanning want hul innerlike drange word nie positief aanvaar en konstruktief gekanaliseer nie" (p. 255).

Verder kom morele ongevormdheid meer by die oortreder voor. Dit impliseer dat die persoon wel besef wat van hom verwag word, maar hy kan dit nie moreel verwerk en aanvaar nie en verwerp daarom die gemeenskapsnorme. Daarby is hy ook meer impulsief en depressief asook minder taktvol as die nie-oortreder.

Laastens is die Kleurling-jeugoortreder by uitstek ekstratensief „met ander woorde hy is meer gevoelig vir prik-

kels van buite as van binne. Daarom het hy 'n sterk drang om na buite te leef - 'n verskynsel wat in ooreenstemming met sy rustelose geaardheid is" (p.256).

(d) J.H. de la Rey (1964)

In 'n intensiewe psigo-diagnostiese studie het De la Rey in die sestiger jare gepoog om 'n persoonlikheidsbeeld van die jeugoortreder daar te stel. Meer spesifiek het hy 20 blanke manlik gekommitteerde oortreders tussen die ouderdomme 15 tot 18 jaar as proefpersone gekies. Daarby was almal uit gesinsonvolledige huise afkomstig. Hoewel die ondersoeker nie van 'n kontrolegroep gebruik gemaak het nie en die aantal proefpersone as te min beskou kan word, vergoed die intensiewe aard van die navorsing in 'n groot mate daarvoor.

Ten eerste het De la Rey die gemiddelde I.K. met behulp van die NSAG as 92,35 bepaal. Net soos Smith (1971) het hy ongelukkig ook nie tussen verbale en nie-verbale intelligensie onderskei nie.

Ten tweede het De la Rey met behulp van 10 kaarte van die TAT (1, 2, 3BM, 4, 7BM, 8BM, 10, 13B, en 13MF) 'n persoonlikheidsbeeld van die proefgroep probeer vasstel. Dit was dan ook die primêre doel van die navorsing.

Uitstaande gegewens wat deur die toetsresultate aan die lig gebring is, was die hunkerende behoefte na sekuriteit, aanvaarding en affeksie. Verder is die diagnostiese beeld gekenmerk deur emosionele immobiliteit, gevoelens van am-

bivalensie, depressie, frustrasie en aggressie. Dit het weer op sy beurt tot die ervaring van angs aanleiding gegee. Dit is interessant dat die ondersoeker bevind het dat van die proefpersone hul aggressie, wat gerig was op die ouers, sterk onderdruk het en dat hulle nie in staat was om hul aggressie na behore te hanteer nie. „In sulke gevalle is uitermate angsgevoelens duidelik waarneembaar en die aggressie word soms op die self gerig" (pp.180 - 181).

Dit het ook geblyk dat van die proefpersone hul omgewing as dreigend en vyandig beskou het. Volens De la Rey was die proefpersone se anti-sosiale optrede dwanghandelinge gerig teen die maatskaplike en etiese norme. „In sulke gevalle is dit duidelik dat die ppe. a.g.v. emosioneel onstabiele ouers en a.g.v. die implikasies wat gesinsontwrigting meebring nie die voldoende geleentheid gehad het om aanvaarbare psigiese kontrole op te bou nie. Die super-ego-ontwikkeling is m.a.w. onbevredigend" (pp. 181).

Belangrik is dat uit die toetsresultate afgelei kan word dat onbevredigende ouer-kindverhoudings grootliks vir die proefpersone se persoonlikheidsprobleme verantwoordelik was. Veral die belangrike rol van die moeder in die psigiese ontwikkeling van die kind is beklemtoon.

(e) D.J. Steenkamp (1954)

In nog 'n klinies-diagnostiese navorsingswerk het Steenkamp 30 blanke manlike jeugoortreders tussen die ouder-

domme 14 en 20 jaar aan 'n reeks meetinstrumente onderwerp.

Met behulp van die Suid-Afrikaanse Groepsverstandstoets is die gemiddelde I.K. van die proefgroep op 100,6 vasgestel. „Dit slaan ooreen met die gemiddelde intelligensie van die skoolgaande bevolking" (p.163). Ook Steenkamp maak geen fyner ontleding nie, behalwe dat hy daarop wys dat 60% 'n I.K. bo en 40% 'n I.K. onder die gemiddelde gehad het.

Volgens die Bekwaamheidstoets van die eertydse Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing het die proefpersone baie swak presteer in die toets vir verbale redenering en geheue. Daarenteen het hulle veel hoër presteer in die toetse vir nie-verbale redenering, vormwaarneming en meganiese insig. „Die resultaat van die toetse toon baie duidelik dat die aanleg van die jeugoortreder, altans in soverre dit die betrokke groep geld, in 'n meer praktiese rigting geleë is. Hulle is geneig om hulleself intellektueel eerder op 'n regstreekse en konkrete wyse uit te druk as deur middel van taal en abstrakte denke" (p.166).

Die Belangstellingsvraelys van die Kaapse Onderwysdepartement het aan die lig gebring dat hulle 'n bo-gemiddelde telling in sewe verskillende beroepsrigtings behaal het. Nietemin was feitlik al die gekose beroepe prakties van aard byvoorbeeld messelwerk, houtwerk, motorwerktuigkunde, loodgietery, ensovoorts. Die praktiese aanleg van die proefpersone soos deur die Bekwaamheidstoets uitge-

beeld is dus deur die Belangstellingsvraelys bevestig.

Steenkamp het daarna gepoog om deur middel van waarneming die, wat hy noem, persoonlikheidsreaksies van die proefpersone te bepaal. Hiervolgens het die jeugoortreders oor die algemeen dikwels inisiatief aan die dag gelê, maar terselfdertyd 'n gebrek aan volharding openbaar. Dit het meegebring dat hulle maklik tou opgegooi het as 'n taak te moeilik sou word. Daarby het hulle selfvertroue in normale omstandighede getoon, het maklik vriende gemaak en, interessant, „was gewoonlik goedgemanierd en meestal redelik gelukkig" (p. 168). Aan die ander kant was hulle onbetroubaar, impulsief en geneig om te gou te oordeel.

Die California-toets is gebruik om die persoonlikheidsaanpassing van die jeugoortreders te bepaal. Hiervolgens het dit geblyk dat „die groep gemiddeld sterk afwyk ten opsigte van persoonlikheidsaanpassing" (p. 168). In die besonder was hul selfaanpassing selfs swakker as hul maatskaplike aanpassing, terwyl daar ook besliste aanduidings van anti-sosiale geneigdheid, teruggetrokkendheid en senuweeagtigheid was. Hoewel die groep oor die algemeen redelik selfversekerd was, het daar tog 'n gebrek aan eiewaarde en persoonlike vryheid geskyn te wees. Dit is interessant dat hoewel die proefpersone 'n gebrek aan maatskaplike bedrewenheid openbaar het, hulle tog 'n redelike kennis van sosiale standaarde en norme gehad het. Daarnaas was sowel hul verkeer met andere as hul verhoudinge tot die gesin, skool en die gemeenskap onbevredigend.

Die Johnson-Temperamenttoets het verdere eienskappe aan die lig gebring. Gemiddeld was die oortreders „in so 'n mate senuweeagtig, rusteloos en gespanne dat dit sorgbaar en terapeutiese aandag vereis" (p.171). Gepaardgaande hiermee was daar 'n neiging om hulself maklik buite verhouding tot die erns van 'n saak te ontstel. Nogtans was hulle energiek en lewenslustig. Hulle was daarby nie alleen geneig om selfsugtig en koud te wees nie, maar het ook 'n oordrewe subjektiwiteit en egoïsme openbaar. Ander belangrike eienskappe was 'n neiging tot ontevredenheid en vittery asook 'n hoë mate van aggressiwiteit en impulsiwiteit. In laasgenoemde verband konstateer die ondersoeker dat die oortreders skynbaar geneig was „om hul drange en begeertes onmiddellik te bevredig, sonder om die gevolge vir hulself of vir ander te bereken" (p.172).

(f) <u>D.A. Louw (1973)</u>

Laastens kan die ondersoek genoem word van Louw wat 100 blanke manlike dwelmmiddelmisbruikers tussen die ouderdomme 17 en 21 jaar met 'n kontrolegroep vergelyk het. Die motivering vir die insluiting van dié ondersoek is tweërlei van aard: enersyds is dwelmmiddelmisbruik wel 'n misdaad en andersyds het meer as die helfte (54%) van die ondersoekgroep ook ander oortredings soos diefstal, roof, aanrandings, bedrog, seksuele oortredings, en so meer gepleeg.

Aan die hand van die 16PF- en SORT-toetse het Louw die volgende persoonlikheidsbeeld van die ondersoekgroep, ge-

grond op statisties-beduidende verskille van die kontrole-groep, vasgestel:

Hulle was nie alleen krities en skepties ingestel nie, maar het ook 'n dwarstrekkerige lewenshouding openbaar. 'n Neiging om buierig en nukkerig te wees was eweso opvallend. Inderwaarheid het algemene emosionele onstabiliteit as eienskap sterk na vore getree. Hand aan hand met die emosionele onstabiliteit was 'n gebrek aan interne standaade teenwoordig wat tot uiting gekom het in onbetroubaarheid, onverskilligheid en verontagsaming van reëls en regulasies. Die neiging om sensitief, hulpsoekend en afhanklik te wees het vry algemeen voorgekom. Laasgenoemde eienskap „kry veral 'n negatiewe kleur omrede dit aan die lig kom dat die persone daarby makliker beïnvloedbaar is" (p.273). Verder was hulle onvolwasse, ondersoekend en liberaal-denkend, terwyl hul menseverhoudings veel te wense oorgelaat het.

Wat die intellektuele vermoëns betref, het die ondersoekgroep kwantiteitsgewys goed met die kontrolegroep vergelyk. Daar was egter kwalitatiewe verskille wat daarop neerkom dat die ondersoekgroep meer prakties en op die bevrediging van onmiddellike behoeftes ingestel was. „So 'n ingesteldheid wat slegs op die hede toegespits is, bring mee dat hulle nie oor die nodige insig en toekomsblik beskik nie" (p.273).

### 1.2.3.2 Die kriminogne betekenis van psigopatologiese toestande

Net soos in die geval van die meeste kriminogene faktore lok die verband tussen jeugmisdaad en psigopatologiese toestande ook uiteenlopende menings uit. So beweer sommige ondersoekers dat alle vorme van jeugmisdaad na 'n psigopatologiese toestand teruggevoer kan word, terwyl ander weer die mening huldig dat die voorkoms van genoemde toestande by jeugmisdadigers 'n uitsondering is (vgl. Schafer en Knudten, 1970). Vervolgens sal gepoog word om aan die hand van bestaande literatuur 'n objektiewe uiteensetting van dié omstrede onderwerp te gee.

(a) <u>Die Psigoses en Organiese Breinversteurings</u>

(i) <u>Skisofrenie</u>

Hoewel misdaad nie 'n karakteristieke simptoom van skisofrenie is nie, is ondersoekers soos Van Bemmelen (1958) en Caldwell (1965) dit eens dat dié psigopatologiese toestand in feitlik enige wangedragsvorm kan resulteer.

Die rede waarom skisofrenie nie dikwels tot misdaad lei nie, kan toegeskryf word aan die feit dat baie skisofrene uit voeling met die werklikheid is, oor min dryfkrag beskik en trouens heeltemal in hulle droomwêreld verlore is. So byvoorbeeld konstateer Gutmacher (1960, p.43) dat „the vast majority of schizofrenics do not act out their murderous impulses, but live them out in their phantasy world".

In welke mate kan skisofrenie egter wel tot misdaad lei?

In die geval van eenvoudige skisofrenie lei die kenmerkende simptome soos emosionele afstomping, vernouing van belangstelling en gebrek aan energie dikwels tot verlies van sosiale posisie en werkloosheid. Hieruit voortspruitend is maatskaplike insinking en verval geen ongewone verskynsel nie. Volgens Suinn (1970) kom wangedragsvorme soos boemelary en prostitusie dan algemeen voor.

Die kriminogene betekenis van katatoniese skisofrenie is basies daarin geleë dat die „stupor skielik (kan) oorgaan in aktiwiteit wat die vorm aanneem van onbeheerste woede en geweldpleging" (Geldenhuys en du Toit, 1971, p.170). Tydens dié fase is selfmoord, aanranding en selfs moord nie vreemd nie. Om dié rede beskou Kisker (1964, p.255) katatoniese skisofrenie as „one of the most dangerous of the mental illnesses".

By die paranoïede skisofreen is dit hoofsaaklik die waandenkbeelde van vervolging en bedreiging wat tot misdaad kan lei. Omrede die persoon soms oorgaan tot die vergelding van vermeende onregte, kan misdade soos laster, aanranding en moord gepleeg word. So byvoorbeeld is sowel dr. H.F. Verwoerd as Senator Robert Kennedy van die V.S.A. deur paranoïede skisofrene vermoor.

In teenstelling met katatoniese en paranoïede skisofrenie wat hoofsaaklik in aggressiewe misdrywe kan resulteer, kan hebefreniese skisofrenie feitlik tot enige vorm van misdaad lei. Die rede is dat die simptome van dié skisofreniese variëteit 'n groter veld van misdaadpotensiële eienskappe dek: „Hebephrenics can be as suspicious as

paranoids. They may easily burst out in uncontrollable rage directed against self or others. Most hebephrenics are insulting, abusive, hostile, provocative, and aggressive sexually and destructive" (Wolman, 1965, p.106).

Jaspers (1963) wys daarby op die kriminogene betekenis van die pre-skisofreniese toestand en noem as voorbeeld die pleeg van motieflose moorde wat kan voorkom. Hy konstateer in dié verband dat „Motivation appears lacking, the deed is carried out with an unfeeling callousness, there is no insight or regret. The person talks with an alien indifference of what he has done" (p.280). Dié gedragsimptome stem baie ooreen met dié van die volslae skisofreniese moordenaar (vergelyk Van Bemmelen, 1958).

(ii) <u>Paranoia</u>

Net soos in die geval van paranoïede skisofrenie, is die misdade van die paranoïkus in die reël 'n uitvloeisel van sy delusies. So konstateer Mannheim (1966, p.251) dat „The sufferer may imagine himself to be so mercilessly persecuted by his enemies that the only way out is to kill them in self-defence, or he may be so firmly convinced of the misery of this world that it is his religious duty to kill his whole family". Caldwell (1965, p.240) verklaar ook dat „Offences against property may be motivated by fear or revenge as when the deluded person burns or defaces a neighbour's house in the hope that the imagined persecution will cease". Caldwell noem ook dat die misdade van die paranoïkus óf deeglik beplan óf impulsief van aard kan wees.

Gillin (1971) voer aan dat die paranoïkus tot die gevaarlikste misdadigersklas behoort omrede die persoon as gevolg van die afwesigheid van 'n algemene persoonlikheidsverval nie maklik herkenbaar is nie; die delusies dikwels by die persoon die begeerte aanwakker om hom op sy vervolgers te wreek en selfs van hulle ontslae te raak. In dié verband konstateer Radzinowicz en Turner (1949, pp. 30 - 31) egter dat „The fact that the patient's personality is retained and that his moral sentiments are preserved, ......... explains why criminal offences only occur in a small proportion of this type of illness".

(iii) Manies-depressiwiteit

„A variety of infringements of the law, varying in gravity from simple breach of the peace, to murder, may occur as symptoms of the manic-depressive psychosis", aldus Radzinowicz en Turner (1949, p.12).

Wat die maniese fase betref, staan veral aggressiewe misdrywe op die voorgrond. As gevolg van die heftige toename in psigomotoriese handelinge is eiendombeskadiging, aanranding en selfs moord nie uitgesluit nie. Dan wys Kisker (1964, p.373) ook daarop dat „Some patients become lewed and obscene, expose themselves, or make crude sexual advances towards others". Die feit dat drankmisbruik geen ongewone verskynsel tydends die maniese fase is nie, dra verder by tot 'n verlies van selfbeheer en afstomping van die fyner lewenswaardes (vgl. Radzinowicz en Turner, 1949). Dit moet nietemin in aanmerking geneem word dat „since the person's aberra-

tion is so obvious, he is usually restrained before he can do serious harm". (Caldwell, 1965, p.240). Verder vestig Wiersma (1956, p.183) die aandag daarop dat „Alle delicten, waarvoor voorbedachte raad vereist is, sÿn bÿ manie natuurlÿk zo goed als uitgesloten".

By die depressiewe fase is dit selfmoord en moord wat die algemeenste aangetref word. Dit kan toegeskryf word aan die intense gevoelens van neerslagtigheid, radeloosheid, skuld en wanhoop waaronder die persoon gebuk gaan: „The hopelessness of the situation leads the person to see no reason for further existence for himself, and he may seek to deliver those close to him from this fruitless existence also" (Gillin, 1971, p.117).

(iv) Epilepsie

Hoewel ondersoekers soos De Reuck en Porter (1968) verklaar dat daar slegs 'n geringe verband tussen epilepsie en misdaad bestaan, blyk dit nietemin uit die literatuur dat dié verband aan die ander kant ook egter nie onderskat moet word nie.

So konstateer Mannheim (1966, p.245) dat „epileptics are prone to sudden outbreaks of apparently motiveless violence and to develop strongly antisocial attitudes". Volgens Suinn (1970) kan hierdie geweldpleging selfs massamoord insluit. MacDonald (1958, p.100) voeg in dié verband by: „Aggressive acts may be directed against those persons the patient dislikes in a state of clear consciousness". Die bekende geval van Jack Ruby wat op sy

beurt die moordenaar van Pres. John Kennedy tydens 'n beweerde epileptiese aanval vermoor het, kan in dié lig verklaar word. Radzinowicz en Turner (1958) wys verder daarop dat die persoon hom, hoofsaaklik tydens 'n aanval van psigomotoriese epilepsie, ook aan sedelikheidsdelikte kan skuldig maak: „..... he may undress himself completely, or he may urinate in public". (p.47).

'n Aspek wat deur Mannheim (1966) beklemtoon word, is dat die oorsaak van die epileptikus se misdaadpleging nie altyd in die aanval as sodanig geleë is nie. Persoonlikheidseienskappe wat as gevolg van die toestand ontstaan, kan volgens hom 'n ewe groot rol speel bv. gevoelens van minderwaardigheid wat in negatiewe kompensasie resulteer.

(v) Alkoholpsigoses

Aangesien die omvang van die alkoholpsigoses onder jeugdiges uiters gering is, sal vervolgens slegs kortliks hieraan aandag geskenk word.

Volgens ondersoekers is dit veral patologiese dronkenskap wat van krimogene betekenis is. Kisker (1964, p.395) konstateer: „During the outburst of violence, the patient may commit almost any kind of assaultive crime. Physical aggression, heterosexual and homosexual advances, and even homocide are not uncommon". Suinn (1970, p.287) beaam hierdie stelling, maar vestig egter die aandag daarop dat „The reaction may be due to the alcohol simply acting as a precipitating factor in a person who is already typically impulsive and emotional".

Die betekenis van ander variëteite van alkoholpsigoses vir die misdaadpsigologie moet nietemin nie misgekyk word nie. Volgens Radzinowicz en Turner (1949) lei die verlies van selfbeheersing en verlaging van die moraal, wat kenmerkend is van alkoholiese deteriorasie, dikwels tot aanranding op die gesinslede terwyl seksuele en veral pedofilistiese oortredings ook nie vreemd is nie. Die paranoïede kleur van die hallusinasies by alkohol-hallusinoses kan op sy beurt tot aggressiewe handelinge teen die vermeende vervolgers aanleiding gee (Geldenhuys en Du Toit, 1971). Ten opsigte van delirium tremens verklaar Radzinowicz en Turner (1949, p.170) dat „There is usually a state of extreme terror, and assaults on persons entering the room are not infrequent". Rakende Korsakoff se psigose sê dieselfde skrywers dat rusverstoring feitlik die enigste misdryf is wat deur hulle by dié pasiënte aangetref is.

Ander vorms van psigotiese en breinversteurings wat kriminogene waarde inhou, is involusie-melancholie en die ouderdompsigoses. Omrede dié versteurings egter nie by jeugdiges aangetref word nie, word nie daarop ingegaan nie.

### (b) Die Neurotiese Toestande

Die verband tussen die neurotiese toestande en misdaad lok uiteenlopende menings uit. So konstateer Taft (1956, p.127) dat „there seems to be little evidence that persons labelled neurotic are especially prevalent among criminals". Aan die ander kant is Karpman (soos aangehaal deur Radzinowicz en Turner, 1949) van mening dat die meeste mis-

dade tot 'n neurotiese basis teruggevoer kan word.

Volgens die ondersoeker is die verband tussen die neuroses en misdaad hoofsaaklik daarin geleë dat beide uit spanning, konflikte en frustrasies kan ontstaan. Die uitingsvorm verskil egter. By die oortreder is die straf teen die omgewing gemik, terwyl die straf by die neurotikus op homself gerig word, dit wil sê in die eerste geval is die omgewing of maatskappy die lydende party en in die tweede geval is dit die persoon self (vgl. Friedlander, 1967 en Glover, 1960).

Die rede waarom die een persoon 'n neurose ontwikkel terterwyl 'n ander in die misdaad verval, is volgens Mannheim (1966) in die óórsaak van die onderliggende konflikte, frustrasies en spanning geleë. „If they are rooted in himself, he is likely to develop a neurosis; if however, they are caused by other people, he is more likely to commit delinquent acts" (p.258).

Uit die voorafgaande moet nietemin nie afgelei word dat die neurotikus teen die misdaad gevrywaar is nie. Lindner (1946) konstateer in dié verband dat sommige neurotici die oplossing van hul konflikte juis in die misdaad probeer vind. Hier is veral negatiewe kompensasiehandelinge vir byvoorbeeld gevoelens van minderwaardigheid ter sprake. Dan huldig ondersoekers soos Caldwell (1965) die mening dat die neurotikus misdade kan pleeg ten einde sy onbewuste wens na straf te bevredig. Mannheim (1966) verklaar ook dat misdrywe soos ekshibisionisme, fetisjisme, kleptomanie en piromanie dikwels obses-

siewe-kompulsiewe elemente bevat, terwyl Neustatter (1958) van twee gevalle melding maak waar 'n moordenaar as 'n histerikus gediagnoseer is.

(c) <u>Psigopatie</u>

Die vernaamste rede vir die twisgeskil oor die verband tussen psigopatie en misdaad is geleë in die uiteenlopende kliniese omskrywings van die begrip „psigopatie". Sommige ondersoekers sien die begrippe „psigopatie" en „misdadiger" as sinoniem (vgl. Geldenhuys en Du Toit, 1971), terwyl Roux (1974, p.34) pertinent verklaar: „misdadige gedrag kan aanduidend wees van psigopatie, maar is dit nie noodwendig nie, aangesien die begrip psigopatie veel meer as bloot kriminele gedrag behels". Die ondersoeker skaar hom by laasgenoemde siening. Wat wel waar is, is dat die eienskappe van die psigopaat 'n ideale teelaarde vir misdaad skep. Dat misdaad konstant uit dié eienskappe voortvloei, kan egter nie mee akkoord gegaan word nie.

Die psigopaat se kenmerkende onverantwoordelikheid, impulsiwiteit, patologiese egosentrisiteit, lae frustrasietoleransiedrempel, patologiese leuenagtigheid en onbetroubaarheid, onvermoë om uit vorige strafervaring te leer, asook die gebrek aan insig, emosionele diepte, berou en skuldgevoel het tot gevolg dat daar haas geen misdaad is wat nog nie deur 'n psigopaat gepleeg is nie. „They forge cheques, steal repeatedly, lightly indulge in bigamy, swindle, and show little or no compunction about their sexual behavior", aldus Arieti (1969, p.571). Hierbenewens

maak ondersoekers melding van ander psigopatiese misdade wat feitlik die hele veld van ekonomiese, aggressiewe, seksuele en selfs politieke misdrywe insluit (Neustatter, 1958; Bromberg, 1972).

Volgens Maslow en Mittelmann (1951) en Roux (1974) kan psigopatiese oortreders hoofsaaklik in drie tipes ingedeel word:

Eerstens die innemend- imponerende of manipulerende tipe van wie Maslow en Mittelmann sê: „They are persons with pleasant manners and ease of contact, who gain the confidence, interest and affection of people in whom they are interested" (pp.407 - 408). Uit die aard van hul eienskappe pleeg hierdie tipe psigopaat veral bedrog van allerlei aard deur hom byvoorbeeld as 'n geneesheer of 'n bekleër van 'n hoë pos voor te doen.

Tweedens die rebels-aggressiewe tipe wat Roux (1974, p.39) as die „moeilikheidmakers" beskou. Hulle is aggressief, prikkelbaar en gaan by geringe provokasie tot verbale of fisiese aggressie oor. Gevolglik is laster, vandalisme, gewone en seksuele aanranding en moord dikwels die uitvloeisel.

Derdens die ontoereikend-afhanklike tipe wat gekenmerk word deur die parasitiese bestaan wat hulle voer. Soms is daar hipokondriese klagtes aanwesig om hul omgewing te hanteer of om verantwoordelikheid te ontduik (Roux, 1974). Ekonomiese misdrywe soos klein-diefstal en bedrog is hier op die voorgrond.

Die genoemde twee ondersoekers vestig egter die aandag daarop dat die voorafgaande indeling nie as absoluut gesien moet word nie, aangesien dit dikwels gebeur dat 'n mengbeeld by een persoon aanwesig is.

(d) Defektiewe Intellektuele Vermoë

Die kriminogene betekenis van 'n defektiewe intellektuele vermoë as psigopatologiese toestand sal by die bespreking van die toetsresultate onder die soeklig kom en geniet dus nou nie aandag nie.

## 1.3 Samevatting

In die poging om psigologiese navorsingsgegewens oor jeugmisdaad aan te vul, is in hierdie hoofstuk op 'n kri-ties-evaluerende wyse gelet op die vernaamste kriminogene faktore wat deur die literatuur aan die lig gebring word.

Wat die bio-fisiese determinante betref, is aandag geskenk aan oorerwing, konstitusie, fisiese siektes en defekte, neurologiese en endokriene versteurings, asook chromosoom-abnormaliteite. Dit blyk dat nie een van dié determinante sonder meer aan die etiolcgie van jeugmisdaad gekoppel kan word nie. Dat hulle wel 'n onderliggende predisposisie kan meebring wat in samehang met ander faktore in misdaad kan resulteer, kan egter geredelik aanvaar word.

Rakende sosio-kulturele faktore het die soeklig geval op gesinsonvolledigheid, die morele- en welstandspeil van die gesin, gemengde ouerhuise, gebrekkige dissipline, vriende,

gesinsmobiliteit en die skool. Opmerklik in dié verband is dat te veel ondersoekers dié faktore as die alfa en omega beskou, instede daarvan om dit uit 'n multipele faktoriale oogpunt te sien. Alleenlik wanneer die sosio-kulturele faktore in interaksie met ander determinante gesien word, kry dit betekenis.

By die bespreking van die psigologiese determinante is eerstens aandag geskenk aan die navorsingsresultate van bepaalde ondersoekers. Hiervolgens het dit geblyk dat sekere psigologiese eienskappe soos impulsiwiteit, gevoelens van verwerping en minderwaardigheid, emosionele onstabiliteit en onsekerheid deur die meeste navorsers aangetref is. Tweedens is 'n uiteensetting van die verband tussen jeugmisdaad en onderskeie psigopatologiese toestande gegee waaruit gekonkludeer kan word dat, hoewel jeugmisdaad nie in alle gevalle tot psigopatologiese toestande teruggevoer kan word nie, die meeste sodanige toestande tog in sommige gevalle tot jeugmisdaad aanleiding kan gee.

# HOOFSTUK II

## METODE VAN ONDERSOEK

In hierdie hoofstuk word die wyse waarop die ondersoek aangepak en die gegewens ingesamel is, uiteengesit. Meer spesifiek word eerstens 'n omskrywing van die proefpersone wat betrek is, gegee. Tweedens volg 'n volledige beskrywing en evaluering van die meetinstrumente wat gebruik is en derdens word die wyse waarop die gegewens verwerk is, beskryf. Laastens sal enkele begrippe waarvan die betekenis nie duidelik in die loop van die ondersoek na vore kom nie, kortliks omskryf word.

### 2.1 Die Oortreders en Nie-oortreders

Met die doel om 'n basis vir vergelyking te verkry, is sowel jeugoortreders as nie-oortreders by die ondersoek ingesluit.

Die jeugoortreders het bestaan uit 90 blanke manlike leerlinge van die Constantia-verbeteringskool naby Kaapstad[1]. Die skool, vroeër bekend as Tokai en reeds byna 'n eeu oud, is die enigste verbeteringskool vir blanke manlike jeugoortreders in Suid-Afrika. Die oortreders is op 'n toevallige wyse gekies. Geen vorm van seleksie is dus toegepas nie: die eerste 90 oortreders wat hulle bereid verklaar het om saam te werk, is ingesluit. Verder is

1) Die ouderdomme van sowel die oortreders as die nie-oortreders word in Hoofstuk III weergegee.

dié proefpersone in groepe van ongeveer 30 elk getoets. Die verdeling is primêr om twee redes gedoen: eerstens was die kleiner groepe makliker hanteerbaar en tweedens bestaan elke klas in die skool uit ongeveer dieselfde aantal leerlinge, 'n reëling wat by die skoolroetine ingepas het. Die toetsing is in 'n steuringsvrye lokaal gedoen, met die ondersoeker en elke onderskeie groep se opsigter-onderwyser as toesighouers. Toetsing het gedurende September 1974 plaasgevind.

Die nie-oortreders het uit 90 blanke manlike dienspligtiges bestaan. Meer spesifiek is hulle op 'n basis van toevallige seleksie gekies uit militêre dienspligtiges van die Suid-Afrikaanse Weermag te Potchefstroom. Die rede vir die keuse van dienspligtiges as 'n „kontrolegroep" is enersyds omrede hulle ongeveer dieselfde ouderdom as die oortreders was en andersyds omdat dienspligtiges op 'n toevallige wyse uit alle lae van die bevolking opgeroep word en dus as verteenwoordigend beskou kan word. Net soos by die oortreders is by die dienspligtiges alleenlik van persone gebruik gemaak wat hul samewerking gegee het en is hulle ook in groepe van ongeveer 30 elk in 'n steuringsvrye lokaal aan die meetinstrumente onderwerp.

Wat die samewerking tydens die afneem van die toetse betref, het die jeugoortreders in teenstelling met wat verwag kan word, glad nie by die nie-oortreders afgesteek nie. Inderwaarheid het die gedrag van beide groepe die ondersoeker meer as net tevrede gestel. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat, soos genoem, alleenlik van proefpersone gebruik gemaak is wat hul volle samewerking

belowe het.

## 2.2 Die Meetinstrumente

Met die doel om nie alleen die vernaamste etiologiese faktore van jeugmisdaad te bepaal nie, maar ook om 'n daaruitvloeiende persoonlikheidsbeeld van die jeugoortreder te verkry, is die oortreders en nie-oortreders op 'n basis van vergelyking aan verskeie meetinstrumente onderwerp. Dié meetinstrumente is die volgende:

### 2.2.1 Die Biografiese Gegewens

Dit is belangrik geag om, benewens die persoonlikheidstoetse wat later bespreek sal word, ook biografiese gegewens by die ondersoek in te sluit. Die doel hiermee was eerstens om aandag te skenk aan kriminogene faktore wat met die gesin en skool verband hou en wat nie spesifiek deur die genoemde meetinstrumente uitgelig word nie. Tweedens sou hierdie inligting die geheelbeeld voltooi deur aspekte soos byvoorbeeld die oortredingsloopbaan te dek.

Aangesien daar egter nie 'n gestandaardiseerde vraelys beskikbaar was wat aan die vereistes van die ondersoek voldoen het nie, was die ondersoeker genoodsaak om sy eie toepaslike vrae op te stel. Ten einde die probleem van sowel subjektiwiteit as standaardisering te oorbrug, is besluit om alleenlik feitelike en dus objektiewe vrae te stel.

Dié vrae het die volgende aspekte gedek:

(a) identifiserende inligting soos naam, van en ouderdom;
(b) ouderdom tydens eerste oortreding;
(c) aard van oortredings;
(d) anti-sosiale groep- en bendevorming;
(e) anti-sosiale gedrag van die ouers;
(f) nasionaliteits- en/of godsdiensverskille by die ouers;
(g) gesinsonvolledigheid;
(h) stiefverhoudings;
(i) loonarbeid van die moeder;
(j) rondtrekkery van die gesin;
(k) onderwyspeil van die proefpersone;
(l) stokkiesdraai deur die proefpersone;
(m) skoolvertraging (druip) by die proefpersone.

Op die vraelys is die moontlike „antwoorde" ten opsigte van bogenoemde aspekte aangebring en van die proefpersone is verwag om die toepaslike „antwoorde" te merk. Om verwarring en onduidelikheid uit die weg te ruim, is elke item breedvoerig aan die proefpersone verduidelik alvorens hulle toegelaat is om die inligting te verstrek.

Die vraelys is per hand nagesien en gekontroleer. 'n Voorbeeld van die vraelys word as bylaag ingesluit.

### 2.2.2 <u>Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets (NSAG)</u>

Die volgende omskrywing van die NSAG is, tensy waar anders vermeld, ontleen aan die <u>Handleiding vir die Nuwe</u>

Suid-Afrikaanse Groeptoets (1965), 'n publikasie van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

2.2.2.1 Agtergrond

Tydens die jare 1951 tot 1956 is gelykwaardige Vorms A, B en C van die NSAG vir drie ouderdomsreekse, naamlik Junior (8 - 11 jaar), Intermediêr (10 - 14 jaar) en Senior (13 - 18 jaar), gestandaardiseer. Hierdie toetse is in 1956 vrygestel.

In 1957 is egter 'n aanvang geneem on die toetse te hersien met die oog op gemeenskaplike norms vir Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge. Eksperimentele Vorms D en E in die Intermediêre Reeks het gelei tot die finale Vorm G wat in 1963 vrygestel is. Vorms D en E in die Junior en Senior Reekse het op hul beurt gelei tot die finale Vorms J en K in die Junior Reeks en Vorms S en T in die Senior Reeks - vrygestel in 1965. Die items in hierdie finale vorms van al die Reekse is aanpassings van die items im die oorspronklike Vorms A, B en C en die norms is gemeenskaplik vir Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge.

2.2.2.2 Doel

„Die NSAG is opgestel om sekere aspekte van die ontwikkelingsintelligensie, dit is oorgeërfde intellektuele potensiaal wat tot op die dag van toetsing onder omgewingsinvloede ontwikkel het, te meet met die doel om gebruik te word as objektiewe hulpmiddel by die klassifikasie,

sifting en leiding van leerlinge" (Horne, 1973, p.38).

### 2.2.2.3 Beskrywing

Die toets bestaan uit ses subtoetse waarvan drie uit nie-verbale en drie uit verbale items saamgestel is. Elke subtoets bevat dertig items waarvan die eerste vyf as vooroefening gebruik word. Al die items is van die veelkeusige soort. Die proefpersoon moet aandui watter van die vyf moontlike antwoorde wat verstrek word, die regte een is.

Die nie-verbale subtoetse:

Toets 1: Getallerye
Die ontbrekende getal moet ingevul word.

Toets 3: Figuuranalogië
Uit 'n stel van vyf figuurtjies moet een uitgesoek word om 'n tweetal te voltooi, sodat dit 'n logiese ooreenkoms met 'n gegewe tweetal sal toon.

Toets 5: Patroonvoltooiing
Uit 'n stel van vyf figuurtjies moet een uitgesoek word om 'n groot vierkant wat uit nege klein vierkantjies bestaan, te voltooi.

Die verbale subtoetse

Toets 2: Klassifikasie van woordpare

Die woordpaar wat nie dieselfde onderlinge verhouding as vier ander woordpare toon nie, moet aangedui word.

Toets 4: Verbale redenering
Verbaal-geformuleerde probleme moet opgelos word.

Toets 6: Woordanalogieë
Uit 'n stel van vyf woorde moet een uitgesoek word om 'n woordpaar te voltooi, sodat dit 'n logiese ooreenkoms met 'n gegewe woordpaar sal toon.

Soos reeds genoem, bestaan die NSAG uit 'n junior, intermediêre en senior reeks. Uit die aard van die huidige ondersoek is alleenlik van die senior reeks gebruik gemaak.

Die werklike toetstyd is 55 minute en 'n verbale, nie-verbale en totale I.K.-telling word gerapporteer.

Wat die puntetellings betref, tel elke korrekte item 1 punt. Die puntetellings wat in subtoetse 1, 3 en 5 behaal word, gee tesame die nie-verbale puntetelling. Die gesamentlike punte van subtoetse 2, 4 en 6 is die verbale puntetelling, terwyl die ses subtoetse saam die totale puntetelling vorm. In die huidige ondersoek is die NSAG masjinaal nagesien.

2.2.2.4 <u>Betroubaarheid en Standaardmetingsfout</u>

In Tabel 3 word die betroubaarheid en standaardmetingsfout van die NSAG (Senior Reeks) weergegee. Die betroubaarheid is bereken volgens die Kuder-Richardson-formule (K - R 21). Daar dien egter op gelet te word dat die betroubaarheid bereken volgens dié formule, in die reël 'n onderskatting is.

TABEL 3

BETROUBAARHEID EN STANDAARDMETINGSFOUT VAN DIE NSAG (SENIOR REEKS)

| Toetse | Betrou-baarheid | Standaardmetingsfout | | N |
|---|---|---|---|---|
| | | Roupunte | I.K.-Punte | |
| Afrikaans: | | | | |
| Nie-verbaal | ,82 | 4,1 | 6,4 | 4434 |
| Verbaal | ,85 | 4,1 | 5,8 | 4434 |
| Totaal | ,90 | 5,9 | 4,8 | 4434 |
| Engels: | | | | |
| Nie-verbaal | ,81 | 4,2 | 6,5 | 2052 |
| Verbaal | ,84 | 4,2 | 6,0 | 2052 |
| Totaal | ,90 | 5,9 | 4,8 | 2052 |
| Afrikaans en Engels: | | | | |
| Nie-verbaal | ,83 | 4,2 | 6,3 | 6486 |
| Verbaal | ,85 | 4,1 | 5,8 | 6486 |
| Totaal | ,91 | 5,9 | 4,6 | 6486 |

Tabel oorgeneem uit: Handleiding vir die NSAG, p.20.

Sowel die betroubaarheid as standaadmetingsfout kan dus as baie bevredigend beskou word.

2.2.2.5 Geldigheid

Hoewel geldigheidstudies van die Senior Reeks van die NSAG nog nie beskikbaar is nie, het sodanige studies met die Junior Reeks onder andere bewys dat die samevallende geldigheid as bevredigend beskou kan word. Horne (1973) maak eweso melding van die ondersoek van Fouche (1967) wat die toetsresultate van byna 4 000 standerd 7-leerlinge ontleed het en waaruit die gevolgtrekking gemaak kan word dat „die NSAG 'n hoë mate van faktoriale geldigheid toon" (p.40).

### 2.2.2.6 Motivering vir Insluiting

Navorsing wat oor die intellektuele vermoë van jeugoortreders gedoen is, word gekenmerk deur teenstrydige bevindings. So het die bekende Burt (1961) verstandelike subnormaliteit vyf keer meer by die oortreders as nie-oortreders aangetref, terwyl die ewe-bekende Gluecks weer geen kwantitatiewe verskille by hul ondersoek- en kontrolegroepe kon aantref nie.

Die rede vir die insluiting van die NSAG in die huidige ondersoek was dan nie alleen om die kriminogene betekenis van intellektuele vermoë te bepaal nie, maar ook om die toedrag van sake by die Suid-Afrikaanse jeugoortreder vas te stel - 'n gebied wat tot op hede min aandag van navorsers ontvang het. Die feit dat die NSAG die enigste gestandaardiseerde Suid-Afrikaanse groepsverstandstoets is en daarby met welslae in die Constantia-verbeteringskool deur hul personeel gebruik is, het dit 'n vanselfsprekende keuse gemaak.

### 2.2.3 Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingsvraelys (PHSF)

Die volgende omskrywing van die PHSF is verkry uit die Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing se Voorlopige Handleiding vir die PHSF-Verhoudingsvraelys (1970).

#### 2.2.3.1 Agtergrond

Die Aanpassingsvraelys (NBAV) van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, wat reeds in 1951 vrygestel is en as siftingsmiddel vir persoonlike en sosiale aanpassing gedien het, is mettertyd na aanleiding van toepaslike navorsingsresultate hersien. In 1967 het die hersiening 'n aanvang geneem en is daar besluit dat die hersiene uitgawe die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingsvraelys moet heet. Die finale vorm van die toets is in 1969 in die Talentopname toegepas vir normberekening.

#### 2.2.3.2 Doel

Die doel van die PHSF-Verhoudingsvraelys is om die mate van aanpassing by hoërskoolleerlinge, studente en volwassenes te bepaal deur hul persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudings te meet.

#### 2.2.3.3 Rasionaal

„Hier gaan dit nie om die meting van persoonlikheidstrekke as sodanig nie, maar eerder om die uiting en dinamiek

daarvan in die persoon se strewe na harmonie binne die self en tussen die self en die omgewing" (p.4).

2.2.3.4 Komponente

Die PHSF meet 11 komponente van aanpassing wat onder die genoemde vier aanpassingsvelde verdeel word:

1. Persoonlike Verhoudinge (P)

Hier gaan dit om intra-persoonlike verhoudinge wat as basis vir aanpassing dien:

(1) Selfvertroue

Die mate waarin die persoon vertroue het in sy werklike of vermeende vermoë om suksesvol te wees.

(2) Eiewaarde

Die innerlike waardeskatting wat berus op evaluering en aanvaarding van werklike of vermeende persoonlikheidseienskappe, vermoëns en gebreke.

(3) Selfbeheer

Die mate waarin 'n persoon daarin slaag om sy emosies en drange volgens sy beginsels en oordeel te beheer of te kana-

liseer.

(4) Senuweeagtigheid

Die mate van aan- of afwesigheid van simptome van senuweeagtigheid soos openbaar deur angstige, doellose en herhalende gedrag.

(5) Gesondheid

Die mate van aan-of afwesigheid van beheptheid met die fisiese toestand.

II. II. Huislike Verhoudinge (H)

Hieronder word verstaan daardie verhoudinge binne die huisgesin wat deur die persoon as afhanklike ervaar word:

(6) Gesinsinvloede

Die mate waarin die persoon beïnvloed word deur faktore soos sy posisie in die gesin, verhouding tussen die ouers, gesinsamehorigheid en sosio-ekonomiese toestande.

(7) Persoonlike Vryheid (P)

Die mate waarin die persoon voel dat hy

nie deur sy ouers ingeperk is nie.

III. Sosiale Vryheid (S)

Hierdie aanpassingsveld het betrekking op die verhoudinge waardeur 'n persoon op harmonieuse en informele wyse by die sosiale omgewing inskakel:

(8) Sosialiteit -G

Die mate waarin 'n persoon behoefte het aan spontane deelname aan sosiale groepsverkeer, d.w.s. ekstroversie teenoor introversie.

(9) Sosialiteit -S

Die mate waarin 'n persoon behoefte het aan sosiale verkeer met 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag.

(10) Morele Inslag

Die mate waarin 'n persoon voel dat sy gedrag ooreenstem met die aanvaarde norme van die samelewing.

IV. Formele Verhoudinge (F)

Hierdie aanpassingsveld betrek die verhou-

dinge wat in formele situasies in die skool, kollege of universiteit of beroep aangetref word:

(11) Formele Verhoudinge

Die mate waarin 'n persoon op skool, kollege, universiteit of in sy beroep suksesvol is in sy formele verhoudinge tot sy medeleerlinge, medestudente of kollegas, asook gesagsfigure en meerderes.

Die PHSF het ook 'n twaalfde komponent, die gewenstheid- of geldigheidskaal, wat 'n aanduiding gee van die eerlikheid waarmee die persoon die vraelys beantwoord het.

2.2.3.5 Beantwoording

Die PHSF word nie gekenmerk deur rigiditeit nie, aangesien die persoon op 'n vierpuntskaal aandui hoe dikwels hy sekere verhoudinge of situasies ervaar. Soos volg:

A: Amper altyd/Altyd
B: Dikwels
S: Soms
N: Byna nooit/Nooit

2.2.3.6 Toetstyd

Hoewel geen tydsbeperking gestel word nie, word die

toetsling gevra om die vraelys so vinnig moontlik te voltooi. Die gemiddelde toetstyd is ongeveer 30 minute.

### 2.2.3.7 Nasien

'n Vierpuntskaal word, soos genoem, gebruik en aan elke indeling van die skaal word 'n gewig toegeken. Vir die positiewe vrae is die gewigte onderskeidelik 3, 2, 1, en 0, en vir die negatiewe vrae onderskeidelik 0, 1, 2 en 3. Daar is 15 items per komponent wat die totale aantal vrae (die geldigheidskaal ingesluit) dus op 180 te staan bring.

Die PHSF kan per hand of masjinaal nagesien word. In die huidige ondersoek is van laasgenoemde metode gebruik gemaak.

### 2.2.3.8 Betroubaarheid en Standaardmetingsfout

Die PHSF se betroubaarheid, bereken volgens die halfverdelingsmetode, en standaardmetingsfout, uitgedruk in staneges, word in die volgende tabel weergegee.

TABEL 4

BETROUBAARHEID EN STANDAARDMETINGSFOUT VAN DIE PHSF

| Komponent | Betroubaarheid | | Standaard-metingsfout | |
|---|---|---|---|---|
| | Seuns | Meisies | Seuns | Meisies |
| 1 Selfvertroue | 0,80 | 0,79 | 0,88 | 0,90 |
| 2 Eiewaarde | 0,75 | 0,74 | 0,98 | 1,00 |
| 3 Selfbeheer | 0,71 | 0,70 | 1,06 | 1,07 |
| 4 Senuweeagtigheid | 0,74 | 0,74 | 1,00 | 1,00 |
| 5 Gesondheid | 0,80 | 0,85 | 0,88 | 0,76 |
| 6 Gesinsinvloede | 0,85 | 0,88 | 0,76 | 0,68 |
| 7 Persoonlike Vryheid | 0,87 | 0,89 | 0,71 | 0,65 |
| 8 Sosialiteit -G | 0,88 | 0,89 | 0,68 | 0,65 |
| 9 Sosialiteit -S | 0,91 | 0,89 | 0,59 | 0,65 |
| 10 Morele Inslag | 0,79 | 0,77 | 0,90 | 0,94 |
| 11 Formele Verhoudinge | 0,83 | 0,80 | 0,81 | 0,88 |
| 12 Gewensdheidskaal | 0,75 | 0,78 | 0,98 | 0,92 |

Tabel oorgeneem uit: Voorlopige Handleiding vir die PHSF, p.22

Uit Tabel 4 blyk dit dus dat sowel die betroubaarheid as die metingsfout van die PHSF bevredigend aan die vereistes van 'n goeie meetmiddel beantwoord.

2.2.3.9 Geldigheid

Uit 'n ondersoek wat met die voorlopige vorm van die PHSF uitgevoer is, het dit geblyk dat dié vraelys 'n hoë mate van konsepgeldigheid toon. Die PHSF is naamlik op leerlinge in twee skole vir gedragsafwykendes toegepas. Hierdie resultate is met dié van die normgroep vergelyk. Die verskille tussen die gemiddeldes (z-waardes) word in Tabel 5 uiteengesit.

TABEL 5

DIE GELDIGHEID VAN DIE PHSF OP GROND VAN Z-WAARDES

| | Komponent | | Seuns | Meisies |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Selfvertroue | | 3,15** | 1,84* |
| 2 | Eiewaarde | | 4,59** | 0,72 |
| 3 | Selfbeheer | | 3,61** | 3,21** |
| 4 | Senuweeagtigheid | | 2,50** | 6,73** |
| 5 | Gesondheid | | 5,39** | 9,35** |
| 6 | Gesinsinvloede | | 4,52** | 5,57** |
| 7 | Persoonlike Vryheid | | 5,78** | 9,16** |
| 8 | Sosialiteit -G | | 3,52** | 4,12** |
| 9 | Sosialiteit -S | | 0,79 | 2,16* |
| 10 | Morele Inslag | | 6,36** | 6,19** |
| 11 | Formele Verhoudinge | | 3,30** | 6,56** |
| 12 | Gewensdheidskaal | | 2,94** | 1,66* |
| | Gedragsafwykendes: | N | 62 | 114 |
| | Normgroep: | N | 909 | 879 |

* Verskil beduidend op 5%-vlak (eenkantig)

** Verskil beduidend op 1%-vlak (eenkantig).

Tabel oorgeneem uit: Voorlopige Handleiding vir die PHSF, p.30

2.2.3.10 Motivering vir Insluiting

Die PHSF is primêr op grond van twee redes ingesluit.

Eerstens leen nie alleen die breë velde wat die vraelys dek nie, maar ook die afsonderlike faktore binne die velde hulle ideaal vir misdaadpsigologiese navorsing (vgl. 2.2.3.4). Elkeen van die velde en faktore het naamlik 'n kriminogene kleur. Inderwaarheid is die interpretasievoorbeeld in die Handleiding dan ook dié van 'n nywerheidskoolleerling.

Tweedens is die PHSF onder andere ook op nywerheidskoolleerlinge gestandaardiseer. Dié resultate het aan die lig gebring dat die vraelys wel met vrug op sodanige jeugdiges toegepas kan word.

2.2.4 Die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys (16-PF)

2.2.4.1 Beskrywing

Die 16-PF is in 1949, na meer as 20 jaar van intensiewe navorsing, deur Raymond B. Cattell en sy medewerkers opgestel. Die vraelys dek soveel as 16 persoonlikheidsdimensies wat deur faktor-analitiese navorsing op sowel normale as kliniese groepe bepaal is. Van dié 16 dimensies of faktore verklaar Cattell en Eber (1962, p.3) dat „The personality factors measured are not just peculiar to the 16 PF Test. They have been established as unitary, psychologically-meaningful entities in many researches in various life situations. They enter into general psy-

chological theory and into tests used at other stages and in other cultures".

Van die moontlike kritiek dat 16 dimensies te veel is om deur 'n enkele persoonlikheidstoets gemeet te word, laat Cattell (soos aangehaal deur Smit, 1971, p.71) hom soos volg uit: „......... but if such is the real complexity of human nature, and if, as studies show, the majority of these personality characteristics are involved in most criterion predictions, a much better multiple correlation is to be obtained by respecting the complexity than by indulging in a fool's paradise of over simplification".

Vorm A, die vorm waarvan in die huidige ondersoek gebruik gemaak is, bestaan uit 187 vrae wat van 10 tot 13 items vir elk van die 16 faktore bevat. Elke vraag het drie alternatiewe antwoorde - byvoorbeeld „ja", „nee" en „onseker" - maar in die instruksies word die toetsling aangesê om so min moontlik van die „onseker"-antwoord gebruik te maak. Aan elke antwoord word 0, 1 of 2 punte toegeken, behalwe by Faktor B waar die puntetoekenning slegs 0 (verkeerd) of 1 (korrek) is.

Hoewel geen tydsbeperking gestel word nie, word dit van die toetslinge verwag om die vraelys in ongeveer 45 tot 60 minute te voltooi. Die 16-PF kan per hand of, soos in die geval van die huidige ondersoek, per komper nagesien word.

Met die oog op die latere vertolking van die gegewens, word 'n kernagtige beskrywing van die 16 faktore van die

vraelys gegee (Cattell, Eber en Tatsuoka, 1970, pp.77 - 109).

TABEL 6

VERKORTE BESKRYWING VAN DIE 16 PERSOONLIKHEIDSFAKTORE GEMEET DEUR DIE 16-PF

| Lae Tellings | Hoë Tellings |
|---|---|
| | **Faktor A: Sosialiteit** |
| Sisotemie, -A | Affektotemie, +A |
| Krities | Goedgeaard, sorgeloos |
| Glo in homself | Koöperatief |
| Koel, afsydig | Hou van mense |
| Presies, objektief | Saggeaard, ongeërg |
| Agterdogtig, skepties | Vertrouend |
| Onbuigbaar | Aanpasbaar, nalatig |
| Koud | Warmhartig |
| Nukkerig | Lag maklik |
| | **Faktor B: Intellektuele Vermoë** |
| Lae Intelligensie, -B | Hoë Intelligensie, +B |
| Leer stadig | Leer vinnig |
| Onvermoë om abstrakte probleme te hanteer | Openbaar insig, intellektueel aanpasbaar |
| Geneig tot disorganisasie | Toon intellektuele be- |

| | |
|---|---|
| | langstellings |
| Swak oordeelsvermoë | Goeie oordeelsvermoë |
| Lae moraal | Hoë moraal |
| Gooi maklik tou op | Volhardend |

## Faktor C: Emosionele Stabiliteit

| Emosionele Onstabiliteit, -C | Emosionele Stabilitiet, +C |
|---|---|
| Emosioneel onvolwasse | Emosioneel volwasse |
| Veranderlik t.o.v. houdings en belangstellings | Stabiel, konstant t.o.v. belangstellings |
| Maklik versteurbaar | Kalm |
| Ontduik verantwoordelikheid | Realisties |
| Vol kwellings | Rustig, bedaard |
| Raak maklik betrokke in probleemsituasies | Probeer om probleemsituasies te vermy |

## Faktor E: Dominansie

| Onderdanigheid, -E | Dominansie, +E |
|---|---|
| Onderdanig | Aanmatigend, selfversekerd |
| Afhanklik | Selfstandig |
| Konsidererend, diplomaties | Hardvogtig, vyandiggesind |
| Ekspressief | Stroef |
| Konvensioneel, inskiklik | Onkonvensioneel, opstandig |
| Raak maklik ontsteld | Koppig, eiewys |

| | |
|---|---|
| Beskeie | Aandagsoekerig |

## Faktor F: Sorgvryheid

| Soberheid, -F | Sorgvryheid, +F |
|---|---|
| Stil, introspektief | Spraaksaam |
| Het probleme | Opgeruimd |
| Besorg | Sorgloos |
| Swygsaam | Openhartig |
| Tydsaam, versigtig | Vinnig, wakker |

## Faktor G: Pligsgetrouheid

| Lae Superegosterkte, -G | Superegosterkte, +G |
|---|---|
| Gooi tou op, wispelturig | Volhardend, vasberade |
| Ligsinnig | Verantwoordelik |
| Selfbevredigend | Emosioneel gedissiplineerd |
| Laks, lui | Konsensieus |
| Onbetroubaar | Oorheers deur pligsbesef |
| Verontagsaam verpligtinge teenoor mense | Besorg oor morele standaarde en regulasies |

## Faktor H: Avontuurlustigheid

| Skugterheid, -H | Avontuurlustigheid, +H |
|---|---|
| Skaam, teruggetrokke | Waaghalsig, joviaal |

| | |
|---|---|
| Ingetoë in aanwesigheid van teenoorgestelde geslag | Toon openlike belangstelling in teenoorgestelde geslag |
| Emosioneel versigtig | Simpatiek, hartlik |
| Geneig tot verbitterdheid | Vriendelik |
| Beheersd, reëlgebonde | Impulsief |
| Beperkte belangstellings | Emosionele en kunssinnige belangstellings |
| Versigtig, konsidererend, sien gou gevaartekens raak | Sorgeloos, sien nie maklik gevaartekens |

## Faktor I: Emosionele Gevoeligheid

| Gehardheid, -1 | Emosionele Gevoeligheid, +1 |
|---|---|
| Onsentimenteel, verwag min van die lewe | Rusteloos, verwag aandag en affeksie |
| Selfstandig, aanvaar verantwoordelikheid | Afhanklik, onseker, soek hulp en simpatie |
| Hard (byna sinies) | Aangenaam, vriendelik |
| Min kunssinnigheid, goeie smaak ontbreek egter nie noodwendig nie | Artisties puntenerig, teatraal, geroer deur kuns |
| Handel op praktiese, logiese gronde | Handel op sensitiewe intuïsie |
| Hou by die punt | Aandagsoekerig, ligsinnig |
| Aanvaar fisiese gebreke | Hipochondries, angstig |

## Faktor L: Agterdogtigheid

| Ontspanne Sekuriteit, -L | Agterdogtigheid, +L |
|---|---|
| Aanvaardend | Jaloers |
| Inskiklik | Dogmaties |
| Vertrouend | Agterdogtig |
| Vergeet maklik probleme | Wei uit oor frustrasies |
| Verdraagsaam, permissief | Tirannies |
| Teerhartig | Hardvogtig |
| Versoenend | Prikkelbaar |

## Faktor M: Verbeëldingrykheid

| Prakties Georiënteerd, -M | Introversief Verstrooid +M |
|---|---|
| Konvensioneel, gerig op feitelike | Onkonvensioneel, in hom-self gekeer |
| Belangstelling beperk tot die onmiddellike | Stel belang in kuns, teo-rie en beginselsake |
| Vermy enige iets vergesogs | Skeppend, verbeelding-ryk |
| Ernstig, bekommerd, maar standvastig | Gewoonlik opgeruimd, maar gee soms moed op |

## Faktor N: Skerpsinnigheid

| Naïwiteit, -N | Skerpsinnigheid, +N |
|---|---|
| Opreg, maar sosiaal lomp | Afgerond, sosiaal bewus |
| Vae, onoordeelkundige denke | Presiese, eksakte denke |
| Raak emosioneel betrokke | Emosioneel afsydig en |

| | |
|---|---|
| | beheersd |
| Spontaan, natuurlik | Uitgeslape |
| Eenvoudige smaak | Esteties kieskeurig |
| Gebrekkige selfinsig | Goeie selfinsig |
| Gebrekkige begrip vir ander se optrede | Goeie mensekennis |
| Aanvaar toekoms | Ambisieus, moontlik onseker |
| Blinde geloof in mense | Soek kortpaaie |

## Faktor O: Skuldgeneigdheid

| Selfvertroue, -O | Skuldgeneigdheid, +O |
|---|---|
| Vol selfvertroue | Bekommerd, angsvallig |
| Opgeruimd, veerkragtig | Terneergedruk, huil maklik |
| Onboetvaardig, kalm | Gevoelig, buierig |
| Onverskillig t.o.v. ander se mening | Sensitief vir ander se mening |
| Traak-my-nie-agtig | Presies, puntenerig |
| Onbeleefd, energiek | Hipochondries en ontoereikend |
| Geen vrese | Fobiese simptome |
| Eenvoudige optrede | Eensaam, peinsend |

## Faktor Q1: Radikalisme

| Konserwatisme, -Q1 | Radikalisme, Q1 |
|---|---|
| Konserwatief | Ondersoekend |

| | |
|---|---|
| Respekteer reëls | Liberaal, analities |
| Verdraagsaam t.o.v. tradisionele probleme | Vrydenkend, radikaal |

<u>Faktor Q2: Selfgenoegsaamheid</u>

| <u>Groepafhanklikheid, -Q2</u> | <u>Selfgenoegsaamheid, Q2</u> |
|---|---|
| Sosiaal groepafhanklik | Selfgenoegsaam |
| Goeie volgeling | Verkies om besluite self te neem |

<u>Faktor Q3: Selfbeheersing</u>

| <u>Lae Selfsentiment, -Q3</u> | <u>Hoë Selfsentiment, +Q3</u> |
|---|---|
| Onbeheersd | Beheersd |
| Laks | Goeie wilskrag |
| Volg eie aandrange | Sosiaal presies, kompulsief |
| Verontagsaam sosiale reëls | Volg selfbeeld na |

<u>Faktor Q4: Gespannenheid</u>

| <u>Ontspannenheid, -Q4</u> | <u>Gespannenheid, +Q4</u> |
|---|---|
| Ontspanne, kalm, traag ongefrustreerd, besadig | Gespanne, gefrustreerd, gejaagd, prikkelbaar, knieserig |

2.2.4.2 <u>Betroubaarheid en Geldigheid</u>

Cattell, Eber en Tatsuoka (1970) verstrek toets-hertoets-betroubaarheidskoëffisiënte, bereken na 'n tydsverloop van vier tot sewe dae, wat wissel van 0,58 vir Faktor B tot 0,83 vir Faktor H. Stabiliteitskoëffisiënte, bereken na 'n tydsverloop van twee maande, het gewissel van 0,63 vir Faktor B tot 0,88 vir Faktor H. Vermeulen (1972) verwys ook na half-verdelingsbetroubaarheidskoëffisiënte van die 16-PF wat wissel van 0,71 vir Faktor Q1 tot 0,93 vir Faktor C.

Wat die geldigheid van die 16-PF betref, verklaar Fischer (1956) soos aangehaal deur Smit (1971, p.78) dat ,,....... these sixteen factors were not first arbitrarily named to conform to some clinical hypothesis or persuasion and then constructed into tests. Actually the traits were found by repeated factor analysis as unquestionable unitary or source traits. After these traits were established beyond any mathematical doubt, they were named according to the content of the items in the factor and this factor's correlation with various clinical and industrial criteria".

Karson en Pool (1957) het die inhoudsgeldigheid van die toets nagevors en bevind dat daar 'n beduidende verband tussen die prestasies van die MMPI en dié van die 16-PF is. Cattell, Eber en Tatsuoka (1970) vermeld direkte konsepgeldigheidskoëffisiënte wat varieer tussen 0,53 vir Faktor B en 0,94 vir Faktor H. Volgens Smit (1971) besit die 16-PF eweso voorspellingsgeldigheid en haal verskeie navorsingsresultate aan waar die toets met vrug gebruik is vir die voorspelling van beroepskeuses, ongeluksvatbaarheid, akademiese sukses, en so meer.

Uit bogenoemde uiteensetting is dit duidelik waarom Maas (1971, p.102) die 16-PF as „'n betroubare en uiters geldige instrument" beskou.

2.2.4.3 Motivering vir Insluiting

Aangesien een van die doelstellings van die ondersoek was om 'n persoonlikheidsbeeld van die jeugmisdadiger daar te stel, is besluit om die 16-PF as aanvullende vraelys by die PHSF in te sluit. Daar is op die 16-PF besluit omrede die faktore van dié vraelys nie alleen by die onderskeie faktore van die PHSF aansluit nie, maar ook enkele ander aspekte van belang dek wat nie by die PHSF aangetref word nie. Op die vraag of die 16-PF met vrug op jeugmisdadigers toegepas kan word, verskaf Cattell, Eber en Tatsuoka (1970) talle inligting wat bewys lewer van die bevredigende navorsingsresultate wat in sodanige ondersoeke verkry is.

2.2.5 Die Tematiese Appersepsietoets (TAT)

2.2.5.1 Agtergrond

Nadat navorsers soos Galton in 1879, Ebbinghaus in 1905, Brittain in 1907 en Clark in 1925 stimulerende bydrae gemaak het, is 'n nuwe era in 1935 ingelei met die bekendstelling van die TAT deur Murray en Morgan (Tomkins, 1947). Drie jaar later het 'n publikasie verskyn waarin die preliminêre resultate van die TAT geïntegreer is met die algemene persoonlikheidsteorie wat deur Murray en sy medewerkers by die Harvard Psigologiese Kliniek ontwik-

kel is. Vandaar het die TAT vinnig veld gewen en word vandag beskou as een van die mees gebruikte vrye-assosiasie tegnieke. Inderwaarheid is daar kwalik 'n psigologiese navorsingsveld wat nog nie deur die TAT gedek is nie (vgl. Wolman, 1965).

### 2.2.5.2 Beskrywing

Die toets bestaan uit 30 swart en wit prentkaarte en een blanko kaart. Agterop elke kaart is 'n aanduiding of die spesifieke kaart op mans, seuns, vrouens en/of meisies toegepas moet word. 'n Volledige toepassing van toets behels 20 kaarte wat afgeneem word in twee eenuur-sessies, met 10 kaarte per sessie. Die doel is dat die toetslinge 'n storie oor elke kaart moet vertel wat dan op sy beurt geïnterpreteer word. Geen tydsbeperking word gestel nie, die toetsafnemer sê so min moontlik en die vrae van die toetsling word nie-direktief hanteer.

### 2.2.5.3 Rasionaal

Net soos in die geval van die ander projektiewe meetinstrumente soos die Rorschach- en Szondi-toets berus die rasionaal van die TAT primêr op projeksie. So konstateer Stein (1950, p.23) in sy handleiding vir die TAT dat „People reveal their personalities and problems in talking about others and in structuring unstructured situations. The characters, the situations and the problems described in the stories are the same as those observed and encountered in everyday life".

Die term „projeksie" is in 1894 deur Freud bekendgestel in sy referaat „The Anxiety Neurosis". Hierin het hy verklaar dat „The psyche develops the neurosis of anxiety when it feels itself unequal to the task of mastering (sexual) excitation arising endogenously. That is to say, it acts as if it had projected this excitation into the outer world" (soos aangehaal deur Bellak, 1954, p.13). In 1896 het Freud in 'n volgende referaat „On the Defense of Neuropsychoses" die term meer duidelik gestel: „ .... projection is a process of ascribing one's own drives, feelings, and sentiments to other people or to the outside world as a defensive process that permits one to be unaware of these 'undesirable' phenomena in oneself" (Bellak, 1954, p.13).

Hoewel die begrip projeksie dus uit 'n bespreking van neuroses en psigoses voortgevloei het, moet dit egter nie altyd in 'n abnormale lig gesien word nie. Inderwaarheid het Freud dit dan ook duidelik gestel dat die term op sowel abnormale as „normale" gedrag van toepassing is: „.......... projection is not specially created for the purpose of defense, it also comes into being where there are no conflicts" (soos aangehaal deur Brill, 1938, p.857).

Sedertdien is baie gespekuleer en geskryf oor projeksie en is daar selfs diegene wat die begrip projeksietoets bevraagteken (vgl. Du Toit en Piek, 1974 en Pelser, 1958). Barnard (1969, p.10) konstateer in laasgenoemde verband dat „By nadere bestudering van projeksietoetse blyk dit egter dat hierdie toetse nie slegs op projeksie baseer is nie, maar dat ander ego-verdedigingsmeganismes soos by-

voorbeeld fantasie, reaksie-formasie, identifikasie, ens. net so 'n groot rol as projeksie speel. Deur middel van die aanwending van hierdie meganismes openbaar die toetsling net soveel van die dinamika van sy persoonlikheid as wat die geval met projeksie is. Dit is dus streng gesproke nie korrek om van projeksietoetse te praat nie, aangesien ander verdedigingsmeganismes ook werksaam is wanneer die toetsling response op 'n sogenaamde projeksietoets gee".

Hoewel Barnard se siening veel waarheid inhou, moet daar egter gewaak word teen 'n onnodige haarklowery oor die term en dat meer essensiële vrae in dié proses misgekyk word. „Dit wil voorkom of hierdie redenering eintlik nodig is om rekenskap te gee van die term „projeksie" en nie soseer om die rasionaal vir dié soort toets te omlyn nie. Daarom is dit nie nodig om die geskil rondom die begrip verder te neem nie. Meer direkte antwoord is wel nodig op die vrae: Wat is projeksietoetse? En wat word daarmee beoog?" (Du Toit en Piek, 1974, p.15).

Volgens Anderson en Anderson (1952) is die grondbeginsels van projeksietoetse die volgende:

(a) Projeksietoetse het te make met die struktuur of organisasie van unieke persoonlikhede. In teenstelling met die tradisionele psigometriese tegnieke word die persoonlikheid deur projektiewe toetsing gesien as 'n samehang en wisselwerking van verskillende prosesse „rather than a checklist of abilities and traits" (p.542).

(b) Die persoonlikheid word gesien as 'n relatiewe stabiele samestelling van unieke prosesse - georganiseer rondom die behoeftes, gevoelens en persoonlike ondervinding van die individu met die oog op die handhawing en verdediging van sy private wêreld. In hierdie proses word die innerlike en uiterlike drukspanning gedurig beïnvloed deur die individu se ondervindings in die verlede. Projeksietoetse word gebruik om die dieperliggende motiewe, verdedigingsmeganismes en die organisasie van die persoonlikheid - almal faktore wat die individu se optrede in nuwe situasies en teenoor lewensprobleme bepaal - aan die lig te bring.

(c) Die samestelling van basiese dinamiese prosesse is voortdurend werksaam in die lewe van die individu. Elke uitdrukking, waarneming, daad, gevoel, gesegde en ander aktiwiteite van die individu dra die stempel van sy persoonlikheid. „This third major assumption in projective testing, that an individual patterns his personal productions in accordance with the dispositions of his active personality matrix, has been referred to specifically as the 'projective hypothesis'" (p.542 - 543).

Wanneer die voorafgaande grondbeginsels as vertrekpunt gebruik word en die soeklig dan spesifiek na die TAT gedraai word, blyk dit dat die vernaamste aannames van dié tegniek die volgende is (Du Toit en Piek, 1974; Barnard, 1969; Bellak, 1954 en Murstein, 1965):

(a) Die toetsling se strewes, disposisies en konflikte word weerspieël in die storie wat hy struk-

tureer of vertel. „In creating a story the story-teller ordinarily identifies with one person in the drama, and the wishes, strivings, and conflicts of this imaginary person may reflect those of the story-teller," aldus Bellak (1954, p.29). (Vgl. ook die siening van Stein op p. 108 van huidige ondersoek).

(b) Die toetsling openbaar inligting wat hy andersins nie kan of wil openbaar nie. Aangesien die persoon van mening is dat hy besig is om objektiewe materiaal te beskryf, is hy nie bewus daarvan dat hy sy eie konflikte, vrese, wense, ensomeer, aan die lig te bring nie. Soos Murray (1971, p.1) dit stel: „As a rule the subject leaves the test happily unaware that he has presented the psychologist with what amounts to an X-Ray picture of his inner self".

(c) Die derde aanname word psigiese determinisme genoem. Hiermee word nie bedoel dat die mens 'n produk van sy verlede is nie, maar dat die storie wat die toetsling oor 'n TAT-kaart vertel, nie bloot toevallig is nie. 'n Kritiekpunt wat dikwels teen die TAT ingebring word, is dat die toetsling die tema van byvoorbeeld 'n boek of rolprent in sy TAT-storie kan rekonstrueer. „In hierdie geval word egter uit sy vorige ondervindinge slegs sekere temas onthou en gebruik. Hierdie temas word juis onthou omdat dit vir hom 'n besondere betekenis het en ook op 'n be-

tekenisvolle wyse aangepas word by die prentstimulis wat hy ontvang" (Barnard, 1969, p.20).

### 2.2.5.4 Toepassing in huidige Ondersoek

In die huidige ondersoek is alleenlik van vier kaarte gebuik gemaak, te wete:

Kaart 6BM (moeder-seun-verhouding): 'n Kort ouerige vrou staan met haar rug gekeer na 'n groot, jong man. Laasgenoemde kyk met 'n verleë, onseker uitdrukking afwaarts.

Kaart 7BM (vader-seun-verhouding): 'n Man met grys hare kyk na 'n jonger man wat met 'n somber uitdrukking voor hom uitstaar.

Kaart 10 (verhouding tussen ouers): 'n Jong vrou se kop teen 'n man se skouer.

Kaart 13MF (aggressie en heteroseksuele verhoudinge): 'n Jong man staan met 'n geboë hoof met sy arm oor sy gesig. Agter hom is die figuur van 'n vrou wat in 'n bed lê.

Dié kaarte is op 'n groepsbasis toegepas en wel soos volg:

Skyfies is van elk van die vier kaarte laat maak en sorg is gedra dat die skyfies se geprojekteerde beeld in alle opsigte met dié van die oorspronklike kaarte ooreenstem. In sowel die geval met die oortreders as nie-oortreders

is die skyfies met behulp van 'n projektor aan die proefpersone vertoon. (Die „vertoning" het in beide gevalle geskied in lokale waar die beligting gereël kon word sodat die geprojekteerde beeld aan die nodige vereistes kon voldoen). Elke skyfie is vir ongeveer 'n minuut aan die proefpersone in die donker vertoon. Daarna is die beligting so verander dat die beeld steeds helder op die doek was, maar dat die proefpersone ook in staat was om hul stories neer te skryf.

As motivering vir dié toepassingsmetode van die TAT, verklaar Wolman (1965, p.565): „Most of the research shows little or no difference between the oral and written methods for the variables studied. There is no appreciable difference for screen projection or individual handling of cards in group administration". Verder kan ook verwys word na die ondersoeke van onder andere Clark (1944), Lindzey en Heinemann (1955) en Lindzey en Silvermann (1959) wat die konstatering van Wolman onderstreep.

Wat die vertolking van die TAT-gegewens betref, is van die kwantitatiewe metode gebruik gemaak (vgl. Wolman, 1965). Meer spesifiek is van die metode van Young (1956), Arnold (1949) en Bester (1966) gebruik gemaak, dit wil sê die genoemde eienskappe wat deur die kaarte uitgelig word, is in kategorieë verdeel en op 'n kwantitatiewe basis vergelyk.

Dié metode kan meer spesifiek aan die hand van 'n voorbeeld belig word. Kaart 10 word in dié verband gebruik.

Al die stories word naamlik deurgelees en daaruit hoof-temas saamgestel waarby elk van die stories sal inpas. In dié geval was die hooftemas „Positiewe Interaksie", „Negatiewe Interaksie", „Gelukkig met Tye" en „Geen Interaksie". Hierna word elke storie deeglik nagegaan ten einde te bepaal in watter kategorie hy tuishoort. Neem as voorbeeld die volgende storie:

„Daar is twee mense. Dit is 'n man en 'n vrou wat al twintig jaar gelukkig getroud is. Ek kan sommer sien hulle is baie lief vir mekaar. Hulle is besig om te dink aan al die jare van geluk en hulle hoop hulle kinders sal ook eendag so gelukkig getroud wees soos hulle".

Die storie spreek van geluk tussen 'n vader en 'n moeder. Gevolglik is dit voor-die-hand-liggend dat hy onder die kategorie „Positiewe Interaksie" ingedeel sal word.

Nog 'n voorbeeld:

„Dit is 'n verdrietige prentjie. Dit is 'n pa en 'n ma. Daar was alweer 'n argument. Hulle baklei mos altyd. Ja, hulle is nie gelukkig nie. Drank het ingetree en hulle huwelik verwoes. Hulle is nie gelukkig nie".

Hierdie storie getuig weer van onenigheid tussen die vader en moeder en word dus onder die kategorie „Negatiewe Interaksie" ingedeel.

Op dieselfde wyse word elke storie nagegaan en volgens sy kern onder die onderskeie genoemde kategorieë geklas-

sifiseer. Elke storie word slegs een keer geklassifiseer, die totaal ten opsigte van elke kategorie bepaal waarna die twee groepe dan met behulp van statistiese metodes teenoor mekaar gestel word.

2.2.5.5 Betroubaarheid

Hoewel Symonds (1949, p.44) verklaar dat „Strictly speaking, the concept of reliability loses importance with a projective technique whose purpose is not so much to measure as it is to describe", is tog nodig om kortliks by dié aspek stil te staan.

Tomkins (1947) het die gegewens van 13 navorsers nagegaan en gevind dat die interontledingsbetroubaarheid wissel tussen 0,30 en 0,96. Wolman (1965, p.590), na die bestudering van 62 verwysings in dié verband, verklaar op sy beurt: „Approximately four-fiths of all correlations were ,70 or above, with most in the ,80's and ,90's". Laasgenoemde skrywer het eweso die halfverdelingsbetroubaarheid aan die hand van etlike ondersoeke nagegaan en gevind dat dit wissel tussen ,40 en ,85. Ten opsigte van toets-hertoetsbetroubaarheid (tussenperiode: 2 maande) rapporteer Tomkins (1949) 'n koëffisiënt van ,80.

Volgens bogenoemde literatuur kan die betroubaarheid van die TAT dus as bevredigend bestempel word.

2.2.5.6 Geldigheid

„Reported studies indicate that ..... the TAT may form a basis for valid inferences about a wide variety of personality traits and abilities", aldus Anderson en Anderson (1961, p.223). Wolman (1965, p.597), na 'n deeglike bestudering van bestaande bronne oor die geldigheid van die TAT, onderskryf Anderson en Anderson se woorde: „ ... there is impressive evidence that the technique possesses intrinsic validity. When on occasion emperical findings suggests otherwise, the explanation is usually to be found in methods of analysis, criteria, or experimental conditions that are inappropriate".

2.2.5.7 Motivering vir Insluiting

Aangesien sowel die Biografiese Vraelys en die NSAG as PHSF en die 16-PF op bewuste vlak funksioneer, is dit noodsaaklik geag om 'n projektiewe tegniek by die ondersoek in te sluit. Op dié wyse sou dus inligting bekom word oor die onbewuste persoonlikheidsdinamika van die jeugoortreder wat saam met die inligting verkry uit die ander meetinstrumente, die geheelbeeld sou voltooi.

Daar is in die besonder op die TAT besluit omrede die toets primêr inligting aan die lig bring wat betrekking het op interpersoonlike verhoudinge en belewing van omgewingstimuli - aspekte wat by die raamwerk van die huidige ondersoek inskakel. Ten opsigte van die toepassing van die TAT op jeugmisdadigers verskaf sowel Wolman (1965) as Grygier (1954) inligting wat sukses in dié verband weerspieël.

## 2.3 Statistiese Verwerking van Resultate

Omrede die primêre doel van die ondersoek is om (kriminogene) verskille tussen die oortreders en nie-oortreders te bepaal, is alleenlik statistiese tegnieke toegepas wat statisties beduidende verskille al dan nie aandui. Die tegnieke en hul formules word vervolgens kortliks verstrek.

### (a) Die chi-kwadraattoets ($X^2$-toets)

Die $X^2$-toets word deur die volgende formule gedefinieer (Hoel, 1971, p.236):

$$X^2 = \sum_{i=1}^{k} \frac{(Oi - Ei)^2}{Ei}$$

O = Waargenome frekwensies
E = Verwagte frekwensies
k = Aantal klasse

### (b) Die z-toets

Die formule wat gebruik word vir die bepaling van die z-waarde is die volgende (Gericke, 1972, p.117):

$$z = \frac{(G1 - G2) - O}{\sqrt{\frac{S_1^2}{N_1} + \frac{S_2^2}{N_2}}}$$

Vir die doel van die berekeninge kan die O weggelaat word.

In die formule is G1 en G2 = die gemiddeldes van die twee groepe

$S_1$ en $S_2$ = die standaardafwyking van die twee groepe

$N_1$ en $N_2$ = die getal proefpersone in elke groep

(c) <u>Die toets vir die Verskil tussen twee Proporsies</u>

Ten einde die statistiese verskille tussen twee spesifieke persentasies van die twee groepe te bepaal, is die volgende formule toegepas (vgl. Hoel, 1971, pp.178 - 179):

Om die hipotese te toets dat P1 - P2 = O, word die toetsgrootheid soos volg daargestel:

$$A = \frac{\hat{P}1 - \hat{P}2 - (P1 - P2)}{\frac{\hat{P}1\ (1-\hat{P}1)}{N1} + \frac{\hat{P}2\ (1-\hat{P}2)}{N2}}$$

Onder die hipotese word A herlei na:

$$\frac{\hat{P}1 - \hat{P}2}{\frac{\hat{P}1\ (1-\hat{P}1)}{N1} + \frac{\hat{P}\ (1-\hat{P}2)}{N2}}$$

P1 en P2 = populasiepersentasies

N1 en N2 = steekproefgroottes

$\hat{P}1$ en $\hat{P}2$ = resulterende steekproefpersentasies

Die verwerkings van die NSAG-, PHSF- en 16-PF-toetse is deur die RGN gedoen terwyl dié van die Biografiese Vraelys en TAT met die samewerking en hulp van die Dept. Statistiek (P.U. vir C.H.O.) deur ondersoeker hanteer is.

## 2.4 Begripsbepaling

Vervolgens word sekere begrippe wat as fundamenteel beskou kan word en waarvan die betekenis nie duidelik in die proefskrif te voorskyn kom nie, kortliks omskryf.

### 2.4.1 Misdaad en Misdryf

Hoewel verskeie vakrigtings soos die Sosiologie en die Kriminologie al bydraes tot die omskrywing van misdaad gelewer het, is ondersoeker van mening dat die juridiese siening die meeste gewig dra. Dit is per slot van sake die maatstaf wat in alle lande toegepas word om tussen misdadige en nie-misdadige gedrag te onderskei.

Aan die hand van Gardiner en Lansdown (1957) en Bonger (1959) kan misdaad gedefinieer word as 'n handeling of 'n versuim waarop die Staat 'n straf plaas. Labuschagne (1966) is 'n soortgelyke mening toegedaan met sy siening dat misdaad 'n wederregtelike gedraging is waaraan die dader skuld het en wat met 'n straf bedreig word.

'n Misdryf is bloot 'n sinoniem vir die begrip misdaad.

2.4.2 Jeugmisdadiger en Jeugoortreder

Volgens die Kinderwet van 1960 (soos gewysig) is 'n jeugdige 'n persoon wat jonger is as 18 jaar. In sekere gevalle, byvoorbeeld met betrekking tot inrigtingsversorging, word die leeftydsgrens na 21 jaar verhoog. Hiervolgens is 'n jeugmisdadiger dus 'n persoon binne die genoemde ouderdomsgrens(e) wat hom aan 'n misdaad skuldig maak.

Wanneer die begrip jeugoortreder in die huidige ondersoek gebruik word, moet dit gesien word as 'n sinoniem vir jeugmisdadiger.

Duidelikheidshalwe kan bygevoeg word dat 'n kind onder die ouderdom van 7 jaar volgens Wet nie vir sy dade aanspreeklik gehou word nie, terwyl 'n kind tussen 7 en 14 jaar se toerekeningsvatbaarheid eers bewys moet word alvorens hy as aanspreeklik beskou kan word (De Wet en Swanepoel, 1966).

2.4.3 Verbeteringskool

Met 'n verbeteringskool word bedoel 'n inrigting vir die beskerming, versorging, opleiding en rehabilitasie van jeugoortreders.

Meer spesifiek word met verbeteringskool in die huidige ondersoek bedoel die Constantia-verbeteringskool naby Kaapstad wat die enigste sodanige inrigting vir blanke manlike jeugoortreders in Suid-Afrika is. (Alleenlik

jeugoortreders bo die ouderdom van 14 jaar word in die reël hier opgeneem).

Om verwarring te voorkom, is dit nodig om kortliks 'n verbeteringskool van 'n nywerheidskool te onderskei. 'n Verbeteringskool is naamlik 'n begrip uit die Strafproseswet waarheen 'n jeugdige op grond van 'n kriminele oortreding verwys word. Daarenteen is 'n nywerheidskool 'n begrip uit die Kinderwet wat by uitstek sorgbehoewende kinders huisves.

### 2.4.4 Wangedrag

Daar word dikwels na wangedrag verwys as slegs dié anti-sosiale gedrag van 'n nie-kriminele aard soos (by jeugdiges) stokkiesdraai, rondlopery, ongehoorsaamheid, ensovoorts.

Wangedrag is egter 'n ruimer begrip as misdaad en omvat alle strafregtelike oortredings byvoorbeeld diefstal, aanranding, verkragting en roof sowel as die genoemde anti-sosiale handelinge van kinders. Wangedrag omvat met ander woorde alle misdaad, maar alle wangedrag is nie misdaad nie. (Venter, 1965).

## 2.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk het die soeklig op die metode van ondersoek geval. Vier aspekte het veral aandag geniet:

Eerstens is aandag gegee aan die oortreders en nie-oor-

treders wat onderskeidelik bestaan het uit 90 blanke manlike leerlinge van die Constantia-verbeterinskool naby Kaapstad en 'n ooreenstemmende aantal blanke manlike dienspligtiges van die Militêre Basis te Potchefstroom.

Tweedens is 'n uiteensetting gegee van die meetinstrumente, te wete 'n biografiese vraelys, die NSAG, PHSF, 16-PF en TAT. Dié instrumente is volledig bespreek met betrekking tot onder andere omskrywing, geldigheid en betroubaarheid. In die geheel gesien, beantwoord al die betrokke vraelyste en toetse aan die vereistes vir 'n wetenskaplik-fundeerde meetinstrument.

Derdens is 'n kort uiteensetting gegee van die wyse waarop die resultate statisties verwerk is, asook van die belangrikste metodes wat in verband met die verwerking aangewend is.

Vierdens is enkele fundamentele begrippe waarvan die betekenis nie duidelik uit die proefskrif te voorskyn kom nie, bespreek. Die begrippe is misdaad en misdryf, jeugmisdadiger en jeugoortreder, verbeteringskool, asook wangedrag.

# HOOFSTUK III

## RESULTATE EN BESPREKING

### 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die navorsingsresultate uiteengesit. Die stappe wat in dié verband geneem is om die doelstellings van die ondersoek te verwesenlik, kan kortliks soos volg saamgevat word:

(a) 'n vergelyking van die oortreders en nie-oortreders aan die hand van statistiese metodes ten einde beduidendheid van verskille al dan nie te bepaal;

(b) 'n vergelyking van die resultate van die huidige ondersoek met dié van ander navorsers met die oog op die bepaling van ooreenkomste en verskille in die verband;

(c) 'n bespreking van die resultate met die doel om 'n etiologiese verklaring vir die resultate te bied.

Ten einde die inligting van hierdie hoofstuk so sistematies moontlik aan te bied, sal dit aan die hand van die sistematiek in Hoofstuk II bespreek word, te wete:

(a) Die Biografiese Gegewens
(b) Resultate van die NSAG
(c) Resultate van die PHSF
(d) Resultate van die 16-PF
(e) Resultate van die TAT

Die enigste uitsondering sal voorkom by die Biografiese Gegewens waar gegewens wat betrekking het op die skool-situasie (onderwyspeil, vertraging en stokkiesdraai) ver-plaas word na die resultatebespreking van die NSAG. Dit word gedoen omrede die genoemde aspekte beter by die raamwerk van die NSAG sal inpas en aansluit.

## 3.2 Die Biografiese Gegewens

Hierdie bevindings word onder die volgende hoofde be-spreek:

(a) Ouderdom en Oortredersloopbaan
(b) Gesinslewe

### 3.2.1 Ouderdom en Oortredersloopbaan

Gegewens in dié verband sal slegs kortliks aandag geniet en moet primêr beskou word as agtergronsinligting wat dien ter voltooiing van die geheelbeeld.

#### 3.2.1.1 Ouderdom

Tabel 7 weerspieël die ouderdomme van die oortreders en nie-oortreders:

TABEL 7

DIE OUDERDOMSVERDELING VAN DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS

| Ouderdom | Oortreders | | Nie-oortreders | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal | % | Aantal | % |
| 15 Jaar | 1 | 1,1 | - | - |
| 16 Jaar | 9 | 10,0 | - | - |
| 17 Jaar | 15 | 16,7 | 5 | 5,6 |
| 18 Jaar | 23 | 25,6 | 48 | 53,3 |
| Ouer as 18 jaar | 42 | 46,7 | 37 | 41,1 |
| Totaal | 90 | 100,0 | 90 | 100,0 |

Geen statistiese verwerking is van Tabel 7 gedoen nie omrede dié gegewens geen etiologiese waarde inhou nie en, soos genoem, alleenlik dien as agtergrondsinligting. Nie-temin kan kortliks aandag aan twee aspekte geskenk word. Eerstens die opmerklike verskil tussen die twee groepe ten opsigte van die eerste drie kategorieë (15, 16 en 17 jaar). Die verskynsel was te verwagte aangesien die toelatingsouderdom van die Constantia-verbeteringskool en die Suid-Afrikaanse Weermag verskil. Die betrokke ouderdomme is naamlik onderskeidelik 14 en 16 jaar wat onvermydelik moet meebring dat die oortreders 'n hoër distribusie in die lae ouderdomskategorieë moet hê. Daarby moet in aanmerking geneem word dat hoewel die

toelatingsouderdom van die S.A.W. ten opsigte van dienspig 16 jaar is, weinig persone hul wel op dié ouderdom vir diensplig aanmeld aangesien die meeste dan op die skoolbanke verkeer. En diegene wat dan wel die skool na die verpligte skoolgaande ouderdom van 16 jaar verlaat, is in die reël onwillig om hulle onmiddellik vir diensplig aan te meld omrede hulle verkies om eers 'n jaar of wat in die beroepsarbeid te staan.

Tweedens wat betref die „hoë" voorkoms van die ondersoekgroep in die kategorieë „18 jaar" en „ouer as 18 jaar". Hoewel die Kinderwet weliswaar 'n jeugdige as 'n persoon jonger as 18 jaar beskou, moet misdaadnavorsers daarteen waak om nie rigied in hul interpretasie te wees en 'n jeugoortreder alleenlik te beskou as 'n persoon onder 18 jaar wat hom aan 'n misdaad skuldig maak nie. Soos reeds in Hoofstuk II genoem, word die leeftydsgrens in sommige gevalle verhoog, byvoorbeeld in die geval van inrigtingsversorging. Die feit dat die oortreders aan laasgenoemde vereiste vir die verhoging van die ouderdomsgrens voldoen, verklaar dus die „hoë" distribusie in die genoemde kategorieë.

Ongeag bogenoemde verskille dien daar egter op gelet te word dat die gemiddelde ouderdomme van die twee groepe met slegs ongeveer 6 maande verskil - 'n aspek wat meebring dat die groepe hulle wel goed vir vergelykingsdoeleindes leen.

3.2.1.2 <u>Oortredersloopbaan</u>

Met betrekking tot die oortredersloopbaan word die volgende gegewens aangebied:

(a) Ouderdom tydens eerste oortreding
(b) Aard van oortredings
(c) Rol van groepvorming by misdaadpleging


(a) <u>Ouderdom tydens eerste Oortreding</u>

Die gegewens in dié verband het betrekking op alle oortredings, hetsy die persoon daarvoor gearresteer is al dan nie. Hierdie standpunt word ingeneem omrede daar dikwels jare verloop tussen die persoon se eerste misdaad en sy eerste botsing met die gereg: die persoon word nie betrap nie; volwassesnes is nie baie gediend om jeugdiges by die gereg aan te meld nie; en so meer. So bevind die Gluecks (1939) onder andere dat by 20,5% van 1 000 jeugoortreders nie minder nie as 5 jaar en meer verloop het tussen die eerste oortreding en die eerste botsing met die gereg. Dit blyk dus duidelik dat misdaadnavorsers wat alleenlik by die formele arrestasieverslae wil hou, 'n totale skewe beeld van die werklike toedrag van sake kan kry.

Diagram 1 bring dan vervolgens die ouderdomme van die jeugoortreders tydens hul eerste oortreding aan die lig.

DIAGRAM 1

DIE OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE OORTREDERS TYDENS DIE EERSTE OORTREDING



Die opvallendste (en onrusbarendste) feit wat uit Diagram 1 blyk, is dat 37,8% van die oortreders hulle reeds voor of tydens hul tiende lewensjaar aan 'n oortreding skuldig gemaak het. En verder, dat meer as 50% van die groep voor of tydens die twaalfde lewensjaar 'n oortreding gepleeg het.

Bostaande gegewens stem grootliks ooreen met dié van ander ondersoekers. Frey (1951) het ten opsigte van 75 jeugoortreders bevind dat 34,2% reeds vanaf hul tiende jaar strafvallig geword het. Die Gluecks (1957) se syfers is heelwat hoër: nie minder nie as 87,6% van 500 jeugoortreders het hulle voor of tydens hul tiende jaar aan 'n misdryf skuldig gemaak. Met betrekking tot 153 jeugoortreders verklaar Healy en Bronner (1936, p.37) op hul beurt: „The first known delinquency occured at eight years or earlier in 48 per cent and after twelve in only 22 per cent".

Wat die huidige ondersoek dus sterk beklemtoon, is dat gewaak moet word teen die ooraksentuering van die kriminogene betekenis van die adolessensie-tydperk: „Adolescence is pre-eminently the criminal age, the age when most vicious careers are begun" (Hall, soos aangehaal deur Burt, 1961, p.220). Hiermee wil ondersoeker egter geensins die kriminogene betekenis van adolessensie ontken nie. Dat dié lewensfase met sy kenmerkende frustrasies, konflikte, seksuele rypwording, ensovoorts, 'n ideale teelaarde vir wangedrag kan skep, word inderwaarheid ten volle erken. Kritiek kan egter uitgespreek word teen, soos genoem, die ooraksentuering en in besonder teen die

opvatting dat adolessensie as aanvangstydperk van die meeste misdaadloopbane gesien moet word.

(b) Aard van die Oortredings

Ten einde aan te toon dat jeugmisdaad feitlik die hele misdaadveld dek en nie, soos die leke-indruk soms is, primêr beperk is tot die ekonomiese misdrywe nie, word Tabel 8 aangebied. Ook hier kan 'n verkeerde beeld opgebou word indien alleenlik van die arrestasierekords gebruik gemaak sou word. Gevolglik omvat Tabel 8 alle oortredings van die ondersoekgroep, hetsy hulle daarvoor gearresteer is al dan nie.

TABEL 8

DIE AARD VAN OORTREDINGS VAN DIE OORTREDERS

| Tipe oortreding | Aantal | % |
|---|---|---|
| Gewone Diefstal | 73 | 81,1 |
| Motordiefstal | 59 | 65,6 |
| Inbraak | 66 | 73,3 |
| Roof | 40 | 44,4 |
| Aanranding | 61 | 67,8 |
| Vandalisme | 62 | 68,9 |
| Seksuele oortredings | 18 | 20,0 |
| Dwelmmiddelmisbruik | 56 | 62,2 |
| Poging tot moord | 3 | 3,3 |
| | N = 90 | |

Tabel 8 bring dan ook aan die lig dat, hoewel die ekonomiese oortredings soos diefstal (81,1%), motordiefstal (65,6%) en inbraak (73,3%) die hoogste gemiddelde distribusiesyfer toon, ander oortredings soos roof (44,4%), aanranding (67,8%) en dwelmmiddelmisbruik (62,2%) nie afsteek nie.

Wanneer bostaande gegewens vergelyk word met dié van erkende ondersoekers soos Tappan (1949), Neumeyer (1959) en Bloch en Flynn (1966), word redelike drastiese verskille aangetref. Dié verskille kom basies daarop neer dat die voorkoms van die onderskeie oortredings by laasgenoemde ondersoekers heelwat laer is as in die huidige ondersoek. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat dié navorsers alleenlik gebruik gemaak het van die hofverslae, met ander woorde dat alleen die misdaad waarvoor die persoon gevonnis is, in berekening gebring is. Omrede 'n sodanige navorsingsmetode meebring dat die reeks uiteenlopende misdade wat in die reël die arrestasie voorafgaan uit die oog verloor word, kan nie akkoord gegaan word om die genoemde ondersoekers se resultate as 'n verteenwoordigende jeugmisdaadindeks te beskou nie. Daar word dus met die bevindings van die huidige ondersoek volstaan.


(c) Die Rol van Groepvorming by Misdaadpleging

Met die doel om die oortreders se modus operandi ten opsigte van groepvorming te bepaal, is weereens nie van die arrestasieregisters gebruik gemaak nie aangesien dit eweso maklik 'n skewe beeld van die ware toedrag van

sake kan gee. Gevolglik het die gegewens in Diagram 2 betrekking op die rol wat groepvorming in die reël in die modus operandi van die oortreders gespeel het. Met ander woorde, het die persoon in die reël misdaad gepleeg in groepsverband (dit wil sê, saam met vriende, maar nie as lid van 'n misdadige bende), as lid van 'n misdadige bende of het hy alleen te werk gegaan?

DIAGRAM 2

DIE ROL VAN GROEPVORMING BY MISDAADPLEGING VAN DIE OORTREDERS




N = 90

Uit Diagram 2 blyk dat slegs 24,4% van die oortreders hul misdade in die reël alleen gepleeg het. 'n Totaal van 75,6% het dus gewoonlik saam met vriende misdaad gepleeg: 46,7% in groepsverband en 28,9% as lid van 'n misdadige bende.

Die bevindings stem weereens grootliks ooreen met dié van ander ondersoekers wat wel hul gegewens vanuit arrestasieverslae verkry het. Die Gluecks (1939) het ten opsigte van 1 000 jeugoortreders gevind dat 70% hul oortredings saam met vriende gepleeg het, terwyl Shaw en Mckay (soos aangehaal deur Sutherland, 1947) hul syfer op 82% stel.

Van die kriminogene betekenis van groepvorming, konstateer Bloch en Flynn (1966, p.195) dat ".......... the child's participation in the group activities of other children of his own age is a primary and direct factor in motivating many children toward delinquency". Wanneer van die basiese behoeftes van die mens soos byvoorbeeld die behoefte aan erkenning, aanvaarding en sekuriteit in aanmerking geneem word, is dit nie vreemd dat soveel van die oortreders hulle tot groepe wend en dan gevolglik hul dade in dié verband pleeg nie - veral omrede die oortreders, soos dit later sal blyk, juis op die genoemde gebiede tekort skiet. Die leemte op erkennings-, aanvaardings- en sekuriteitsvlak word dus in 'n mate deur die groep gevul en, ten einde dit te behou, laat die oortreder maklik toe dat hy op sleeptou geneem word. Die probleem kry uit die aard van die saak 'n anti-sosiale kleur omdat navorsing bewys dat dié vriende van die oortreder in ver-

reweg die meeste gevalle, sagkens gestel, veel te wense oorlaat (vgl. Glueck, 1957; Sutherland en Cressey, 1970).

### 3.2.2 Die Gesinslewe

Dat 'n negatiewe gesinsdinamika 'n prominente rol in die etiologie van jeugmisdaad speel, word allerweë erken. So beskou Tappan (1949, p.133) die gesin tereg as „the cradle of personality". Fromm (1960, p.245) en Aichhorn (1935, p.159) is dieselfde mening toegedaan met hul onderskeie omskrywings van die gesin as „the psychological agent of society" en „the shock-absorber of society". Mannheim (1966, p.608) beskou die gesin verder as 'n „unique force in the life of the individual, potentialy determining the course of his whole life for good or evil", terwyl Neumeyer (1959, p.156) saamstem met: „The family is the first great training school in behavior or in misbehavior".

Uit hoofde van die voorafgaande aanhalings, word vervolgens gelet hoe die gesinslewe van die oortreders in vergelyking met dié van die nie-oortreders gesteld was. Meer spesifiek sal aan die volgende aspekte aandag geskenk word:

(a) Anti-sosiale gedrag van die ouers
(b) Nasionaliteits- en/of godsdiensverskille
(c) Gesinsonvolledigheid
(d) Stiefverhoudings
(e) Loonarbeid van die moeder

(f) Rondtrekkery van die gesin.


Aangesien die kriminogene betekenis van feitlik al dié veranderlikes reeds in Hoofstuk I onder die soeklig gekom het, sal dié aspek nou slegs kortliks aandag geniet.

3.2.2.1 Anti-sosiale gedrag van die ouers

In 'n poging om die twee groepe ten opsigte van die anti-sosiale gedrag van die ouers te vergelyk, is vergelykings met betrekking tot drankmisbruik, onsedelikheid en misdaad getref. Die toets vir die verskil van twee proporsies is vir statistiese beduidendheid aangewend. Diagram 3 verskaf die gegewens.

DIAGRAM 3

DIE ANTI-SOSIALE GEDRAG VAN DIE OUERS VAN DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS



Uit Diagram 3 blyk dit duidelik dat die oortreders ten opsigte van aldrie kategorieë statisties beduidend van die nie-oortreders verskil en wel tot op die 1%-peil (drankmisbruik: 4,01 > 2,58; onsedelikheid: 3,42 > 2,58; misdaad: 3,41 > 2,58). Die resultate word gesteun deur ondersoekers soos Burt (1961), Lund (1918), Schenk (1935) en die Gluecks (1957) (vgl. Hoofstuk I).

Wat die etiologiese waarde van die anti-sosiale gedrag van die ouers betref, kan kortliks op die volgende gelet word.

Aan die hand van die Engelse psigoloog Burt (1961) kan die kriminogene betekenis van drankmisbruik soos volg saamgevat word: Eerstens is rusies, aanrandings en mishandeling algemene kenmerke in 'n huis waar drank misbruik word. Die gevolg is dat die kind gevoelstomp raak en die ontwikkeling van belangrike psigiese komponente soos eergevoel, verantwoordelikheids- en waardebesef asook die gewete agterweë bly. Tweedens lei drankmisbruik tot 'n verlies van huislike dissipline omrede die drankbenewelde ouer uit die aard van die saak nie in staat is om orde en tug te handhaaf nie. Daarby moet in aanmerking geneem word dat 'n kind selde die nodige respek en ontsag vir so 'n ouer toon. Dit lei op sy beurt tot 'n verdere insinking van dissipline. Soos Von Hentig (1947, p.242) dit stel: „Alcoholism deposes the parent as leader of the group". Derdens hou drankmisbruik negatiewe materiële implikasies in wat verreikende gevolge kan hê. Vanweë die feit dat drankmisbruik gepaard gaan met werkloosheid, beroepsonbestendigheid en die verkwisting van geld op alkohol, lei dit in die reël

tot verwarring wat op sy beurt onder andere die gevaar van die ontstaan van minderwaardigheidsgevoelens by die kind, die verblyf in 'n swak buurt, en so meer, inhou. Laastens bring drankmisbruik onvermydelik die verlies van sosiale status mee. Die kind is dan dikwels, hoe verkeerd ook al, die skyf van maatskaplike verwerping - dikwels juis op 'n stadium wat hy op soek is na erkenning.

Betreffende die onsedelikheid van die ouers is dit veral navolging van die ouerlike voorbeeld wat op die voorgrond staan. En omdat onsedelikheid daartoe lei dat die gewetensfunksie afgestomp word, staan die deur tot ander afwykende gedrag nou wyd oop. Aan die ander kant kan die kind gevoelens van minderwaardigheid, skaamte en onsekerheid as gevolg van die gedrag van sy ouers ontwikkel wat dan langs die weg van negatiewe kompensasie in misdaad kulmineer.

Ook met betrekking tot die misdaad van die ouers beklee die ouerlike voorbeeld 'n permanente plek. In dié verband konstateer Burt (1961, p.99) dat die gedagte dat die ouer hom aan misdaad skuldig gemaak het „is quite sufficient without any open incitement, to turn a child's thoughts towards lawlessness and vice. To lose respect for one's parents is to lose respect for oneself, for one's fellows and for the whole basis of morality". Tesame met die sosiale verwerping wat met die misdadige gedrag van die ouers gepaard gaan en die moontlike verwysing van die ouer na 'n gevangenis wat verdere gesinsverbrokkeling en verval in gesinsdissipline meebring, bied die misdaad van die ouers dus 'n ideale teelaarde vir jeugmis-


daad.

### 3.2.2.2 Nasionaliteits- en/of Godsdiensverskille

Diagram 4 toon 'n vergelyking van die twee groepe ten opsigte van die aanwesigheid van nasionaliteits- en/of godsdiensverskille by die ouers. Die toets vir die verskil van twee proporsies is gebruik vir die bepaling van statistiese beduidendheid.

## DIAGRAM 4

### DIE AANWESIGHEID VAN NASIONALITEITS EN/OF GODSDIENSVERSKILLE BY DIE OUERS VAN DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS




o = Geen beduidende verskil

——— = Oortreders (N = 90)

- - - - - = Nie-oortreders (N = 90)

Hoewel dit uit Diagram 4 blyk dat nasionaliteits- en/of godsdiensverskille wel merkbaar meer by die oortreders voorkom, is die verskille nie statisties beduidend nie (verskille: 1,57 < 1,96 (5%-peil)). Die gegewens vergelyk nietemin redelik gunstig met die resultate van Willemse (1939) en Louw (1973) (vgl. Hoofstuk 1).


Die neiging dat genoemde verskille meer by jeugoortreders voorkom - hoewel nie statisties beduidend nie - verdien tog 'n kort verklaring. Neumeyer (1959, p.172) verklaar onomwonde dat „special problems of training and discipline appear in the homes of mixed patents". Retief (1958, p.150) is meer spesifiek: „Sonder 'n vaste fondament van gemeenskaplike norme, gesindhede en geloofsoortuiging kan volkome harmonie beswaarlik bereik word". Uiteenlopende sienings by die ouers ten opsigte van die kind se geestelik-kulturele opvoeding lei noodwendig by laasgenoemde tot verwarring onsekerheid en frustrasie - eienskappe wat nie ver van wangedrag geleë is nie. Daarby moet in aanmerking geneem word dat 'n sodanige konfliksituasie tuis die kind tot uithuisigheid kan dwing met voor-die-hand-liggende gevolge.

### 3.2.2.3 Gesinsonvolledigheid

Diagram 5 stel die verskille tussen die twee groepe ten opsigte van gesinsonvolledigheid voor. Die toets vir die verskil van twee proporsies is vir die bepaling van statistiese beduidendheid gebruik.

## DIAGRAM 5

## DIE OMVANG VAN GESINSVOLLEDIGHEID BY DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS




** = Beduidend op 5%-peil

° = Geen beduidende verskil

= Oortreders (N = 90)

= Nie-oortreders (N = 90)

Diagram 5 bring aan die lig dat die twee groepe alleenlik ten opsigte van die kategorie „ouers geskei" statisties beduidend van mekaar verskil (2,02 > 1,96 (5%-peil)). Wanneer die groepe egter met betrekking tot geen gesinsonvolledigheid teenoor mekaar gestel word (oortreders: 47,8%; nie-oortreders: 76,6%) verander die prentjie en word 'n statisties beduidende verskil op die 1%-peil aangetref (4,19 > 2,56). Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat gesinsonvolledigheid in die geheel meer by jeugoortreders aangetref word, maar dat dit veral die egskeiding van die ouers blyk te wees wat 'n prominente kriminogene rol speel. In die geheel kom die resultate in die huidige ondersoek ooreen met dié van die Gluecks (1939) en Sutherland en Cressey (1970).

Aangesien die kriminogene betekenis van gesinsonvolledigheid in die geheel reeds in Hoofstuk 1 aandag geniet het, word nie verder daarop ingegaan nie. Enkele gedagtes kan nietemin oor egskeiding, wat by die huidige ondersoekgroep 'n belangrike etiologiese bydrae skyn te gehad het, gewissel word. Volgens die meeste misdaadnavorsers is die kriminogene waarde van egskeiding primêr in die volgende aspekte geleë:

(a) Aldus Retief (1958) lei die abnormalitiet in die huwelik- en gesinsverhouding daartoe dat die kind „'n verwronge beeld van die lewe daarbuite kry en geen suiwer, gesonde waardestelsel kan opbou nie" (p.47). Dit kom dus daarop neer dat vele kinders wat voortdurend aan so 'n disharmonieuse gesinsatmosfeer blootgestel word, later nie meer tussen reg en verkeerd kan onderskei nie en dus

maklik in wangedrag verval.

(b) Die aanhoudende onenigheid tussen die ouers kan o.a. daartoe lei dat die kind sy agting en respek vir die ouerfigure verloor, of dat skaamte- en wrokgevoelens kan ontstaan - almal faktore wat wangedrag kan baar (vgl. Louw, 1973).

(c) Weens opsweping van die ouers teenoor mekaar word die kind 'n speelbal met resulterende verwenning en oorbeskerming (Venter, 1965).

(d) Die troebel gesinsatmosfeer kan lei tot „emosionele ongemak" (De Vos, 1964). Hieruitspruitend word nie alleen die kind se sekuriteit bedreig nie, maar die sosialiseringsproses en gevolglik sy gemeenskapsgevoel afgestomp. Die emosionele onewewigtigheid wat hieruit kan voortvloei, lei dikwels tot wangedrag (vgl. Smith, 1971).

(e) Ander faktore wat eweso kriminogene betekenis inhou, is die verlies van sosiale status waar veral verwerping deur die portuurgroep gevaar inhou, asook aanpassings ten opsigte van die verandering wat dikwels met betrekking tot die skool en woonplek plaasvind (vgl. ook Hoofstuk I).

Ongeag die bevinding van die huidige ondersoek, wil ondersoeker nietemin daarteen waarsku om te veel klem te lê op spesifiek die egskeiding van die ouers. Soos die sosiale psigoloë Sargent en Williamson (1958, p.107) dit stel: „ ....... actually, an unbroken home with con-


tinual parental dissension can be more harmful to a child than a broken home".

### 3.2.2.4 Stiefverhoudings

Aangesien die oortreders statisties beduidend van die nie-oortreders ten opsigte van gesinsonvolledigheid verskil het, is dit belangrik geag om eweso aandag te skenk aan 'n voortvloeiende aspek, te wete stiefverhoudings by die twee groepe. Die $X^2$-toets is gebruik vir die totale vergelyking van die diagram, terwyl die toets vir die verskil tussen twee proporsies toegepas is vir 'n vergelyking tussen elke afsonderlike kategorie.

## DIAGRAM 6

## DIE VOORKOMS VAN STIEFVERHOUDINGS BY DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS




° = geen beduidende verskil

* = Beduidend op 1%-peil

= Oortreders (N = 90)

= Nie-oortreders (N = 90)

Uit Diagram 6 blyk dit dat stiefverhoudings in die geheel statisties beduidend meer by die oortreders as nie-oortreders aangetref word: 13,52 met 3 g.v.v. > 11,34 (1%-peil). Opvallend egter is die bevinding dat geen beduidende verskil ten opsigte van die eerste drie kategorieë gevind kan word nie, dit wil sê die aard van die stiefverhouding blyk skynbaar geen prominente rol te speel nie (stiefvader: 1,90; stiefmoeder: 1,44; beide stiefouers: 0,83; aldrie < 1,96 (5%-peil). Interessantheidsonthalwe is 'n fyner ontleding van genoemde drie kategorieë gemaak waarvolgens dit aan die lig gekom het dat die aanwesigheid van 'n stiefvader die swaarste weeg: 1,90 < 1,96 (5%-peil), maar > 1,65 (10%-peil), terwyl die ander twee kategorieë nie die 10%-peil van beduidendheid haal nie.

Dié bevindings word gerugsteun deur die resultate van Willemse (1939) en Smith (1971) wat tot soortgelyke gevolgtrekkings gekom het.

Wat die verband tussen stiefverhoudings en kriminaliteit betref, kan kortliks op die volgende gelet word:

Die toetrede van 'n stiefouer bring dikwels mee dat huislike dissipline en roetines (radikaal) verander. Wat met ander woorde voorheen gegeld het, geld nie nou meer nie en omgekeerd. Die onsekerheid, verwarring en selfs rebellering wat nou ontstaan, kan lei tot die verwerping en verontagsaming van teregwysing en leiding wat op sy beurt tot wangedrag kan lei.

Die negatiwiteit van 'n stiefverhouding moet egter nie altyd voor die deur van die stiefouer gelê word nie. Wanneer die kind die ontbrekende ouer idealiseer en alleenlik dié se goeie eienskapppe onthou, word die nuwe ouer dikwels as indringer beskou wat 'n kritiese, bevooroordeelde en verwerpende houding by die kind tot gevolg kan hê. Willemse (1939, p.30) verklaar in dié verband tereg dat „even if a step-parent is really more considerate than the real parent the child's experience may be different and that is what counts". Wangedrag kan dan maklik plaasvind as gevolg van die, in die woorde van Jung (soos aangehaal deur Mannheim, 1965, p.620), „unconscious purpose of getting some sort of satisfaction through themselves in place of that which real parents might have given them".


Aichhorn (1967, p.142) wys ook daarop dat die konflik tussen stiefouer en kind kan uitkring en die eie ouer kan insluit: „Whenever there is conflict at home, he (die eie vader) feels so insecure that he must continually shift his position, back ng first the one party, then the other, then the first one again, with the result that both the wife (die stiefmoeder) and his child fail to appreciate his intentions and eventually reject him".

3.2.2.5 Loonarbeid van die Moeder

Die mate waarin die moeders van die twee groepe buitenshuise loonarbeid verrig het, word deur Diagram 7 aangetoon. Die $X^2$-toets en die toets vir die verskil tussen twee proporsies is vir die ontleding van statistiese beduidendheid gebruik.

## DIAGRAM 7

## DIE OMVANG VAN LOONARBEID VAN DIE MOEDER BY DIE OORTREDERS EN NIE-OOR= TREDERS




° = nie statisties beduidend

* = Statisties beduidend op 1%-peil

——— Oortreders (N = 90)

- - - - - = Nie-oortreders (N = 90)

Hoewel die twee groepe nie ten opsigte van die kategorieë „gereeld"[1] en „soms" (1,07 < 1,96 (5%-peil) in Diagram 7 beduidend van mekaar verskil nie, verskil hulle volgens die $X^2$-toets wel beduidend van mekaar in die geheel (29,35 met 3 g.v.v. > 11,34 (1%-peil). Dié bevindings word deur twee verdere statistiese verwerkings gerugsteun: Ten eerste verskil die twee groepe wel beduidend (1%-peil) van mekaar met betrekking tot die kategorie „nooit" (3,70 > 2,58). Ten tweede, wanneer die kategorieë „gereeld" en „soms" vir vergelykingsdoeleindes saamgevoeg word, word eweso 'n beduidende verskil op die 1%-peil aangetref (2,58 = 2,58). Die gevolgtrekking kan dus sondermeer gemaak word dat die moeders van jeugoortreders wel betekenisvol meer buitenshuise beroepsarbeid as dié van nie-oortreders verrig.

Dié bevindings sluit aan by die resultate van die Gluecks (1939) en Smith (1971) wat tot soortgelyke gevolgtrekkings gekom het.

Van die moeder wat beroepsarbeid verrig, sê Cavan (1969, p.196): „ ......... the employed mother is as much deviant from social customs and good family policy as the unemployed father". Vir Gillin (1946) is die vernaamste kriminogene gevolg dat die vrou die dubbele las van moeder en werkster moet dra. Smith (1971) verklaar in dié

---

1) Op ,01 na is dié kategorie egter wel beduidend op die 5%-peil: 1,95 < 1,96.

verband tereg dat die aankweek van positiewe lewenswaardes by die kind daaglikse toesig en leiding vereis - 'n vereiste wat kwalik van die werkende moeder verwag kan word. Strating (1961, p.106) voeg by dat „saans wanneer sy belangrike huislike pligte moet vervul, is sy oorspanne of prikkelbaar of sy voel maar net nie lus om enige aandag aan die res van die huisgenote te skenk nie".

### 3.2.2.6 Gesinsmobiliteit

Tabel 9 toon die intensiteit van gesinsmobiliteit by die twee groepe aan. Weereens is die $X^2$-toets en die toets vir die verskil tussen twee proporsies toegepas.

TABEL 9

DIE OMVANG VAN GESINSMOBILITEIT BY DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS

| Frekwensie van Gesinsmobiliteit | Ondersoekgroep | | Kontrolegroep | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal | % | Aantal | % |
| 1 - 2 keer | 22 | 24,4 | 23 | 25,6 |
| 3 - 4 keer | 25 | 27,8 | 26 | 28,9 |
| 5 - 6 keer | 11 | 12,2 | 9 | 10,0 |
| 7 - 8 keer | 7 | 7,8 | 3 | 3,3 |
| Meer as 8 keer | 15 | 16,7 | 3 | 3,3 |
| Nooit | 10 | 11,1 | 36 | 40,0 |
| Totaal | 90 | 100,0 | 90 | 100,0 |

Uit die statistiese verwerkings het dit geblyk dat die twee groepe in Tabel 9 ten opsigte van dié tabel in die geheel op die 1%-peil van mekaar verskil (79,94 met 5 g.v.v. > 15,1). Dieselfde geld vir sowel wanneer die eerste vyf kategorieë vergelykenderwys (d.w.s. 89,9% teenoor 60,1%) teenoor mekaar gestel word (4,92 > 2,58), as wanneer die twee uiterste kategorieë („7 - 8 keer" en „meer as 8 keer" d.w.s. 24,3% teenoor 6,6%) vergelyk word (3,39 > 2,58). Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat gesinsmobiliteit nie alleen meer by jeugoortreders voorkom nie, maar dat die intensiteit van die mobiliteit ook dié van die kontrolegroep oortref.

Hoewel geen vergelykende studies aangetref kon word om die bevindings van die huidige ondersoek mee te weeg nie, vergelyk die gegewens van die oortreders gunstig met dié van die jeugoortreders van Sullenger (1936) en Willemse (1939) (sien Hoofstuk I).

Soos reeds in Hoofstuk I vermeld, is die kousalitietswaarde van gesinsmobiliteit primêr daarin geleë dat dit dikwels met buurtverswakking gepaard gaan, soms as 'n weerspieëling van inherente onbestendigheid van die gesin beskou kan word, gereeld nuwe aanpassings verg en dat akademiese vordering gestrem kan word.

### 3.2.3 Samevatting

Die belangrikste resultate van die Biografiese vraelys kan kortliks soos volg saamgevat word:

(a) Die ouderdomme van die twee groepe stem grootliks ooreen.

(b) Wat die oortredersloopbaan van die oortreders betref, het meer as 50% hulle reeds voor hul dertiende lewensjaar aan 'n misdaad skuldig gemaak. Die aard van die oortredings sluit feitlik die hele misdaadveld in en is nie alleenlik, soos die openbare opinie verwag, primêr beperk tot ekonomiese misdrywe nie. Dat 75,6% van die oortreders hul misdade in die reël saam met vriende gepleeg het, bewys die vername rol van portuurgroepe.

(c) Die gesinsagtergrond van die oortreders laat veel meer te wense oor as dié van die nie-oortreders. So het die ouers van die oortreders hul meer aan anti-sosiale gedrag skuldig gemaak; gesinsonvolledigheid en veral egskeiding van die ouers het 'n groter omvang, terwyl stiefverhoudings, buitenshuise beroepsarbeid van die moeder asook gesinsmobiliteit meer voorkom. Die kriminogene betekenis van dié veranderlikes is hoofsaaklik geleë in aspekte soos die ontstaan van gevoelens van minderwaardigheid, opstand en verwerping; die afwesigheid van ouerlike toesig en die navolging van (identifisering met) die ouerfiguur.

## 3.3 Resultate van die NSAG

### 3.3.1 Inleiding

Met die ontwikkeling van intelligensietoetse het misdaadnavorsing ewe-eens 'n nuwe era betree. Getrou aan die

tradisie het dié ontwikkeling egter weereens gelei tot eensydigheid en veralgemening. Soos Gillin (1971, p.90) dit stel: „Every new discovery throwing light upon hitherto dark places in human knowledge is generally overemphasized at first. This generalization is illustrated in the connection made between crime and mental defect".

So het Goddard in 1914 die mening gehuldig dat „the so-called criminaltype is merely a type of feeblemindedness" (soos aangehaal deur Willemse, 1939, p.37). Goring het in 1919 saamgestem met „the one vital mental constitutional factor in the etiology of crime is defective intelligence" (soos aangehaal deur Smith, 1971, p.174).

Met die ontwikkeling van sowel verbeterde meetinstrumente as statistiese metodes het bogenoemde sienings al hoe meer in onguns geraak. So het Healy en Bronner (1936) gevind dat 63% van 153 jeugoortreders se intellektuele vermoë normaal of bo-normaal was.

Nietemin kon die verbeterde meetinstrumente en statistiese metodes nie heeltemal daarin slaag om eenstemmigheid oor die kriminogene rol van die intellek te bewerkstellig nie, aangesien hedendaagse navorsing van ondersoeker tot ondersoeker verskil. So verwys West (1967) na 'n resente ondersoek van die McCords wat geen intellektuele verskille tussen jeugoortreders en nie-oortreders kon aantref nie. In teenstelling bevind Barnard (1971) dat intellektuele subnormaliteit wel meer by jeugoortreders as by die algemene bevolking voorkom. Smith (1971) het tot dieselfde gevolgtrekkings ten opsigte van Kleurling-jeugoor-

treders gekom. Daar dien op gelet te word dat vergelykings tussen ondersoeke weens faktore soos sosio-kulturele verskille, die feit dat verskillende toetse deur verskillende navorsers toegepas is en dat intelligensie veranderbaar is, nie altyd verantwoordbaar is nie.

Ten slotte moet eweso ten opsigte van die meting van intelligensie van oortreders in gedagte gehou word dat „misdadigers wie se intellektuele vermoëns ondersoek word, meestal 'n geselekteerde groep is wat in jeuginrigtings of tronke aangehou word. Die werklik slim en geslepe misdadiger beland dikwels nooit in hierdie tipe inrigting nie" (Bester, 1966, p.158).

### 3.3.2 Die Intelligensie van die Oortreders en Nie-oortreders

Aangesien die kategoriale indeling van I.K. dikwels van ondersoek tot ondersoek verskil, is besluit om 'n eie normtabel vir die doeleindes van die huidige ondersoek saam te stel. Dié indeling is aan die hand van Wechsler (1958), Barnard (1964) en Heinichen (1970) gedoen. Die gegewens word in Tabel 10 verstrek.

TABEL 10

'n KATEGORIALE INDELING VAN I.K.-VERSPREIDING

| I.K. | Indeling |
|---|---|
| 79 en onder | Subnormaal |
| 80 - 89 | Domnormaal |
| 90 - 99 | Normaal |
| 100 - 109 | |
| 110 - 119 | Superieur |
| 120 - 129 | Baie Superieur |
| 130 - 139 | |
| 140 en bo | Geniaal |

Dit dien daarop gewys te word dat die laagste I.K.-telling ten opsigte waarvan die Handleiding van die NSAG inligting verstrek 75 is. Aangesien roupunte wat 'n telling van laer as 75 impliseer, dus nie in die normtabelle voorkom nie, is besluit om 'n kategorie 79 en onder te skep. Dié kategorie geld dan vir sowel I.K.-tellings van 75 tot 79 as vir tellings onder 75.

Vervolgens word die I.K.'s van die twee groepe aangebied. In teenstelling met die meeste ander ondersoekers (Smith, 1971; Barnard, 1971; Bester, 1966) is besluit om ook gegewens insake die verbale en nie-verbale intelligensie te verstrek. By die berekening van die gemiddeldes is die desimales weggelaat en benader.

Alvorens tot 'n bespreking van die gegewens en 'n kriminogene verklaring oorgegaan word, sal die resultate eers in die volgorde van nie-verbale, verbale en totale I.K.-tellings aangebied word.

TABEL 11

DIE NIE-VERBALE I.K.-TELLINGS VAN DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS

| Nie-verbale I.K. | Oortreders | | Nie-oortreders | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal | % | Aantal | % |
| 79 en onder | 30 | 34,5 | 10 | 11,1 |
| 80 - 89 | 15 | 17,2 | 12 | 13,3 |
| 90 - 99 | 23 | 26,4 | 18 | 20,0 |
| 100 - 109 | 8 | 9,2 | 23 | 25,6 |
| 110 - 119 | 9 | 10,3 | 14 | 15,6 |
| 120 - 129 | 1 | 1,1 | 9 | 10,0 |
| 130 - 139 | 1 | 1,1 | 3 | 3,3 |
| 140 en bo | - | - | 1 | 1,1 |
| Totaal | | 100,0 | 90 | 100,0 |
| Gemid. Nie-verbale I.K. | 89 | | 101 | |
| Standaardafwyking | 10,84 | | 11,38 | |

Volgens die z-toets verskil die nie-verbale I.K.-tellings van die twee groepe tot op die 1%-peil beduidend van mekaar: $4,85 > 2,58$. Dit impliseer dus dat die oortreders betekenisvol laer as die nie-oortreders presteer het ten opsigte van getallery, figuuranalogieë en patroonvol-

tooiing.

Wat die verbale I.K.-tellings betref, verskaf Tabel 12 die nodige inligting.

TABEL 12

DIE VERBALE I.K.-TELLINGS VAN DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS

| Verbale I.K. | Oortreders | | Nie-oortreders | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal | % | Aantal | % |
| 79 en onder | 48 | 55,2 | 18 | 20,0 |
| 80 - 89 | 20 | 22,9 | 19 | 21,1 |
| 90 - 99 | 12 | 13,8 | 14 | 15,6 |
| 100 - 109 | 2 | 2,3 | 19 | 21,1 |
| 110 - 119 | 1 | 1,1 | 13 | 14,4 |
| 120 - 129 | 4 | 4,6 | 4 | 4,4 |
| 130 - 139 | - | - | 1 | 1,1 |
| 140 en bo | - | - | 2 | 2,2 |
| Totaal | 87 | 100,0 | 90 | 100,0 |
| Gemiddelde verbale I.K. | 81 | | 96 | |
| Standaardafwyking | 9,68 | | 12,42 | |

Volgens die z-toets verskil die twee groepe eweso met betrekking tot verbale I.K. op die 1%-peil statisties beduidend van mekaar: 5,85 > 2,58. Die oortreders het met ander woorde ook betekenisvol laer presteer ten op-

sigte van klassifikasie van woordpare, verbale redenering en woordanalogieë.

Tabel 13 verstrek vervolgens die totale I.K.-tellings van die oortreders en nie-oortreders

TABEL 13

DIE TOTALE I.K.-TELLINGS VAN DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS

| Totale I.K. | Oortreders | | Nie-oortreders | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal | % | Aantal | % |
| 79 en onder | 41 | 47,1 | 14 | 15,6 |
| 80 - 89 | 19 | 21,8 | 15 | 16,7 |
| 90 - 99 | 13 | 14,9 | 20 | 22,2 |
| 100 - 109 | 8 | 9,2 | 20 | 22,2 |
| 110 - 119 | 4 | 4,6 | 10 | 11,1 |
| 120 - 129 | 2 | 2,3 | 7 | 7,8 |
| 130 - 139 | - | - | 2 | 2,2 |
| 140 en bo | - | - | 2 | 2,2 |
| Totaal | 87 | 100,0 | 90 | 100,0 |
| Gemiddelde totale I.K. | 84 | | 97 | |
| Standaardafwyking | 18,81 | | 22,46 | |

Net soos in die geval van die nie-verbale en verbale I.K-tellings is die totale I.K.-tellings van die jeugoortreders, soos verwag kon word, volgens die z-toets tot op die 1%-

peil beduidend laer as dé van die nie-oortreders: 5,74 2,58. Wanneer Tabel 13 van nader beskou word, kom die volgende interessante gegewens aan die lig:

(a) Nie minder nie as 68,9% van die oortreders teenoor 32,3% van die nie-oortreders het 'n ondernormale I.K.-telling (d.w.s. onder 90). Volgens die toets vir die verskil tussen twee proporsies is dié verskil beduidend op die 1%-peil (5,24 > 2,58).

(b) Alleenlik 6,9% van die oortreders het 'n bo-normale I.K.-telling (d.w.s. 110 en bo) teenoor 23,3% van die nie-oortreders wat ewe-eens volgens laasgenoemde toets 'n beduidende verskil op die 1%-peil meebring (3,14 > 2,58).

Samevattend kan dus gekonkludeer word dat die jeugoortreders se intellektuele vermoë op sowel nie-verbale as totale geïntegreerde vlak swakker is as dié van die nie-oortreders. Dié resultate onderstreep nie die siening van misdaadkenners soos Bloch en Flynn (1966) dat die I.K. van jeugoortreders nie kwantitatief van mekaar verskil nie, maar dat daar wel kwalitatiewe verskille voorkom. Laasgenoemde outeurs en hul aanhangers baseer hul teorie primêr op die bevindings van die Gluecks (1957). Wat egter in aanmerking geneem moet word is dat die Gluecks gepoog het om hul ondersoek- en kontrolegroep ten opsigte van intelligensie af te paar. Gevolglik is dit verstaanbaar dat 'n sodanige ondersoek sal verskil van 'n ondersoek soos die huidige waar sodanige afparing nie plaasgevind het nie en die nie-oortreders beskou kan word as verteenwoordigend van die bevolking.

Die bevindings van die huidige ondersoek word ook gerug= steun deur verskeie bronne in die literatuur wat die be= langrike kriminogene betekenis van 'n ondernormale intel= lektuele vermoë beklemtoon.

So konstateer Burt (1961, p.301) dat „the defective child is without the necessary insight to perceive for himself, or to hold effectively in mind, that what tempts him is dishonest, and that dishonesty is wrong". Carp (1956) voeg by dat die sosiale gevoelsbelewenis van sulke per= sone op 'n meer eenvoudige en primitiewe peil van die gemeenskap ingestel is aangesien hy nie altyd die norme van die gemeenskap kan deurgrond nie. Strating (1961) is 'n soortgelyke mening toegedaan. Verdenius-de Jong Saakes (1947) praat in dié verband van 'n swak ontwikkel= de gewetensfunksie. Laasgenoemde ondersoeker is ook van mening dat 'n swak intelligensie in 'n groot mate die versameling en verwerking van vorige lewenservaringe uitskakel. Gevolglik is die persoon nie in staat om die voor- en nadele van sy voorgenome handeling behoorlik te weeg nie.

Willemse (1939) en Taft (1956) lê op hul beurt klem daar= op dat sulke jeugdiges, vanweë hul geringe oordeelsver= moë, sterk vatbaar is vir suggestie en verleiding. Dit is voor die hand liggend dat dié beïnvloedbaarheid in 'n negatiewe milieu en portuurgroep maklik in misdaad kan resulteer.

Fick (soos aangehaal deur Smith, 1971, p.189) wys op die kriminogene betekenis wat intellektuele ondernormali=

teit in die skoolsituasie inhou: „ ....... faced with constant failure, they become fully convinced of their worthlessness, and lose their self-respect". Gedragsteurnisse soos gevoelens van minderwaardigheid wat hieruit mag voortvloei, kan maklik via negatiewe kompensasie in misdaad gestalte kry.

Barnard (1971) vestig ook die aandag op die kousaliteitswaarde wat die arbeidsmark vir sodanige jeugdiges in hierdie verband inhou. Die persoon se geringe intellektuele vaardigheid en arbeidspotensiaal het naamlik dikwels 'n minder goeie inkomste en werkloosheid tot gevolg wat nie alleen kan lei tot gevoelens van minderwaardigheid en die genoemde daaruitvloeiende gevolge nie, maar ook tot haat- en wrokgevoelens as gevolg waarvan misdaad dan gepleeg word om die bestaande ongelykheid in geldingspeil uit te wis.

Uit die voorafgaande bespreking moet nietemin nie die afleiding gemaak word dat intellektuele vermoë die belangrikste faktor in die misdaadveroorsakende proses is nie. 'n Duidelike bewys hiervan word juis in die huidige ondersoek aangetref: 29,9% van die oortreders het ondanks 'n normale of bo-normale intellektuele vermoë in misdaad verval, terwyl 32,3% van die nie-oortreders wel oor 'n ondernormale intellektuele vermoë beskik het, maar hul tog nie aan 'n misdryf skuldig gemaak het nie. Die belangrikheid daarvan om eerstens die interaksie tussen intelligensie en ander faktore op die voorgrond te stel, word dus beklemtoon. Soos Van der Merwe en du Toit (1966, p.359) dit stel: „Intellektuele prestasie - soos deur

toetse gemeet en in die daaglikse lewe geopenbaar - is 'n funksie van die hele persoonlikheid, insluitende emosionele en konatiewe faktore .... ".

Aangesien intellektuele vermoë hand aan hand met skolastiese prestasie gaan en laasgenoemde dikwels die direkte skakel tussen intelligensie en misdaad is, word vervolgens kortliks aandag aan dié aspek geskenk.

### 3.3.3 Die Skolastiese Prestasies van die twee groepe

Soos reeds genoem, is die gegewens insake die skolastiese prestasies van die twee groepe verkry uit die Biografiese Vraelys. Die spesifieke aspekte wat kortliks aandag sal geniet, is die volgende:

(a) Onderwyspeil en Skoolvertraging
(b) Stokkiesdraai

#### 3.3.3.1 Onderwyspeil en skoolvertraging

Tabel 14 gee die onderwyspeil van die twee groepe weer.

TABEL 14

DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS


| Onderwyspeil | Oortreders | | Nie-oortreders | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal | % | Aantal | % |
| Standerd 5 | 5 | 5,6 | - | - |
| Standerd 6 | 39 | 43,3 | 4 | 4,4 |
| Standerd 7 | 22 | 24,4 | 10 | 11,1 |
| Standerd 8 | 16 | 17,8 | 35 | 38,9 |
| Standerd 9 | 8 | 8,9 | 5 | 5,6 |
| Standerd 10 | - | - | 36 | 40,0 |
| Totaal | 90 | 100,0 | 90 | 100,0 |

Volgens die $X^2$-toets verskil die twee groepe op die 1%-peil beduidend van mekaar: 241,47 met 3 g.v.v. > 11,34. Dié bevindings word gerugsteun deur navorsingsresultate van ondersoekers soos Burt (1961), Sullenger (1936) en Trenaman (1952). Ferguson (1952, p.55) gaan inderwaarheid so ver om na sy ondersoek te verklaar: „It has emerged that in this series a low level of scholastic ability was probably the most powerful single factor associated with high incidence of delinquency".

Aangesien 'n swak onderwyspeil dikwels skoolvertraging (druip) impliseer, word vervolgens in Diagram 8 gelet op die voorkoms van laasgenoemde. Daarna sal die kriminogene betekenis as geheel aandag geniet.

DIAGRAM 8

DIE OMVANG VAN SKOOLVERTRAGING BY DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS



Volgens die $\chi^2$-toets verskil die twee groepe op die 1%-peil beduidend van mekaar: 56,13 met 3 g.v.v. > 11,34. Die groepe is ook ten opsigte van die eerste vier kategorieë in die geheel (d.w.s. 84,2% teenoor 56,6%) vergelyk: volgens die toets vir die verskil tussen twee proporsies is die prestasie van die oortreders eweso tot op die 1%-peil betekenisvol laer as dié van die nie-oortreders (4,11 > 2,58).

Ook dié gegewens stem ooreen met die bevindings van navorsers soos die Gluecks (1957) en Smith (1971).

Volgens Willemse (1939) en Strating (1961) is die belangrikste kriminogene betekenis van 'n swak onderwyspeil en skoolvertraging daarin geleë dat dit tot gevoelens van minderwaardigheid en 'n verlies van selfrespek kan lei wat op hul beurt via negatiewe kompensasie in misdaad weerklank kan vind. Daarby moet in aanmerking geneem word dat 'n lae onderwyspeil die persoon dikwels na die lae beroepslae dwing waar faktore soos ekonomiese nood en verleiding deur die swakker mensemateriaal gewis 'n vername rol in sy verval mag speel.


Aangesien 'n lae onderwyspeil en skoolverlating dikwels lei tot stokkiesdraai, wat op sigself 'n kriminogene kleur kan aanneem, word vervolgens kortliks aandag aan dié aspek verleen.

### 3.3.3.2 Stokkiesdraai

Diagram 9 illustreer die omvang van stokkiesdraai by die twee groepe.

## DIAGRAM 9

## DIE OMVANG VAN STOKKIESDRAAI BY DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS




1) met „gereeld" word bedoel dat stokkiesdraai vier keer meer per jaar voorgekom het, terwyl „soms" 'n intensiteit van een tot drie keer per jaar impliseer.

Volgens die $X^2$-toets verskil die twee groepe in die geheel op die 1%-peil van mekaar: 345,28 met 2 g.v.v. > 9,21. Met behulp van die toets vir die verskil tussen twee proporsies is die groepe ook ten opsigte van die volgende teenoor mekaar gestel: die kategorie „gereeld" (64,4% teenoor 8,9%) en die totale som van kategorieë „gereeld" en „soms" (91,1% teenoor 57,8%). In beide gevalle is beduidende verskille op die 1%-peil aangetref (onderskeidelik: 9,48 > 2,58 en 5,55 > 2,58).

Dat jeugoortreders betekenisvol meer as nie-oortreders stokkiesdraai, is ook bevestig deur die Gluecks (1957), Smith (1971) en Gibbs (soos aangehaal deur Wootton, 1967).

Reckless en Smith (1932, p. 168) beskou stokkiesdraai tereg as „the 'Kindergarten' of delinquency". Stokkiesdraai werk naamlik nie alleen swak selfdissipline en 'n gevolglike gebrekkige karakterontwikkeling in die hand nie, maar daarby ook 'n kondisioneringsproses met betrekking tot die verwerping van gesag. Daarby moet in aanmerking geneem word dat stokkiesdraai, soos in Hoofstuk I genoem, maklik die persoon in aanraking met ongewenste individue kan bring, terwyl dit op sigself sy skolastiese prestasies kan demp en dus ook beroepsmoontlikhede kan belemmer.

### 3.3.4 Samevatting

Volgens die NSAG het die jeugoortreders sowel ten opsigte van nie-verbale I.K. as verbale I.K. betekenisvol

swakker as die nie-oortreders presteer. Dit impliseer dus 'n swakker prestasie nie alleen met betrekking tot getallerye, figuuranalogieë en patroonvoltooiing nie, maar ook betreffende klassifikasie van woordpare, verbale redenering en woordanalogieë. Dit het onvermydelik daartoe gelei dat die gemiddelde totale I.K. van die oortreders ($\overline{X}$ = 84) beduidend laer was as dié van die nie-oortreders ($\overline{X}$ = 97).

Die kriminogene betekenis van 'n ondernormale intelligensie is hoofsaaklik geleë in die reël gepaardgaande eienskappe soos 'n swak ontwikkelde gewetensfunksie en sosiale gevoelsbelewenis, 'n onvermoë om te leer uit vorige ondervinding, 'n geringe oordeelsvermoë en 'n sterk vatbaarheid vir suggestie en verleiding. Daarby kan 'n lae intelligensie in die skool- en beroepsituasie lei tot 'n verlies van selfrespek, gevoelens van minderwaardigheid en wrok, ensomeer.

Uit die aanvullende inligting uit die Biografiese gegewens het geblyk dat die jeugoortreders oor sowel 'n betekenisvol laer onderwyspeil beskik het, as beduidend meer op skool vertraag was en stokkiesgedraai het.

## 3.4 Resultate van die PHSF

### 3.4.1 Inleiding

Wanneer vervolgens op bepaalde persoonlikheidseienskappe van die jeugoortreder, soos aan die lig gebring deur die PHSF en ook later die 16-PF en TAT, gelet word, is dit

belangrik om in gedagte te hou dat hoewel daar tussen dié eienskappe en ander kenmerke onderskei kan word, hulle nie geskei kan word nie. Die interaksie wat daar bestaan, bring mee dat hulle sowel gesamentlik as in hul onderlinge reaksie die totale persoonlikheid van die mens vorm. Bloch en Flynn (1966, p. 151) stel dit dan ook pertinent dat „The emergence of a psychological condition, however, whether in the form of an attitude, a new set of values, or a novel emotional orientation, must be seen in relation to the entire developing pattern of the personality". Hulle voeg ook by: „Isolated personality traits may not be sufficient in themselves to predispose to delinquency" (p. 151).

Met dié siening as grondslag word dan vervolgens gelet op die prestasies van die oortreders en nie-oortreders ten opsigte van die PHSF.

### 3.4.2 Die PHSF-resultate van die twee groepe

Tabel 15 weerspieël die PHSF-resultate van die twee groepe. Die beduidendheid van verskille is met behulp van die z-toets bepaal.

TABEL 15

DIE PHSF-RESULTATE VAN DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS

| Komponente | Oortreders | | Nie-oortreders | | z-Waarde |
|---|---|---|---|---|---|
| | $\bar{X}$ | S.A. | $\bar{X}$ | S.A. | |
| Selfvertroue | 27,51 | 5,73 | 27,68 | 5,08 | 0,21 |
| Eiewaarde | 22,69 | 5,39 | 23,68 | 4,61 | 1,32 |
| Selfbeheer | 25,04 | 5,19 | 28,03 | 5,34 | 3,79* |
| Senuweeagtigheid | 23,91 | 6,20 | 26,48 | 6,30 | 2,74* |
| Gesondheid | 27,49 | 5,93 | 29,84 | 6,89 | 2,44** |
| Gesinsinvloede | 24,83 | 6,89 | 31,32 | 7,84 | 5,86* |
| Persoonlike Vryheid | 24,96 | 7,56 | 31,72 | 7,65 | 5,93* |
| Sosialiteit -G | 20,50 | 6,32 | 23,13 | 5,72 | 2,95* |
| Sosialiteit -S | 27,58 | 9,46 | 27,74 | 8,52 | 0,12 |
| Morele Inslag | 23,21 | 7,03 | 30,21 | 6,02 | 7,14* |
| Formele Verhoudinge | 24,50 | 6,02 | 28,41 | 6,31 | 4,23* |

* = Beduidend op 1%-peil (> 2,58)
** = Beduidend op 5%-peil (> 1,96)

Uit Tabel 15 blyk dit dat die twee groepe ten opsigte van al die komponente , uitgesonder Selfvertroue, Eiewaarde en Sosialiteit -S, beduidend van mekaar verskil. Betekenisvolle verskille is dus aangetref met betrekking tot Selfbeheer, Senuweeagtigheid, Gesinsinvloede, Persoonlike Vryheid, Sosialiteit -G, Morele Inslag, Formele Verhoudinge (almal op die 1%-peil) en Gesondheid (op die

5%-peil).

Met die oog op 'n meer breedvoerige uiteensetting en veral die aanbieding van 'n kriminogene verklaring, word die komponente vervolgens afsonderlik aangebied en bespreek.

1 Selfvertroue

Die bevinding dat die oortreders in teenstelling met die verwagting nie betekenisvol van die nie-oortreders ten opsigte van selfvertroue verskil het nie, kan verklaar word aan die hand daarvan dat die oortreders hul gebrek aan selfvertroue agter 'n masker van alse bravade verbloem: „This lack of self-confidence, intensified by worries about his personal and social adequacy, is sometimes hidden behind a cloak of cocksureness or rebellion", aldus Hurlock (1968, p.364). En aangesien die PHSF meer ingestel is op die meting van die bewustelike, is dit verstaanbaar dat die toets nie altyd in staat is om die „contrary unconscious function" (Eysenck, 1965, p.35) wat soms teenwoordig is, uit te lig nie.

2 Eiewaarde

Die bevinding dat die twee groepe nie beduidend ten opsigte van eiewaarde van mekaar verskil nie, was te verwagte aangesien eiewaarde in noue verband staan met selfvertroue waar daar, soos vermeld, nie betekenisvolle verskille was nie. Om dié rede word daar nie verder op die aspek ingegaan nie en word volstaan met wat reeds by selfvertroue aangevoer is.

3 Selfbeheer

Die beduidende laer prestasie ten opsigte van selfbeheer van die oortreders is insiggewend. Dit impliseer naamlik dat hulle nie oor die nodige psigiese kontrole en remminge beskik om hul emosies en drange te beheer en/of op 'n sosiaal-aanvaarbare wyse te kanaliseer nie. Soos West (1967, p.149) dit stel: „Like the young infant, he cannot postpone immediate gratification, but gives free vent to his covetousness and aggression even when, in his own interest, self-restraint would be more advantageous. He cannot tolerate present frustration for the sake of future benefit ..... ". Dit is dus voor die hand liggend dat 'n gebrek aan selfbeheer en veral die hieruitspruitende ingesteldheid op die bevrediging van onmiddellike behoeftes as 'n basis vir jeugmisdaad kan dien.

Shields (1971), psigoterapeut van die bekende Bredinghurst-verbeteringskool, heg 'n bykomende kriminogene betekenis aan 'n gebrek aan selfbeheer: „ ........ he offends against asociety in order to re-establish control from outside" (p.74). Met ander woorde, in 'n poging om te kompenseer vir sy innerlike gebrek aan selfbeheer, is die jeugdige onbewustelik besig om deur middel van sy anti-sosiale optrede beheer van buite (wetsoptrede) op homself te forseer.

4 Senuweeagtigheid

Die kriminogene verklaring vir die bevinding dat oortreders 'n hoër mate van senuweeagtigheid vertoon, moet nie

soseer gesoek word in dié eienskap as sodanig nie, maar eerder in die daaruitvloeiende karakteristieke soos impulsiwiteit en 'n gebrekkige perspektief (vgl. Bloch en Flynn, 1966). Wiersma (1956, p.69) stel dit ook dat „Het is ongetwÿfeld juist dat die misdrÿven van de normalen nerveuzen te wÿten zÿn aan een overwicht van de vitale en de egoïstische neigingen over de sociale en vooral die suprasociale ....". Hy voeg by: „Het zÿn bÿna altÿd impulsieve handelingen, die in die opwelling van het ogenblik plaatsgrÿpen ...... ". (p.69).

Outeurs soos Fromm (1944) en Bloch en Flynn (1966) wys ook daarop dat die onderliggende angs by senuweeagtigheid hand aan hand gaan met vyandigheid wat nie alleen tot uiting kan kom in aggressiwiteit nie, maar ook in „furious resentment of all adult authority" (Bloch en Flynn, 1966, p.160). Die misdaadpleging kan dan gesien word as 'n weerligafleier vir die angs- of spanningstoestand - 'n poging van die jeugdige om die equilibrium te herstel.

## 5 Gesondheid

Die bevinding dat die oortreders betekenisvol meer as die nie-oortreders behep met hul fisiese toestand was, moet volgens ondersoeker eerder as van simptomatiese as kriminogene belang beskou word. Met ander woorde, beheptheid met die gesondheid is bloot 'n simptoom van 'n dieperliggende konflik en nie soseer die konflik as sodanig nie. Nietemin bring die bevinding verdere interessante inligting omtrent die jeugoortreder aan die lig.

Dit is naamlik so dat die gesondheidsbeheptheid van die oortreders dui op hipochondriese neiging. In dié verband sê Suinn (1970, p.232) dat „ ....... the physical concerns are probably the displaced expression of psychological anxiety". Dié siening sluit mooi aan by, en bevestig die gevolgtrekking wat reeds vroeër gemaak is, naamlik dat daar 'n onderliggende spanningstoestand by die jeugoortreders aanwesig is. Die aanvullende siening van Kisker (1972, p.261) dat „preoccupation with health is ... a way of escaping the anxiety associated with inadequacy, inferiority and failure", vul op sy beurt weer aan by die bewering wat ten opsigte van selfvertroue (en eiewaarde) gemaak is, naamlik dat daar agter die masker van laasgenoemde faktore gevoelens van minderwaardigheid teenwoordig is.

Die hipochondriese neigings van die oortreders kan dus geïnterpreteer word as 'n gerasionaliseerde handeling waarmee die persoon nie alleen sy selfvertroue en eiewaarde beskerm nie, maar ook die simpatie en aandag van andere - en dus sekuriteit - verkry.

## 6 Gesinsinvloede

Die beduidende laer tellings van die oortreders bevestig die bevinding wat reeds uit die resultate van die Biografiese Vraelys gemaak is naamlik, dat hulle veel meer onder negatiewe gesinsinvloede gebuk gegaan het as die nie-oortreders. Aangesien daar reeds volledig gelet is op die kriminogene betekenis van gesinsinvloede word nie verder op die huidige bevinding ingegaan nie.

## 7 Persoonlike Vryheid

Die bevinding dat die jeugoortreders betekenisvol swakker tellings openbaar moet nie oorhaastig geïnterpreteer word nie. Die Handleiding (1970), p. 18) stel dit pertinent dat „'n Hoë telling toon goeie aanpassing, terwyl 'n lae telling op wanaanpassing dui". Die bevinding behels dus meer as net dat die oortreders beduidend meer deur hul ouers ingeperk is. Die buitengewone lae telling (stanege: 3) dui inderwaarheid daarop dat hulle hul ouers se inperking as té streng, as't ware uit voeling met die werklikheid, ervaar het. Wanneer die betekenisvolle hoër omvang van anti-sosiale gedrag van die gesinslede asook stiefverhoudings (soos uitgelig deur die Biografiese gegewens) in aanmerking geneem word, is dit verstaanbaar dat die oortreders onder sulke onrealistiese streng inperkings gebuk moes gaan.

Van sodanige inperkings sê Hurlock (1968, p. 301) tereg dat „(it) is likely to lead the child to misbehave to prove to himself and his friends that he is independent .......". In 'n ander werk konstateer dieselfde skryfster (Hurlock, 1967 1967 pp. 447 - 448): „.......... they become ..... insecure (and) their insecurity makes them to compensate by overboldness and rebellion". Johnson en Medinnus (1965) wys ook daarop dat sulke toedrag van sake kan lei tot die opbouing van vyandigheid en aggressie wat deur middel van verplasing op andere gerig kan word. Tappan (1949) maak op sy beurt melding van identifiseringsprobleme wat kan ontstaan as gevolg van die feit dat die jeugdige respek vir so 'n ouer verloor.

Dit kan dus nie ontken word dat te streng inperkings nie alleen die jeugdige se spontane ingroei in die familie en gemeenskap belemmer nie, maar ook aanleiding kan gee tot wrok, verbittering, opstand en aggressie. Hieruit spruit enersyds weer gevoelens van minderwaardigheid wat langs die weg van negatiewe kompensasie en selfgelding in wangedrag kan ontaard. Andersyds kan dit lei dat 'n houding van antagonisme teen enige vorm van gesag kan ontwikkel wat die jeugdige ewe eens in botsing met die gemeenskapsnorme kan bring.

Burt (1961) huldig hierby die mening dat die jeugdige, in 'n poging om straf te ontduik, tot leuens, skynheiligheid en bedrog gedwing kan word, terwyl Middendorf (1956) op 'n verdere konsekwensie wys: modelkinders sonder inisiatief en verbeeldingskrag.

## 8 Sosialiteit -G

Die beduidende laer tellings van die oortreders ten opsigte van Sosialiteit -G mag vir die aanhangers van Eysenck se teorie teen die verwagting wees. Eysenck (1965) huldig naamlik die mening dat daar - in teenstelling met die huidige ondersoek - 'n hoër korrelasie tussen ekstroversie en misdaad bestaan as tussen introversie en misdaad. Alvorens Eysenck se siening sonder voorbehoud aanvaar en die huidige bevinding betwyfel word, dien daarop gelet te word dat „Eysenck admits that the evidence for his theory has not yet been adequately tested and is anyhow not intended to apply indiscriminately to all criminals" (Mannheim, 1 6, p. 332). Die laaste deel van

die aanhaling kan juis in die besonder betrekking hê op jeugdiges by wie die sosialiseringsproses nie alleen nog in die proses van ontwikkeling staan nie, maar wat dalk 'n masker van ekstroversie kan voorhou: „Introversion can, in fact, be a painful condition for young people and they can even adapt an appearance of extroversion to avoid loneliness and perhaps to help them 'join the gang'" (Smart, 1970, p.21).

Die ondersoeker is hierby van mening dat vele jeugoortreders deur omstandighede feitlik forseer word tot afkerigheid van sosiale groepsverkeer. Weens faktore soos diskriminasie deur ander jeugdiges op grond van byvoorbeeld swak sosiale milieu (soos bewys deur die Biografiese gegewens) kan die jeugoortreders maklik 'n weersin in sekere groepe opbou (vgl. Mussen, Conger en Kagan, 1969).

Verder dien daarop gewys te word dat introverte in die reël meer gebuk gaan onder onderliggende spanningstoestande (Costello, 1970) - 'n eienskap wat reeds vroeër uitgelig is en wat dus meer steun aan die huidige bevinding gee.

Duidelikheidshalwe moet daarop gelet word dat die huidige bevinding nie as teenstrydig gesien moet word met dié van die Biografiese gegewens naamlik dat die oortreders meestal hul oortredings in groepsverband gepleeg het nie. Dit moet in aanmerking geneem word dat laasgenoemde gegewens betrekking het op toedrag van sake tydens die daad van misdaadpleging. Gevolglik is dit moontlik dat

die jeugdige die groep alleenlik as 'n middel tot 'n doel gebruik, byvoorbeeld: hulle verhoog sy gevoelens van sekuriteit vir die pleeg van die daad; sekere misdade vereis meer as een persoon; en so meer.

9 Sosialiteit - S

Dat die twee groepe nie beduidend van mekaar verskil ten opsigte van 'n behoefte om met 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag te verkeer nie, is verstaanbaar. Beide groepe verkeer naamlik grootliks in die adolessensie- of laat-adolessensiefase, met die gevolg dat die groepe feitlik afgepaar is ten opsigte van die tans bespreekte faktor. Daarby moet in aanmerking geneem word dat beide groepe ook in inrigtingsverband verkeer waar kontak met lede van die teenoorgestelde geslag tot 'n minimum beperk is, wat verder bydra tot die genoemde „afparing".

Die waarde van die bevinding lê dan primêr daarin dat dit bewys dat jeugoortreders nie soseer 'n behoefte het aan die immorele uitlewing van die libidineuse energie nie, maar agter die masker van losbandigheid tog hunker na die sosiale verkeer met 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag. Of hulle weens hul negatiewe agtergrond en swak ouerlike voorbeeld oor die psigiese toerusting beskik om van so 'n verhouding 'n sukses te maak, is egter te betwyfel.

10 Morele Inslag

Waar outeurs soos Trasler (1967) en Halleck (1971) empiriese gegewens aanvra oor die verband tussen morele kennis en morele gedrag by misdadigers, is die bevinding in hierdie ondersoek dat die jeugoortreders besef dat hul gedrag in stryd is met die norme van die samelewing, voorwaar insiggewend.

Hierdie diskrepante gedrag kan aan die hand van West (1967), Hurlock (1967) en Hurlock (1968) soos volg verklaar word:

Eerstens verkeer die jeugdige in konflik ten opsigte van die norme van sy eie milieu (vgl. Biografiese gegewens) en dié van die gemeenskap. Hy besef met ander woorde dat die pleeg van 'n misdaad verkeerd is, maar omrede hy die skewe norme van sy eie milieu reeds geïnternaliseer het en dit gevolglik sy gewetensfunksie belemmer, gee hy aan die versoeking toe.

Tweedens het die oortreders 'n meer gebrekkige kontrole oor hul drange, met die gevolg dat dit hul insig belemmer om altyd hul behoeftes op 'n aanvaarbare wyse te bevredig: „A girl may shoplift clothes and personal ornaments so that she can make as good an appearance as the girls with whom she wants to be identified", verduidelik Hurlock (1967, p.459) in dié verband met 'n voorbeeld.

Derdens is die oortreders as gevolg van emosionele onrypheid meer as nie-oortreders geneig om selfbelang op die voorgrond te stel - ongeag of dit negatiewe implikasies vir hulself of die gemeenskap inhou. Soos Hur-

lock (1967, p.459) dit stel: „The juvenile delinquent .... lacks the emotionalized desire to adhere to what he knows is right".

Laastens bring die druk van 'n portuurgroep dikwels mee dat die jeugdige, hoewel hy die verkeerdheid daarvan deeglik besef, 'n anti-sosiale daad sal pleeg ten einde die guns van die groep te behou. Aangesien daar reeds aandag aan dié aspek verleen is, word nie verder daarop ingegaan nie.

## 11 Formele Verhoudinge

Die bevinding dat die oortreders betekenisvol minder suksesvol is in hul formele verhoudinge tot medeleerlinge asook gesagsfigure en meerderes binne die leersituasie, was te verwagte. Daar is naamlik reeds vroeër daarop gewys dat die oortreders se verhouding tot hul portuurgroepe nie na wense is nie. Mussen, Conger en Kagan (1969, p.741) sê in dié verband dan ook pertinent dat „The delinquents were less friendly and pleasant toward classmates, and, in return, were less well liked and accepted by their peers". Daarby moet in aanmerking geneem word dat die gesagsfigure en meerderes binne die leersituasie vir die jeugoortreders outoriteit versinnebeeld - iets waarin hulle 'n renons het en wat noodwendig moet bydra tot swak formele verhoudings. 'n Faktor wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat, aangesien die oortreders swak presteerders is in die leersituasie (sien Biografiese gegewens) en die huidige veranderlike juis betrekking het op dié situasie, dit moontlik is dat die oor-

treders hul grief teen die skool op hul medeleerlinge en gesagsfigure projekteer.

Wat die laaste komponent van die PHSF - die Geldigheidskaal - betref, was beide groepe se tellings van so 'n aard dat die eerlikheid waarmee die vraelys beantwoord is as bevredigend beskou kan word.

Weens die eiesoortige veranderlikes van die PHSF was dit moeilik om die huidige navorsingsresultate met dié van ander ondersoekers te vergelyk. Nietemin kan gekonstateer word dat die huidige bevindings, in die geheel gesien, ondersteun word deur dié van die Gluecks (1957), Burt (1961), Smith (1971), Healy en Bronner (1936) asook Conger en Miller (1966).

### 3.4.3 Samevatting

Die belangrikste resultate van die PHSF en daaruitspruitende verklarings kan soos volg saamgevat word:

(a) Hoewel die twee groepe nie ten opsigte van Selfvertroue en Eiewaarde beduidend van mekaar verskil het nie, moet in aanmerking geneem word dat dit in die geval van die oortreders slegs 'n masker van valse bravade mag wees wat die ware toedrag van sake verskuil.

(b) Die betekenisvolle laer tellings van die oortreders ten opsigte van Selfbeheer impliseer dat hulle nie oor die nodige psigiese kontrole en remminge beskik om hul emosies en drange sosiaal-aanvaarbaar te kanaliseer nie

- 'n ideale teelaarde vir jeugmisdaad.

(c) Die bevinding dat die oortreder 'n beduidende hoër mate van Senuweeagtigheid vertoon, het veral kriminogene betekenis omrede dit dikwels hand aan hand gaan met eienskappe soos impulsiwiteit en gebrekkige perspektief, terwyl die misdaadpleging ook gesien kan word as 'n weerligafleier vir die onderliggende spanning- en angstoestand.

(d) Die beduidende laer telling van die oortreders ten opsigte van Gesondheid dui op hipochondriese neigings wat op sy beurt die aanwesigheid van 'n onderliggende spanningstoestand en gevoelens van minderwaardigheid bevestig.

(e) Die betekenisvolle laer telling van die oortreders ten opsigte van Gesinsinvloede onderstreep die resultate van die Biografiese gegewens, naamlik dat hulle veel meer onder negatiewe gesinsinvloede gebuk gegaan het.

(f) Die beduidende laer telling van die oortreders ten opsigte van Persoonlike Vryheid impliseer dat hulle onrealisties streng deur hul ouers ingeperk is, wat toegeskryf kan word aan faktore soos die hoë voorkoms van die antisosiale gedrag van die gesinslede en stiefverhoudings. Die kriminogene betekenis van sodanige inperkings is dat dit kan lei tot wrok, verbittering, opstand, aggressie, skynheiligheid, en so meer.

(g) Die betekenisvolle laer telling van die oortreders ten opsigte van Sosialiteit -G dui daarop dat hulle tot introversie geneig is wat weereens die bestaan van onderlig-

gende spanningstoestande bevestig.

(h) Die bevinding dat die oortreders nie beduidend van die nie-oortreders verskil ten opsigte van Sosialiteit -S nie, impliseer dat hulle agter 'n masker van losbandigheid tog hunker na die sosiale verkeer met 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag.

(i) Die beduidende laer telling van die oortreders ten opsigte van Morele Inslag beteken dat hulle, ongeag hul misdaadrekord, tog voel dat hul gedrag afwyk van die aanvaarde gemeenskapsnorme. Dié diskrepante gedrag kan primêr toegeskryf word aan 'n afgestompte gewetensfunksie, 'n gebrekkige kontrole oor hul drange, 'n neiging om selfbelang op die voorgrond te stel en druk van portuurgroepe.

(j) Die betekenisvolle laer telling van die oortreders ten opsigte van Formele Verhoudinge moet geïnterpreteer word in die lig van hul negatiewe optrede teenoor medeleerlinge (en „vice versa") asook dat hulle gesagsfigure sien as 'n versinnebeelding van outoriteit waarin hulle 'n afkeer het.

(k) Die Geldigheidskaal het getoon dat beide groepe die vrae met bevredigende eerlikheid beantwoord het.

(l) In die geheel gesien, bevestig die PHSF-resultate dié van soortgelyke ondersoeke in die buiteland.

## 3.5 Resultate van die 16-PF

### 3.5.1 Inleiding

Alvorens tot die resultate van die 16-PF oorgegaan word, moet besef word dat dít wat onder die Inleiding van die PHSF aangevoer is, ook hier geld. Met ander woorde, die onderskeie veranderlikes wat bespreek gaan word, moet nie gesien word as losstaande entiteite nie, maar in verhouding tot die res van die persoonlikheid waartussen daar gedurige interaksie bestaan.

### 3.5.2 Die 16-PF-resultate van die twee groepe

Tabel 16 weerspieël die 16-PF-resultate van die twee groepe. Die beduidendheid van verskille is met behulp van die z-toets bepaal.

TABEL 16

DIE 16-PF-RESULTATE VAN DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS

| Faktore | Oortreders | | Nie-oortreders | | z-Waarde |
|---|---|---|---|---|---|
| | $\bar{X}$ | S.A. | $\bar{X}$ | S.A. | |
| A | 9,41 | 2,51 | 9,71 | 2,83 | 0,72 |
| B | 6,47 | 2,05 | 7,31 | 2,09 | 2,71* |
| C | 13,31 | 3,67 | 15,20 | 3,70 | 3,57* |
| E | 14,47 | 3,77 | 13,16 | 3,36 | 2,45** |
| F | 13,90 | 3,70 | 13,77 | 3,79 | 0,23 |
| G | 9,71 | 3,20 | 12,89 | 3,66 | 6,17* |
| H | 11,71 | 3,93 | 10,68 | 4,57 | 1,61 |
| I | 9,44 | 2,80 | 7,99 | 3,06 | 3,30* |
| L | 10,69 | 2,48 | 11,09 | 2,67 | 1,04 |
| M | 13,32 | 2,86 | 13,28 | 2,82 | 0,09 |
| N | 10,36 | 2,47 | 11,51 | 2,26 | 3,24* |
| O | 12,22 | 3,90 | 11,29 | 3,21 | 1,74* |
| Q1 | 9,37 | 2,09 | 9,69 | 2,48 | 0,93 |
| Q2 | 11,57 | 3,12 | 11,48 | 2,77 | 0,20 |
| Q3 | 10,16 | 3,03 | 11,67 | 3,13 | 3,27* |
| Q4 | 13,31 | 3,34 | 11,17 | 4,34 | 3,69* |

* = Beduidend op 1%-peil (> 2,58)

** = Beduidend op 5%-peil (> 1,96)

Uit Tabel 16 blyk dit dat beduidende verskille ten opsigte van die volgende faktore aangetref is: B (Intellektuele

Vermoë); C (Emosionele Stabiliteit); E (Dominansie); G (Pligsgetrouheid); I (Emosionele gevoeligheid); N (Skerpsinningheid); Q3 (Selfbeheersing) en Q4 (Gespannenheid). Faktore ten opsigte waarvan geen beduidendheid aangetref is nie, is dus A (Sosialiteit); F (Sorgvryheid); H (Avontuurlustigheid); L (Agterdogtigheid); M (Verbeeldingrykheid); Q1 (Radikalisme) en Q2 (Selfgenoegsaamheid).

Net soos in die geval met die PHSF, word die onderskeie faktore vervolgens stapsgewys aangebied en bespreek.

Faktor A: Sosialiteit (Sisotemie (-A) teenoor Affektotemie (+A))

Die bevinding dat die twee groepe nie statisties betekenisvol van mekaar ten opsigte van Sosialiteit verskil nie, kan primêr verklaar word aan die hand van die feit dat dié faktor weinig kriminogene betekenis inhou. En aangesien die twee groepe primêr met betrekking tot kriminaliteit afgepaar is, is dit verstaanbaar dat die meting van nie-relevante eienskappe tot sodanige bevinding sal lei. Die volgende aanhaling van Cattell, Eber en Tatsuoka (1970, p.81) waarin hul aantoon hoe vooraanstaandes in die gemeenskap versprei is oor beide velde, bevestig ook dié siening: „The highest ranking (A+) occupations in A factor score are social workers and business executives and the lowest (A-), artists ....... and research scientists".

Verder, wanneer wel 'n sterk poging aangewend word om

kriminogene eienskappe in twee uiterste velde uit te lig, sal gemerk word dat sodanige eienskappe feitlik by elke afsonderlike veld feitlik dieselfde gewig trek, byvoorbeeld „krities" en „agterdogtig" by Sisotemie teenoor „ongeërg" en „nalatig" by Affektotemie. Só gesien, is dit verstaanbaar dat die oortreders eweredig oor die twee velde versprei sal wees.

Faktor B: Intellektuele Vermoë (Lae Intelligensie (-B) teenoor Hoë Intelligensie (+B))

Die beduidende laer prestasie van die oortreders bevestig die bevinding van die NSAG dat die oortreders oor 'n swakker intellektuele vermoë as die nie-oortreders beskik. Cattell en Eber (1962, p. 13) wys in dié verband daarop dat „his dullness may be simply a reflection of low intelligence, or it may represent poor functioning due to psychopathology". Oorerwingsfaktore skyn ook 'n rol te speel, aangesien Canter (1969) ten opsigte van Faktor B gevind het dat identiese tweelinge beduidend meer dieselfde presteer het as nie-identiese tweelinge.

Soos voorheen genoem, is die kriminogene betekenis van 'n lae intelligensie primêr daarin geleë dat dit in die reël gepaard gaan met eienskappe soos 'n swak ontwikkelde gewetensfunksie en sosiale gevoelsbelewenis, 'n onvermoë om te leer uit vorige ondervinding, 'n sterk vatbaarheid vir verleiding, terwyl dit op skool en in die beroep kan lei tot 'n verlies van selfrespek, gevoelens van minderwaardigheid en wrok ensovoorts.

Insiggewend is die feit dat Cattell, Eber en Tatsuoka (1970) ook 'n swak oordeelsvermoë met Lae Intelligensie (-B) assosieer - 'n gevolgtrekking wat reeds by die NSAG gemaak is en wat dus dié bevinding onderstreep. Dieselfde geld vir laasgenoemde outeurs se koppeling van 'n lae moraal met Lae Intelligensie (-B) wat op sy beurt weer die bevinding van die PHSF bevestig (sien p. 182).

<u>Faktor C:</u> <u>Emosionele Stabiliteit (Emosionele Onstabiliteit (-C) teenoor Emosionele Stabiliteit (+C))</u>

Die betekenisvolle laer prestasie van die oortreders bewys onteenseglik die bewerings wat reeds dekades gelede deur outeurs soos Aichhorn (1935) en Healy en Bronner (1936) gemaak is, naamlik dat jeugoortreders veel meer as nie-oortreders gebuk gaan onder emosionele onstabiliteit. Wanneer daar gelet word op die kriminogene betekenis van emosionele labiliteit en daaruitspruitende eienskappe, is dié bevinding dan ook maklik begrypbaar.

So wys Ullman en Krasmer (1969, p.442) daarop dat die emosioneel onstabiele persoonlikheid gekenmerk word deur „strong and poorly controlled hostility ..... and anxiety". Hierdie swak beheerste vyandigheid kan maklik gestalte kry in jeugmisdaad aangesien Bloch en Flynn (1966) daarby daarop wys dat emosioneel labieles 'n neiging toon tot die uittarting van gesag. Die aanwesigheid van 'n onderliggende angstoestand bevestig soortgelyke bevindings wat reeds vroeër in die huidige ondersoek gemaak is (vgl. PHSF)

Ander eienskappe wat deur Cattell, Eber en Tatsuoka

(1970) aan Faktor C verbind word en wat van kriminogene betekenis is, is die ontduiking van verantwoordelikheid, wat vir swak skoolprestasies en beroepsbestendigheid verantwoordelik kan wees, en die neiging om maklik in probleemsituasies betrokke te raak wat nie alleen onderstreep dat die oortreders oor swak psigiese remminge beskik nie, maar ook 'n gebrekkige insig het om die gevare van sodanige situasies te besef.

Burt (1961) het 'n vername bydrae gemaak tot die kriminogene verband tussen emosionele onstabiliteit en jeugmisdaad met sy onderskeiding tussen twee groepe onewewigtige oortreders, naamlik 'n aktiewe en 'n passiewe groep. In die eerste geval kom die persoon se anti-sosiale gedrag tot uiting as gevolg van emosionele opwellinge. In die tweede geval word die persoon veral gekenmerk deur 'n neiging om homself aan andere te onderwerp, wat veral weens die verleidingsfaktor 'n sterk kriminogene kleur kry.

Faktor E: Dominansie (Onderdanigheid (-E) teenoor Dominansie (+E))

Die beduidende hoër prestasie van die oortreders bring ten opsigte van Dominansie die volgende interessante inligting aan die lig:

Hul aanmatigende selfversekerdheid kan gesien word as 'n kompensasieproses (soos dit reeds vroeër gestel is: 'n masker van valse bravade) vir teenstrydige onderliggende gevoelens. So gesien, sluit dit aan by die verklaring wat

reeds by die Selfvertroue-komponent van die PHSF aangebied is (sien p.174).

Die aanwesigheid van gevoelens van vyandigheid bevestig die bevinding wat ten opsigte van Emosionele Stabiliteit gemaak is. Hierdie vyandigheid kan maklik tot uiting kom in aggressiewe misdrywe of selfs gerig word teen norms van die gemeenskap - veral as daarby in aanmerking geneem word dat Dominansie (+E) eienskappe soos opstandigheid en onkonvensionaliteit insluit.

Hul aandagsoekerige lewenshouding beklemtoon nie alleen die genoemde kompensasie-proses nie, maar sluit ook aan by die bevinding wat reeds by die Gesondheid-komponent van die PHSF gemaak is (sien p.176).

<u>Faktor F</u>: <u>Sorgvryheid (Soberheid (-F) teenoor Sorgvryheid (+F))</u>

Die bevinding dat daar geen statisties betekenisvolle verskille by die twee groepe ten opsigte van Sorgvryheid aangetref is nie, moet nie as 'n teenstrydigheid in die ondersoek gesien word nie. Inderwaarheid sluit dit aan by verklarings wat reeds vroeër in dié verband gemaak is, naamlik dat die oortreders 'n houding van sorgvryheid aan die buitewêreld voorhou ten einde die ware toedrag van sake te verbloem. Aangesien daar reeds voldoende op dié aspek gelet is, word nie verder daarop ingegaan nie (sien p.174).

Faktor G: Pligsgetrouheid (Lae Superegosterkte (-G) teenoor Superegosterkte (+G))

Die beduidende laer telling van die oortreders wat dui op 'n lae superegosterkte pas mooi in by die raamwerk van die vorige bevindings van die ondersoek. So konstateer Cattell, Eber en Tatsuoka (1970, p.89) van die kriminogene kleur van Faktor G: „It brings a strong involvement in moral concerns of right and wrong. Certainly it best depicts the deeply rooted concern for moral standards, for persistence of effort and, in general, that tendency to drive the ego and to restrain the id .......... ".

Van die kriminogene betekenis as sodanig sê West (1967, p.149) dat „the delinquent has a very weak, unformed super-ego which leaves his instinctive impulses unrestrained and unmodified by social considerations". Hiervolgens is die jeugoortreder 'n selfgesentreerde wese wat sy behoeftes wil bevredig ongeag die gevolge wat dit vir homself en die gemeenskap inhou - „Because he lacks the restraining force of 'n guilt-inducing conscience, he succumbs to the temptation of the moment, truanting, lying or stealing as occasion arises......." (p.149).

Al die komponente van Lae Superegosterkte (-G) soos die neiging om tou op te gooi, egosentrisiteit, laks- en luiheid en onbetroubaarheid is dan ook goeie aanduidings dat die jeugoortreders se super-ego allermins na wense funksioneer, dit wil sê dat die super-ego nie oor die nodige krag beskik om altyd die aanslae van die id te inhibeer nie.

Hoewel die huidige bevinding bewys dat die oortreders oor 'n swakker super-ego as die nie-oortreders beskik en dit wel 'n goeie verklaring vir jeugwangedrag bied, voltooi dit nietemin nie die volle prentjie nie. Met ander woorde, die swak super-ego van die oortreders moet ook as simptomaties gesien word. Daar moet dus 'n rede wees waarom jeugoortreders 'n swakker super-ego as nie-oortreders het. Aangesien die meeste ondersoekers soos Halleck (1971), Friedlander (1967) en Smart (1970) die oorsaak hoofsaaklik toeskryf aan swak ouer-kindverhoudiengs, word by die TAT-resultate op dié aspek gelet (sien p.205).

Faktor H: Avontuurlustigheid (Skugterheid (-H) teenoor Avontuurlustigheid (+H))

Die bevinding dat die twee groepe nie statisties betekenisvol van mekaar ten opsigte van Avontuurlustigheid verskil nie, kan moontlik bevraagteken word aangesien die populêre mening dikwels jeugmisdaad as uitvloeisel van avontuurlus sien. Dit moet egter in aanmerking geneem word dat dit hier gaan om die kwantitatiewe en nie kwalitatiewe meting van avontuurlus nie. Dus, avontuurlus, (soos hier gemeet) is nie noodwendig negatief van aard of kom op 'n negatiewe wyse tot uiting nie. Inteendeel. Avontuurlustige mense kan op grond van die eienskap hoogstaande prestasies lewer (vgl. Cattell, Eber en Tatsuoka, 1970). Dit is dus die wyse waarop avontuurlus tot uiting kom, dit wil sê die kwaliteit en nie soseer die kwantiteit nie, wat die deurslaggewende rol speel. Dit is eintlik eers wanneer avontuurlus verbind word met ander faktore soos

byvoorbeeld emosionele onstabiliteit en verkeerde vriende, dat dit 'n anti-sosiale kleur mag kry.

Die bevinding word nog meer duidelik wanneer in gedagte gehou word dat avontuurlus hoogty vier tydens die adolessensie en laat-adolessensie fase - 'n fase waarin beide groepe verkeer.

Faktor I: Emosionele Gevoeligheid (Gehardheid (-I) teenoor Emosionele Gevoeligheid (+I))

Die beduidende hoër tellings van die oortreders sluit aan by vorige ondervindings van hierdie ondersoek, naamlik dat jeugoortreders 'n uiterlike masker van skyn voorhou wat die oppervlakkige waarnemer maklik onder die verkeerde indruk kan bring. In hierdie geval is dit dan emosionele gevoeligheid wat agter 'n dekmantel van gehardheid en traak-my-nie-agtigheid verberg word (sien p.174).

Die feit dat hulle bykomend aandag en affeksie verwag, afhanklik en onseker is, asook hulp en simpatie soek, kan verklaar word uit hoofde van hul milieu (sien Biografiese gegewens p.136 en TAT-resultate p.205) verklaar word waar die bevrediging van dié komponente grootliks agterweë gelaat is.

Verskeie komponente van Emosionele Gevoeligheid (+I) bied dan ook 'n verklaring vir die oortreders se verval. So dui hul afhanklikheid, onsekerheid en hulpeloosheid op 'n gebrek aan selfvertroue wat weer kan lei tot gevoelens van minderwaardigheid wat via negatiewe kompensasie

in wangedrag kan ontaard (vgl. PHSF p.179). Hierdie negatiewe kompensasie kan gestimuleer word deur die feit dat die persoon boonop na aandag soek. Die persoon probeer dan sy infantiele emosionaliteit kamoefleer deur wangedrag as 'n manmoedige daad voor te stel. Daarby moet in aanmerking geneem word dat die persoon se hulpbehoewendheid en afhanklikheid daartoe kan lei dat hy hulp of 'n anker by die verkeerde individue of langs die verkeerde weë vind - veral gesien in die lig van die swak milieu waaruit die oortreders afkomstig is.

Laastens kan daarop gelet word dat die persone se hipochondriese en angstige ingesteldheid korreleer met vorige bevindings (sien pp.175 en 176.)

Faktor L: Agterdogtigheid (Ontspanne Sekuriteit (-L) teenoor Agterdogtigheid (+L))

Die bevinding dat daar geen betekenisvolle verskille tussen die twee groepe ten opsigte van Agterdogtigheid aangetref is nie, mag vir sommige onaanvaarbaar wees. Die bevinding word nietemin verstaanbaar wanneer dit in die volgende lig beskou word:

(a) Die faktor (L) dui nié noodwendig op paranoïede trekke, soos die indruk wat dit dalk mag skep nie (vgl. Cattell, Eber en Tatsuoka, 1970). Dit bring mee dat die kriminogene betekenis van die faktor in 'n groot mate sy krag verloor en dus die groepe nader aan mekaar bring.

(b) Bogenoemde argumente word deur die Handleiding gestaaf waar Cattell, Eber en Tatsuoka (1970) konstateer dat vooraanstaande beroepslui oor beide velde versprei is.

(c) Die komponente van +L word veelal aangetref in die ouderdomsfases waarin béide groepe verkeer, wat maklik daartoe kan lei dat die verskil gering sal wees.

<u>Faktor M:</u> <u>Verbeeldingrykheid (Prakties Georiënteerd (-M) teenoor Introversief Verstrooid (+M))</u>

Dat die twee groepe nie beduidend van mekaar verskil ten opsigte van Verbeeldingrykheid nie, moet hoofsaaklik verklaar word in die lig dat Faktor M ingestel is op die meting van beroepsaanleg wat uit die aard van die saak weinig kousale betekenis inhou. Soos Cattell, Eber en Tatsuoka 1970, p.99) dit onder andere stel: „ ...... to distinguish the more creative researchers and artists from administrators and teachers of the same eminence". Daarby vertoon beide velde sowel positiewe as negatiewe komponente (byvoorbeeld konvensionaliteit en gebrekkige toekomsgerigtheid by -M teenoor onkonvensionaliteit en belangstelling in beginselsake by +M) wat eweso vir eweredige verspreiding verantwoordelik kan wees.

<u>Faktor N:</u> <u>Skerpsinnigheid (Naïwiteit (-N) teenoor Skerpsinnigheid (+N))</u>

Die beduidende laer tellings van die oortreders ten opsigte van Skerpsinnigheid en sy komponente bevestig

naamlik dat hulle oor 'n laer intellektuele vermoë en insig beskik, meer emosioneel gevoelig is, 'n gebrekkige selfinsig openbaar en makliker deur ander mense op sleeptou geneem word as wat die geval is met die nie-oortreders. Omrede daar reeds vroeër op hierdie aspekte gelet is, word nie verder daarop ingegaan nie.

Faktor O: Skuldgeneigdheid (Selfvertroue (-O) teenoor Skuldgeneigdheid (+O))

Die betekenisvolle hoër prestasie van die oortreders ten opsigte van Skuldgeneigdheid bevestig nie alleen bevindings wat vroeër gemaak is nie, maar sluit ook aan by Cattell, Eber en Tatsuoka (1970, p. 101) se 16-PF-resultate: „ ...... the often-held opinion that antisocial persons do nót suffer from guilt seems to be contradicted by the findings on young delinquents. Among them, even those with an unmitigatedly tough 'acting out' pattern in all other respects show sufficient elevation of the O source trait (i.e. the presence of guilt proneness) .....".

Hoewel reeds vroeër gelet is op die betekenis van verskeie komponente van Faktor O, verskaf Cattell, Eber en Tatsuoka (1970, p. 103) bykomende moontlike verklarings vir die verband tussen +O en anti-sosiale gedrag:

„(1) the somewhat subtle clinical concept of committing misdeeds to justify an irrational sense of guilt,

(2) that since we measure persons who have committed misdeeds, we are witnessing transgressions against a

normal, average strength G evoking greater guilt response in the high O person, or

(3) that with the greater emotional responsiveness of O there also goes some unstability, begetting maladjustments".

Faktor Q1: Radikalisme (Konserwatisme (-Q1) teenoor (+Q1))

Die bevinding dat die twee groepe nie betekenisvol van mekaar ten opsigte van Radikalisme verskil nie, moet nie sonder meer as teenstrydig of onbetroubaar beskou word nie. Inderwaarheid word dit maklik verstaanbaar wanneer dit, soos vorige soortgelyke bevindings, gesien word in die lig van die lewensfases waarin beide groepe verkeer en waartydens Radikalisme en sy komponente as kenmerkend beskou kan word - „Among older adolescents, expressing radical points of view is a common way of asserting themselves and of attracting attention" (Hurlock, 1967, p.142). Dit is nie soseer die aanwesigheid van radikalisme wat van belang is nie, maar of die radikalisme in die vorm van anti-sosiale gedrag tot uiting kom - 'n aspek wat nie deur die toets gemeet word nie en gevolglik vir die gelyke verspreiding verantwoordelik is.

Faktor Q2: Selfgenoegsaamheid (Groepafhanklikheid (-Q2) Selfgenoegsaamheid (+Q2))

Net soos in bogenoemde geval kan die bevinding dat die twee groepe nie beduidend van mekaar ten opsigte van Selfgenoegsaamheid verskil nie, ook verklaar word in die

lig van die lewensfases van die twee groepe. Met ander woorde, die kenmerkende selfgenoegsame en tevrede-met-myself-houding van jeugdiges tydens adolessensie en laat-adolessensie (waarin beide groepe verkeer) kan verantwoordelik wees vir die gelyke verspreiding.

Faktor Q3: Selfbeheersing (Lae Selfsentiment (-Q3) teenoor Hoë Selfsentiment (+Q3))

Die beduidende laer tellings van die oortreders ten opsigte van Selfbeheersing bevestig die bevinding wat reeds by die PHSF (Selfbeheer) gedoen is, naamlik dat hulle oor swakker psigiese remminge en kontrole beskik om hul emosies en drange te beheer. (Sien PHSF-resultate p.175 vir 'n meer volledige uiteensetting).

Faktor Q4: Gespannenheid (Ontspannenheid (-Q4) teenoor Gespannenheid (+Q4))

Die beduidende hoër tellings van die oortreders met betrekking tot Gespannenheid onderstreep die bevindings wat reeds vroeër deurgeskemer het, naamlik dat hulle basies gespanne, gefrustreerd en prikkelbaar is (vergelyk byvoorbeeld PHSF-resultate p.175 en Faktor O p.199 van 16-PF). Aangesien daar reeds vroeër op die betekenis van bogenoemde komponente gelet is, word nie verder daarop ingegaan nie.

Net soos in die geval van die PHSF, vergelyk die resultate van die 16-PF in die geheel gunstig met soortgelyke ondersoeke van die Gluecks (1957, Burt (1961), Healy

en Bronner (1936) en Conger en Miller (1966).

### 3.5.3 Samevatting

Die belangrikste bevindings van die 16-PF kan soos volg saamgevat word:

(a) Geen betekenisvolle verskil is tussen die twee groepe aangetref ten opsigte van Sosialiteit nie wat verklaar kan word in die lig dat dié faktor weinig kriminogene betekenis inhou.

(b) Die oortreders beskik oor 'n beduidende swakker intellektuele vermoë as die nie-oortreders wat die bevindings van die NSAG onderstreep.

(c) Die oortreders is beduidend meer emosioneel onstabiel as die nie-oortreders. Komponente wat hier in wangedrag kan ontaard, is 'n swak gekontroleerde vyandigheid, onderliggende angs en gebrekkige insig.

(d) Die beduidende hoër prestasie van die oortreders ten opsigte van Dominansie kan gesien word as 'n masker van valse bravade. Dié siening word bevestig deur die aanwesigheid van komponente soos vyandigheid, onkonvensionaliteit, opstandigheid en 'n aandagsoekerige ingesteldheid.

(e) Die bevinding dat daar geen betekenisvolle verskil by die twee groepe ten opsigte van Sorgvryheid aangetref is nie, kan ook verklaar word in die lig dat die oortreders 'n skynhouding voorhou ten einde die ware toedrag van sake

te verbloem.

(f) Die oortreders beskik oor 'n beduidende swakker superegosterkte wat onvermydelik meebring dat laasgenoemde nie in staat is om die anti-sosiale aanslae van die id te inhibeer nie - met misdaad as resultaat.

(g) Die twee groepe verskil nie betekenisvol van mekaar ten opsigte van Avontuurlustigheid nie. Dié bevinding kan verklaar word in die lig van die lewensfases waarin beide groepe verkeer en veral die feit dat dit nie soseer die kwantiteit van avontuurlustigheid is wat van betekenis is nie, maar die kwaliteit daarvan.

(h) Die oortreders is beduidend meer emosioneel gevoelig as die nie-oortreders wat bevestig dat hul voorkoms van gehardheid en traak-my-nie-agtigheid blote skyn is.

(i) Die twee groepe verskil nie beduidend van mekaar ten opsigte van Agterdogtigheid nie wat verklaar kan word dat dié faktor nie noodwendig van kriminogene betekenis hoef te wees nie.

(j) Die oortreders verskil nie betekenisvol van die nie-oortreders met betrekking tot Verbeeldingrykheid nie - 'n bevinding wat in dieselfde lig as (i) verklaar kan word.

(k) Die oortreders is beduidend minder skerpsinnig as die nie-oortreders wat sowel die bevindings van die NSAG as dié van Faktor B (16-PF) onderstreep.

(l) Die oortreders se betekenisvolle hoër prestasie ten opsigte van Skuldgeneigdheid bevestig die bevinding dat hulle emosioneel gevoelig, angsvallig en hipochondries is.

(m) Die twee groepe verskil nie beduidend van mekaar met betrekking tot Radikalisme nie. Dié bevinding moet gesien word in die lig van die lewensfases waarin beide groepe verkeer. Dieselfde geld vir die bevinding dat die groepe nie betekenisvol van mekaar ten opsigte van Selfgenoegsaamheid verskil nie.

(n) Die oortreders se beduidende laer tellings ten opsigte van Selfbeheersing dui daarop dat hulle oor swakker psigiese kontrole en remminge beskik om hul emosies en drange te beheer.

(o) Die oortreders is beduidend meer gespanne as die nie-oortreders wat die bevindings van die PHSF (Senuweeagtigheid) bevestig.

## 3.6 Resultate van die TAT

### 3.6.1 Inleiding

By die interpretasie van die resultate van die TAT is spesifiek gelet op die volgende:

(a) Ouer-kindverhoudings
(b) Verhouding tussen die ouers
(c) Heteroseksuele verhoudings en aggressie
(d) Misdaadresponse

Dit blyk dus dat die resultate van die TAT in 'n groot mate die geheelbeeld voltooi ten opsigte van die persoonlikheidsbeeld van die jeugoortreder.

### 3.6.2 Ouer-kindverhoudings

Verskeie ondersoekers wys op die belangrike rol wat negatiewe ouer-kindverhoudings in die jeugdige se wangedrag kan speel. So konstateer Hurlock (1968, p.634) dat „Incompatibility (between parent and child) ..... will lead to poor adjustments", terwyl Mussen, Conger en Kagan (1969, p.514) meer spesifiek die mening toegedaan is dat „the nature of parent-child relationships play a crucial role in determining whether a child's developing conscience will be seriously deficient ...... ".


By die bepaling van die kwaliteit van ouer-kindverhoudings in die huidige ondersoek, is nie alleen aandag geskenk aan die moeder-seun- en vader-seunverhoudings nie, maar ook aan die seun-moeder- en seun-vaderverhoudings - 'n aspek wat dikwels deur navorsers oor die hoof gesien word. Die rede vir hierdie „breër" dekking is, in die woorde van Heider (soos aangehaal deur Hurlock, 1968, p.634): „The way a parent affects a child is influenced by what the child does to the parent. In turn, what the child does to the parent is affected by what the parent does to the child". 'n Ouer-kindverhouding is dus nie 'n eensydige proses nie, maar bestaan uit 'n interaksie tussen ouer en kind, dit wil sê 'n wedersydse beïnvloeding.

Vervolgens word die bevindings ten opsigte van bogenoem-

de verhoudings agtereenvolgens weergegee, waarna 'n verklaring van die resultate sal volg. In al dié gevalle is die $X^2$-toets en die toets vir die verskil tussen twee proporsies vir die bepaling van statistiese beduidendheid toegepas.

## DIAGRAM 10

## DIE MOEDER-SEUNVERHOUDING BY DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS VOLGENS KAART 6BM




o = nie statisties beduidend

* = statisties beduidend op 1%-peil



= Oortreders (N = 90)



= Nie-oortreders (N = 90)

Volgens die $X^2$-toets verskil die twee groepe op die 1%-beduidend van mekaar (25,49 met 4 g.v.v. > 13,28), terwyl hulle volgens die toets vir die verskil tussen twee proporsies op dieselfde peil ten opsigte van die kategorieë „positiewe interaksie" (3,06 > 2,58) en „moeder oorbeskermend" (3,06 > 2,58) van mekaar verskil.

Ten einde aan te toon op welke wyse die stories ten opsigte van Diagram 10 geklassifiseer is, word enkele kernsinne in die stories vervolgens as voorbeelde aangedui.


| | |
|---|---|
| <u>Kategorie „Positiewe Interaksie"</u>: | „Die moeder in die prent het die seun baie lief". |
| <u>Kategorie „Moeder oorbeskermend"</u>: | „The cops hit the place with a speed. The mother thinks she can hide her son". |
| <u>Kategorie „Moeder dominerend"</u>: | „I can see she is always dominating him". |
| <u>Kategorie „Moeder verwerpend"</u>: | „Dit lyk soos 'n seun wat sy ma iets vra, maar soos gewoonlik sê sy hom sleg". |

Kategorie „Geen interaksie":

„Dit is 'n ouma en haar kleinseun".

DIAGRAM 11

## DIE SEUN-MOEDERVERHOUDING BY DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS



Volgens die $X^2$-toets verskil die twee groepe nie statisties beduidend van mekaar nie: 8,32 met 4 g.v.v. < 9,49 (5%-peil). Die toets vir die verskil tussen twee proporsies dui ten opsigte van die onderskeie kategorieë aan dat daar alleen 'n betekenisvolle verskil met betrekking tot die kategorie „seun oormatig geheg aan moeder" bestaan: 2,19 > 1,96 (5%-peil).


Enkele kernsinne wat in die stories van die proefpersone voorgekom het, is:

| | |
|---|---|
| <u>Kategorie „Positiewe interaksie"</u>: | „Die seun het sy moeder lief". |
| <u>Kategorie „Seun oormatig geheg aan moeder"</u> | „The son has always hung to his mother's apron strings". |
| <u>Kategorie „Seun verwerp Moeder</u>:" | „Die seun is nie tevrede met sy ma nie". |
| <u>Kategorie „Seun verwerp Moeder maar toon Berou"</u>: | „Ek is seker hy het sy moeder later om vergifnis gevra". |
| <u>Kategorie „Geen interaksie"</u>: | „Die jong man het 'n geweldige probleem. Hy het nie |

'n pa of 'n ma nie,
net 'n ouma".

DIAGRAM 12

DIE VADER-SEUNVERHOUDING BY DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS




* = statisties beduidend op 1%-peil

** = statisties beduidend op 5%-peil

o = nie statisties beduidend

Volgens die $X^2$-toets verskil die twee groepe op die 1%-peil betekenisvol van mekaar (20,93 met 2 g.v.v. > 9,21), terwyl daar volgens die toets vir die verskil tussen twee proporsies beduidende verskille ten opsigte van die kategorieë „Positiewe interaksie" (1%-peil) en „Geen Interaksie (5%-peil) bestaan (onderskeidelik: 3,22 > 2,58 en 2,45 > 1,96).

Die volgende is voorbeelde van kernsinne wat in die stories van die proefpersone voorgekom het:


| | |
|---|---|
| Kategorie „Positiewe Interaksie": | „Die vader gee advies vir sy bekommerde seun. Hy is lief vir hom". |
| Kategorie „Vader oorbeskermend": | „Die vader sal alles opoffer om sy seun te beskerm". |
| Kategorie „Vader diktatoriaal": | „Dis 'n vader wat sy seun altyd heen en weer beveel. Hy het geen sê nie. So gaan dit mos altyd". |
| Kategorie „Vader verwerp Kind": | „Soos gewoonlik stel hy nie belang in wat die seun wil sê nie". |

Kategorie „Geen interaksie":

„Dis twee ou mense wat dink oor perde wat in die July hardloop"

DIAGRAM 13

## DIE SEUN-VADERVERHOUDING BY DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS VOLGENS KAART 7




* = statisties beduidend op 1%-peil

o = nie-statisties beduidend nie

= Oortreders (N = 90) = Nie-oortreders (N = 90)

Volgens die $\chi^2$-toets verskil die twee groepe op die 1%-peil beduidend van mekaar (45,28 met 2 g.v.v. > 9,21), terwyl die toets vir die verskil tussen twee proporsies ook betekenisvolle verskille ten opsigte van die kategorieë „Positiewe Interaksie" en „Geen Interaksie" aandui: 4,35 en 2,79 > 2,58 (1%-peil).

Die volgende kernsinne is aanduidings van die wyse waarop bogenoemde klassifikasies gemaak is:

| | |
|---|---|
| Kategorie „Positiewe Interaksie": | „Die Pa is die seun se held". |
| Kategorie „Negatiewe Interaksie": | „Die vader gee sy seun raad, maar hy wil dit nie aanvaar nie, want hy hou nie van sy pa nie". |
| Kategorie „Geen Interaksie": | „The picture shows two professors...". |

Wanneer die voorafgaande bevindings in die geheel gesien en vergelyk word, blyk dit dat dit hoofsaaklik die interaksie tussen vader en seun is wat deur 'n kriminogene bril beskou moet word. Dié gevolgtrekking kan gemaak word uit hoofde daarvandat die oortreders se verhouding met hul vaders betekenisvol swakker as dié van die nie-oortreders was. Hoewel die moeder-seunverhouding weliswaar ook beduidend swakker by die oortreders was,

was daar geen beduidende verskil tussen die twee groepe in die ervåring van dié verhouding nie (vgl. Diagram 11: Die Seun-moederverhouding by die oortreders en nie-oortreders). En Willemse konstateer tereg dat dit die wyse is waarop die kind 'n situasie of verhouding ervaar wat van primêre belang is - ongeag hoe negatief (of positief) dié situasie of verhouding vir die buitestaander mag lyk.

Bostaande gevolgtrekking vind dan ook steun in die bevindings van ondersoekers soos Cavan (1969), die Gluecks (1957) en Bandura en Walters (1959) wat ook bevind het dat dit veral die verhouding tussen die vader en die seun is wat 'n prominente kriminogene rol in die gesinsdinamiek speel.

Hoewel die kriminogene betekenis van 'n negatiewe interaksie tussen vader en seun oorvleuel met dié van gebrekkige dissipline wat reeds in Hoofstuk 1 bespreek is, kan tog kortliks op enkele kousale faktore gelet word.

Op die voorgrond staan die identifisering van die seun met die vader. In dié verband konstateer die Gluecks (1957, p.125) dat „A warm relationship between father and son is of great significance in helping a boy to develop a wholesome set of ideals through identification with the father. Should this bond not be close, the growing child may seek substitute antisocial satisfactions in companionship with delinquents, or he may pass through a stage of grave insecurity, frustration and resentment" - almal faktore wat 'n ideale teelaarde vir wangedrag daarstel.

Daarby moet in aanmerking geneem word dat die seun wat sy vader ('n outoriteitsfiguur) verwerp, die verwerping ook na ander outoriteitsfigure kan oordra. „The boy is hostile and resentful toward his parents tends to resent all authority - the boss, the policeman, the judge", aldus Munsinger (1971, p.297). Die ontwikkeling van sy gewete word met ander woorde belemmer - in die woorde van Aichhorn (1964, p.232): „The nucleus of the superego will not develop" - met die gevolg dat alle outoriteitsfigure en -instansies daaronder ly.

Lippman (1962) wys op 'n interessante aspek naamlik dat sommige vaders 'n negatiewe verhouding met die kind aankweek met die onbewustelike doel om anti-sosiale gedrag by die kind te inisieer en aan te kweek: „The antisocial acting out of the child is unconsciously sanctioned by the (father) and (he) receives a vicarious gratification in this way. By means of this mechanism the (father) unconsciously lives out (his) hostility to the child whom (he) rejects" (p.258).

Verder moet in aanmerking geneem word dat dit sterk te betwyfel is of opvoeding deur 'n vader wat nie deur sy seun aanvaar word nie, enige waarde vir of blywende invloed op die kind sal hê. Weens die afwesigheid van 'n band van vertroue en respek, sal die kind eerder geneig wees om hom min aan die teregwysings van sy vader te steur. Ook: ten einde te ontsnap van die onaangename situasie tuis, wend die kind hom tot uithuisigheid waar hy in sy soeke na erkenning en via verleidelikheid maklik in wangedrag kan verval.


### 3.6.3 Verhouding tussen die Ouers

Hoewel die Biografiese Vraelys reeds vroeër aangetoon het dat gesinsonvolledigheid beduidend meer by die oortreders voorkom, is dit nietemin nodig gevind om aandag te skenk aan die onderlinge verhouding tussen die ouers. Die rede is dat daar talle sodanige verhoudings is wat nie noodwendig in gesinsonvolledigheid resulteer nie, maar tog disharmonies van aard is met gevolglike moontlike negatiewe uitwerking op die kind. Daar word in dié verband weer eens verwys na die algemeen aanvaarde siening van Sargent en Williamson (1958, p.107): „.......... an unbroken home with continual parental dissension can be more harmful to a child than a broken home".

Vervolgens weerspieël Diagram 14 die kwaliteit van die verhouding tussen die ouers van die twee groepe.

DIAGRAM 14

DIE VERHOUDING TUSSEN DIE OUERS VAN DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS VOLGENS KAART 10




° = nie statisties beduidend nie

Oortreders (N = 90)

= Nie-oortreders (N = 90)

Die volgende is voorbeelde van kernsinne in die stories van die proefpersone wat die wyse van klassifikasie illustreer:

| | |
|---|---|
| Kategorie „Positiewe Interaksie": | „Dit is 'n vader en 'n moeder. Hulle is baie gelukkig". |
| Kategorie „Negatiewe Interaksie": | „Hy het sy vrou nie baie lief nie. Dis 'n verdrietige prentjie". |
| Kategorie „Gelukkig met tye": | „Op die oomblik lyk hulle gelukkig, maar vir hoe lank?" |
| Kategorie „Geen Interaksie": | „Dit is twee mense wat dans. Dis al". |

Volgens die $X^2$-toets verskil die twee groepe ten opsigte van Diagram 14 tot op die 1%-vlak betekenisvol van mekaar: 12,63 met 3 g.v.v. > 11,34. Geen beduidende verskille ten opsigte van die afsonderlike kategorieë is egter met die toets vir die verskil tussen twee proporsies aangetref nie.

Die huidige bevindings sluit nie alleen aan by die resultate van die Biografiese Vraelys (Gesinsonvolledigheid) nie, maar ook by dié van ondersoekers soos die Gluecks (1957) en Kruger (1968) wat eweneens aandui dat die vader-

moederverhouding van jeugoortreders in die geheel beduidend swakker as dié van nie-oortreders was.


Omrede daar reeds op die kriminogene betekenis van 'n negatiewe verhouding tussen die ouers gelet is (sien Biografiese gegewens), word daar nie verder op dié aspek ingegaan nie.

### 3.6.4 Heteroseksuele Verhoudings en Aggressie

Met die doel om die aard en voorkoms van heteroseksuele verhoudings en aggressie te bepaal, word Diagram 15 aangebied.

DIAGRAM 15

HETEROSEKSUELE VERHOUDINGS EN AGGRESSIE BY DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS VOLGENS KAART 13




° = nie statisties beduidend nie



Volgens die $X^2$-toets verskil die twee groepe nie betekenisvol ten opsigte van Diagram 15 nie. Dieselfde geld vir verskille ten opsigte van die onderskeie kategorieë wat met die toets vir die verskil tussen twee proporsies bepaal is.

Voorbeelde van kernsinne wat die klassifikasie toelig is:

| | |
|---|---|
| <u>Kategorie „Seksuele Respons sonder Skuldgevoel"</u>: | „The man got up after satisfying his sexual urges with his wife". |
| <u>Kategorie „Seksuele Respons met Skuldgevoel"</u>: | „This one five minute act of irresponsibility may leave a scar on his brain and a guilt complex". |
| <u>Kategorie „Geen seksuele Respons"</u>: | „The man has just woken up. The woman is still sleeping". |
| <u>Kategorie „Seksuele Aggressie"</u>: | „Hy het die vrou ge-‚ryp'". |
| <u>Kategorie „Gewelddadige Aggressie"</u>: | „The man became angry and murdered his wife". |

Diagram 15 bring twee primêre bevindings aan die lig:

(a) Daar is geen beduidende verskil in die twee groepe se houding jeens heteroseksuele verhoudinge nie. Dié bevinding is in ooreenstemming met dié ten opsigte van die PHSF (Sosialiteit -S) (sien PHSF vir bespreking).

(b) Die twee groepe toon geen betekenisvolle verskille ten opsigte van òf seksuele òf gewelddadige aggressie nie. Hoewel dié bevinding teen die verwagting in is, kan dit tog verklaar word. Ten opsigte van seksuele aggressie moet die lewensfases waaring die groepe verkeer in aanmerking geneem word. Tydens (laat-) adolessensie is sowel die geslagsdrang as aggressie moeilik hanteerbaar (vgl. Mussen, Conger en Kagan, 1969) met die gevolg dat die kombinasie - al is dit net in fantasievlugte - maklik die groepe in dié opsig kan „afpaar". Daarby moet in aanmerking geneem word dat manlike seksuele jeugmisdadigers, in teenstelling met die openbare mening, buitendien 'n geringe persentasie van die totale jeugmisdaadbevolking uitmaak (vgl. Schafer en Knudten, 1970).

Ten opsigte van gewelddadige aggressie moes die milieu waarin die nie-oortreders verkeer onvermydelik 'n invloed op die resultate gehad het. Soos genoem, is hulle in 'n militaristiese atmosfeer waar aggressie uit die aard van die saak 'n deel van hul daaglikse bestaan vorm. Dit is dus voor-die-hand-liggend dat dié aggressie ook in hul projeksies na vore sou kom. Net soos in die geval van seksuele aggressie, beteken die blote aanwesigheid van gewelddadige aggressie egter nie noodwendig dat


dit in anti-sosiale gedrag gaan resulteer nie. Die anti-sosiale uitlewing van dié eienskappe is dus in 'n groot mate afhanklik van die interaksie met ander veranderlikes soos byvoorbeeld 'n swak of sterk egosterkte (vgl. 16-PF).

### 3.6.5 Misdaadresponse

Die empiriese gedeelte van die ondersoek word afgesluit met Diagram 16 wat die omvang van misdaadresponse by die twee groepe aantoon. Die rede vir die insluiting van dié gegewens vloei voort uit die aanname by die TAT, naamlik dat die persoon sy persoonlikheid, probleme en milieu ontbloot deur dit in die stories te projekteer (vgl. Stein, 1950). In dié lig wou die ondersoeker vasstel in welke mate die twee groepe verskil ten opsigte van die projeksie van misdaad - die hooffaktor ten opsigte waarvan die groepe „afgepaar" is. Daar word dus verwag dat die oortreders uit hoofde van hul misdaadagtergrond meer misdaadresponse sal gee as die nie-oortreders.

DIAGRAM 16

DIE OMVANG VAN MISDAADRESPONSE BY DIE OORTREDERS EN NIE-OORTREDERS




* = statisties beduidend op 1%-peil

** = statisties beduidend op 5%-peil

o = nie statisties beduidend nie

= Oortreders (N = 90)

= Nie-oortreders (N = 90)

Die kategoriale indeling het berus op kernsinne soos die volgende:

Kaart 6: „Die polisie soek na hierdie kind want hy het 'n kar gesteel".

Kaart 7: „These two are gangsters. They are planning a bank robbery".

Kaart 10: „Nou huil die beskuldigde se ma omdat hy gevonnis is vir 'n misdaad".

Kaart 13: „Hy was vol pille en dagga en toe vermoor hy haar".

Volgens die $X^2$-toets verskil die twee groepe ten opsigte van Diagram 16 tot op die 1%-peil beduidend van mekaar: 18,77 met 2 g.v.v. $>$ 9,21. Die toets vir die verskil tussen twee proporsies toon ook betekenisvolle verskille ten opsigte van Kaart 6 (3,49 $>$ 2,58 (1%-peil)) en Kaart 7 (1,97 $>$ 1,96 (5%-peil)).

Die bevinding dat die oortreders beduidend meer misdaadresponse as die nie-oortreders gegee het, beantwoord dus aan die verwagting en kan, soos genoem, verklaar word in die lig van hul anti-sosiale gedrag en milieu. Terselfdertyd onderstreep die bevinding in 'n groot mate die rasionaal van die TAT.

### 3.6.6 Samevatting

Die belangrikste bevindings van die TAT kan soos volg saamgevat word:

(a) Dit is veral die verhouding tussen die vader en die seun wat van kriminogene betekenis blyk te wees. Dié gevolgtrekking word gemaak uit die bevinding dat, hoewel sowel die vader-seun- as die moeder-seunverhouding by die oortreders beduidend swakker was, hulle alleenlik eersgenoemde verhouding as negatief ervaar het (in vergelyking met die nie-oortreders). Die vernaamste kriminogene faktore in 'n swak vader-seunverhouding is identifiseringsprobleme en verwerping van die vaderlike gesag en dus ook ander outoriteitsfigure.

(b) Die verhouding tussen die ouers van die oortreders was beduidend swakker as die verhouding tussen die ouers van die nie-oortreders. Dié bevinding sluit in 'n groot mate aan by die resultate van die Biografiese Vraelys (Gesinsonvolledigheid).

(c) Ten opsigte van sowel die kwaliteit van heteroseksuele verhoudings as die aanwesigheid van aggressie kon geen beduidende verskille tussen die twee groepe aangetref word nie. Die bevinding ten opsigte van heteroseksuele verhoudings bevestig die resultate van die PHSF (Sosialiteit - S). Die bevinding ten opsigte van die aanwesigheid van seksuele en gewelddadige aggressie moet hoofsaaklik gesien word in die lig daarvan dat die nie-oortreders in 'n aggressiewe milieu verkeer, terwyl die

lewensfases waarin die twee groepe verkeer, ook 'n rol kon speel.

(d) Die oortreders het beduidend meer misdaadresponse in hul stories gegee wat verklaar kan word teen die agtergrond van hul anti-sosiale gedrag en milieu. Terselfdertyd bevestig dié bevinding in 'n groot mate die rasionaal van die TAT.

## 3.7 'N SAMEVATTENDE PERSOONLIKHEIDSBEELD VAN DIE JEUGOORTREDER

Waar daar nou aan die einde van die ondersoek gekom is, is veral een leemte opvallend: die persoonlikheidseienskappe, soos uitgelig deur die onderskeie meetinstrumente, is baie fragmentaries aangebied. Gevolglik sal daar vervolgens gepoog word om die verskillende „brokstukke" te integreer en te assimileer ten einde 'n samevattende beeld van die persoonlikheid van die jeugoortreder weer te gee.

Dit moet egter steeds in gedagte gehou word dat dié beeld saamgestel en gebaseer word op gemiddelde persentasies en tellings. Met ander woorde, die eienskappe wat vervolgens uiteengesit word, het betrekking op die groep in as geheel en sluit uit die aard van die saak nie die „uitsonderings" in nie. Ook wil ondersoeker, in die woorde van Conger en Miller (1966, p.218), waarsku teen moontlike ekstremistiese en simplistiese sienings van eienskappe wat deur die ondersoek belig is: „It would appear that if there is one most obvious lesson to be learned from the results of this and other studies, it is the futility of reductionistic 'explanations' of delinquency. Delinquency is not simply the result of socio-economic status, cultural deprivation, or social disorganization. Nor is it simply the result of particular personality characteristics or patterns of characteristics. Nor, indeed, of parent-child relationships or gang membership; although in particular instances it may be a function of any of these factors, singly and in interaction with one another".

Ten eerste blyk dit dat die gesinslewe van die jeugoor=treders ver van volmaak is. Volgens die Biografiese gegewens maak hul ouers hulle nie alleen veelal aan anti-sosiale gedrag skuldig nie, maar kom gesinsonvol=ledigheid (veral egskeiding), stiefverhoudings, buitens=huise beroepsarbeid van die moeder en gesinsmobiliteit relatief dikwels voor. Dat die negatiewe gevolge van dié eienskappe ver strek, word veral bewys deur die ouer-kindverhouding wat volgens die TAT by die jeugoortreder veel kommer wek. In dié verband is dit hoofsaaklik 'n swak verhouding tussen vader en seun wat op die voor=grond staan - 'n gevolgtrekking wat spruit uit die bevinding dat, hoewel sowel die verhouding tussen vader en seun as tussen moeder en seun swak was, die oortreders al=leenlik eersgenoemde verhouding as negatief erváár het. 'n Sodanige verhouding kan nie alleen lei tot identifise=ringsprobleme nie, maar ook tot die verwerping van die vaderlike gesag en in die proses van veralgemening en kondisionering ook ander outoriteitsfigure. In dieselfde verband blyk 'n ander interessante bevinding uit die projeksies (stories) van die oortreder: hy openbaar 'n redelik positiewe houding teenoor sy moeder, ongeag die feit dat sy aan min van die vereistes van die ideale moederbeeld beantwoord. Dié eienskap is klaarblyklik toe te skryf aan die simpatieke, beskermende en ver=draagsame houding van die man teenoor die vrou op wie hy nie graag sy aggressie wil ontlaai nie.

Ook wat sy intellektuele vermoë betref, skiet die jeug=oortreder te kort. Inderwaarheid word hierdie agterstand deur sowel die verbale subtoetse (klassifikasie van woord=

pare, verbale redenering en woordanalogieë) as die nie-verbale subtoetse (getalleryse, figuuranalogieë en patroonvoltooiing) van die NSAG uitgelig. Hierdie tekort kan maklik via gepaardgaande eienskappe soos 'n sterk vatbaarheid vir suggestie en verleiding, 'n onvermoë om te leer uit vorige ondervinding, 'n geringe oordeelsvermoë en 'n swak ontwikkelde gewetensfunksie in wangedrag resulteer. Dat hierdie intellektuele minderwaardigheid hom reeds op skool laat geld, blyk uit die biografiese gegewens: die oortreder beskik oor 'n betekenisvolle laer onderwyspeil, terwyl hy sowel meer druip as stokkiesdraai.

Belangrik is die eienskap dat die super-egosterkte van die jeugoortreder veel te wense oorlaat. Dié kenmerk word nie alleen pertinent deur die 16-PF belig nie, maar kan ook afgelei word uit en as 'n verklaring dien vir die jeugdige se anti-sosiale gedrag. 'n Swak super-egosterkte bring mee dat die super-ego nie altyd in staat is om die anti-sosiale aanslae van die id te inhibeer nie. In dié lig gesien is die jeugoortreder dus 'n egoïstiese wese wat maklik aan verleidelikhede sal toegee - alleenlik om sy eie behoeftes te bevredig en ongeag die gevolge wat dit vir ander inhou.

Hierbenewens beskik die jeugoortreder oor 'n gebrekkige selfbeheersing. Dié eienskap wat deur sowel die PHSF as 16-PF sterk op die voorgrond geplaas word, dui nie alleen op die afwesigheid van effektiewe psigiese remminge en kontrole wat noodsaaklik is vir die sosiaal-aanvaarbare kanalisering van sy emosies en drange nie, maar

ook op 'n lae frustrasie-toleransiedrempel.

Emosionele onstabiliteit is een van die uitstaande kenmerke van die jeugoortreder. Behalwe dat die eienskap sterk deur 'n spesifiek sodanige komponent van die 16-PF beklemtoon word, blyk dit ook duidelik uit ander veranderlikes soos Selfbeheer en Senuweeagtigheid (PHSF) en Emosionele Gevoeligheid en Gespannenheid (16-PF). Hierdie bevinding verklaar in 'n groot mate waarom hy hom so dikwels aan wangedrag skuldig maak: hy word op sleeptou geneem deur die opwelling van emosies wat sy nugter insig so verduister dat hy nie tussen reg en verkeerd kan onderskei of die gevolge van sy daad kan besef nie.

Aansluitend hierby blyk dit ook dat die jeugoortreder veel meer emosioneel gevoelig is as wat op die oog waarneembaar is. Inderwaarheid word dié eienskap sterk deur drie verskillende komponente van die 16-PF beklemtoon (Emosionele Gevoeligheid, Skuldgeneigdheid en Gespannenheid), terwyl dit ook deduktief te voorskyn kom in komponente van die PHSF (bv. Senuweeagtigheid). Sy algemene voorkoms van traak-my-nie-agtigheid en emosionele gevoelloosheid is met ander woorde alleenlik 'n dekmantel wat die ware toedrag van sake verberg. Agter dié dekmantel is hy liggeraak, onseker, afhanklik en op soek na aandag, affeksie en hulp. Hierdie verskuilde minderwaardigheid skep dan in vele gevalle 'n teëlaarde vir anti-sosiale gedrag aangesien hy deur middel van negatiewe kompensasie poog om sy wangedrag as 'n manmoedige daad voor te stel.

Uit begenoemde komponente van die PHSF en 16-PF blyk ook 'n verdere eienskap: 'n onderliggende angs- en spanningstoestand. Die onderliggende angs en spanning het dikwels impulsiewe optredes tot gevolg - optredes wat soms anti-sosiaal van aard is en wat dan gesien kan word as 'n onbewuste poging van die oortreder om die genoemde angs en spanning te verlig.

'n Insiggewende eienskap van die jeugoortreder wat deur die PHSF (Morele Inslag) uitgelig word, is dat hy tog besef dat sy gedrag in stryd is met die norme van die samelewing. Hy is met ander woorde wel in staat om tussen reg en verkeerd te onderskei. Die rede vir die kortsluiting tussen die besef en die handeling is hoofsaaklik daarin geleë dat die geïnternaliseerde skewe norme van sy negatiewe milieu sy gewetensfunksie belemmer; dat hy, soos reeds genoem, oor gebrekkige psigiese remminge en kontrole beskik; dat hy weens sy emosionele onrypheid eiebelang op die voorgrond stel en dat die druk van sy portuurgroep die jeugdige se insig verduister.

Die jeugoortreder blyk veral volgens die PHSF (Sosialiteit -G) ook afkerig te wees van sosiale groepsverkeer en neig inderwaarheid tot introversie. Hierdie eienskap spruit onder andere uit die diskriminasie deur ander jeugdiges op grond van sy (die jeugoortreder) negatiewe sosiale milieu en anti-sosiale houding. Wanneer dit egter by die pleeg van 'n misdaad kom, pleeg die jeugoortreder volgens die Biografiese gegewens in die reël sy daad in groepsverband - hoofsaaklik as gevolg van verhoogde

sekuriteit wat dit meebring.

Laastens openbaar die jeugoortreder gebrekkige formele verhoudinge teenoor gesagsfigure in die leersituasie - 'n eienskap wat prominent deur die PHSF (Formele Ver= houdinge) aangedui word en ook by die 16-PF (bv. Pligs= getrouheid) deurskemer. Dié eienskap moet gesien word in die lig daarvan dat dié gesagsfigure vir die oortreder 'n versinnebeelding is van outoriteit - iets waarin hy nie alleen 'n hekel het nie, maar ook as 'n bedreiging beskou.

Wanneer bogenoemde eienskappe van die Suid-Afrikaanse jeugdige oortreder opgeweeg word teen dié wat deur buite= landse navorsers aan die lig gebring is, blyk dit dat hy, ongeag kultuur- en ander verskille, tog wêreldwyd deur dieselfde bril beskou kan word. Die Suid-Afrikaanse jeugoortreder beskik met ander woorde oor geen vreemde of buitengewone eienskappe wat hom in 'n nuwe en ander kategorie as die buitelandse jeugoortreders plaas nie.

# HOOFSTUK IV

## SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk word gewy aan 'n kort samevatting van die ondersoek waarin die opset en veral die belangrikste bevindings en gevolgtrekkings aandag sal geniet.

### 4.1 Doelstelling

Die Suid-Afrikaanse gevangenis bevolking is na verhouding een van die grootste ter wêreld. Ten spyte van die algemeen aanvaarde feit dat die bestryding van jeugmisdaad die beste teenvoeter teen volwasse misdaad is, is daar hier te lande relatief weinig psigologiese navorsing oor die jeugmisdadiger gedoen. Hierdie ondersoek is dan uitgevoer in 'n poging om dié leemte aan te vul, want alleenlik deur kennis van die jeugmisdadiger as mens op te doen, kan dié sosiale euwel doeltreffend bestry word.

### 4.2 Literatuuroorsig

In hierdie afdeling is daar aan die hand van toepaslike literatuur op 'n krities-evaluerende wyse gelet op die belangrikste kriminogene faktore van jeugmisdaad.

Ten opsigte van bio-fisiese determinante is oorerwing, konstitusie, fisiese siektes en defekte, neurologiese en endokriene versteurings, asook chromosoomabnormaliteite onder die soeklig geplaas. Dit blyk dat, hoewel nie een van dié determinante sonder meer aan die etiologie van

jeugmisdaad gekoppel kan word nie, hulle wel in samehang met ander faktore in misdaad kan kulmineer.

